

**DIE BEGRIP KLANDISIEWAARDE EN SY  
WAARDEBEPALING**

*Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling  
van die vereistes vir die graad:*

**MAGISTER COMMERCII**

*in die*

*Fakulteit van Ekonomiese en  
Administratiewe Wetenskappe  
(Departement Rekeningkunde)*

*aan die*

**Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
Bloemfontein**

deur

**JOHANNES MATTHEUS STRAUSS**

**STUDIELEIER: Prof. Dr. W. A. JOUBERT**

**UOVS-SASOL-BIBLIOTEK 0190746**



11100764930222000010

1111  
1111  
1111

*T657.3 5A*  
**190746**

11  
11  
11  
11  
11  
11  
11  
11  
11  
11  
11  
11  
11  
11  
11

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTHEEK VERWYDERT WORD NIE

## INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK	Bladsy
1	INLEIDING ..... 4
1.1	Rekeningkunde ..... 4
1.2	Die ekonomie ..... 4
1.3	Individuele besit ..... 5
2	DIE BEGRIP <i>KLANDISIEWAARDE</i> ..... 7
2.1	Die vroegste sieninge ..... 7
2.2	Die beskouing dat klandisiewaarde 'n groep on- tasbare bates is ..... 7
2.3	Verwarring van die begrip met die formule .... 8
2.4	Klandisiewaarde is 'n <i>aandelewaardasie</i> ..... 8
2.5	Beskouing van die begrip <i>klandisiewaarde</i> deur die ander dissiplines ..... 9
2.6	Die saak as individualiteitstruktuur ..... 11
2.7	Gevolgtrekking in verband met die begrip <i>klan- disiewaarde</i> ..... 12
3	DIE WAARDEBEPALING VAN KLANDISIEWAARDE ..... 14
3.1	Inleiding ..... 14
3.2	Klandisiewaarde beskou as 'n enkele bate ..... 14
3.2.1	Die oorwinsmetode ..... 14
3.2.2	Die verdienstebasis ..... 16
3.3	Klandisiewaarde beskou as 'n groep bates ..... 16
3.3.1	Die <i>residuum concept</i> ..... 16
3.3.2	Die <i>aandelewaardasie-konsep</i> ..... 17
3.3.2.1	Inleiding ..... 17
3.3.2.2	Die totale waarde van die saak ..... 18
3.3.2.3	Bates verbind tot die voort - brenging van inkomste ..... 18
3.3.2.4	Samevatting van dié konsep ... 22
3.3.3	Die indekskonsep ..... 23
3.3.3.1	Inleiding ..... 23

3.3.3.2	Verwarring in die praktyk ....	25
3.3.3.3	Die doel van finansiële state	26
3.3.3.3.1	Inleiding .....	26
3.3.3.3.2	Riglyne .....	28
3.3.3.3.3	Die besluitnemer ..	30
3.3.3.3.4	Gevolgtrekking in verband met die doel van finansiële state	40
3.3.3.4	Gevolgtrekking in verband met die huidige beleid en gedagte- rigtings met betrekking tot klandisiewaarde .....	45
3.3.3.4.1	Inleiding .....	45
3.3.3.4.2	Die inkomstestaat ..	46
3.3.3.4.3	Die balansstaat ....	49
3.3.3.4.4	Heersende beskouinge in verband met klan- disiewaarde .....	51
3.3.3.5	'n Nuwe konsep .....	69
4	SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING .....	78
	VOETNOTAS .....	85
	AANGEHAALDE LITERATUUR .....	120

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 REKENINGKUNDE

Die rekeningkunde<sup>1</sup> streef daarna om die ekonomiese aspek<sup>2</sup> van die samelewing te verantwoord (in die sin van te vertaal<sup>3</sup>). Om te kan vertaal (sover moontlik in die getal<sup>4</sup>), moet die rekeningkundige insig hê in die struktuur van sy vakgebied en in die totaal-struktuur<sup>5</sup> van die kosmos<sup>6</sup>. Die betrokke rekeningkundige<sup>7</sup> is gevolglik genoop om verantwoording te doen van die grondslae van sy wetenskapsbeoefening<sup>8</sup>.

### 1.2 DIE EKONOMIE

Die ekonomiese aspek dui daarop dat alles wat nie vir elkeen in oorvloed beskikbaar is nie (ekonomiese) waarde het.<sup>6</sup> Die sin-kern van die ekonomiese modaliteit is, volgens Spier (62 bl. 43), besparing, volgens D.F.M. Strauss (63 bl. 83), ewewigtige besparing en volgens P. de B. Kock (39 bl. 103), waardeafwegende spaarsaamheid.

Goudzwaard (25 bl. 19) toon aan dat die inhoud wat aan ekonomiese konsepte soos sosiale regverdigheid gegee word, bepaal word deur die onderliggende mens- en wêreldbeskouing wat gehuldig word. Vir beleidsformulering in die ekonomie met betrekking tot die verdelingsvraagstuk is dié toedrag van sake van besondere belang.

Dieselfde geld, onses insiens, ten aansien van die standpunte in verband met die vermoë van die tegniek en die beperktheid van die ekonomiese hulpbronne.<sup>9</sup> Erkenning van elkeen van die aspekte-verskeidenheid dring hom nietemin na vore in elke mensehandeling. Sô mag erkenning van die ekonomiese aspek byvoorbeeld in gesinsbeplanning nie agterweë gelaat word nie.

### 1.3 INDIVIDUELE BESIT

Private besit is die stimulus van die kapitalistiese stelsel. Die toenemende skaarsheid aan natuurdinge het 'n gelyklopende toename in die sofistikasie van die plaasvervangende kultuurprodukte wat die produsent tot die beskikking van die verbruiker stel. Hierby moet gevoeg word die oorspronklike kultuuroopdrag aan die mens in die uitvoering waarvan die mens kultuurvormend oor alles heers<sup>10</sup>.

Hierdie omskeppingsproses geskied teen al hoër koste, skynbaar as gevolg van 'n drietal aanleidende oorsake, naamlik toenemende skaarsheid van bronne, toename in die wêreldbevolking en organisatoriese probleme.

Die kapitalistiese stelsel poog om hierdie probleme op te los deur ener syds monsterring van groter kapitaalbronne deur die aansporing van klein beleggers (die grootste deel van die verbruikers val in die groep) tot deelname in die finansiering van die produksie van goedere en dienste.

Dit geskied deur middel van pensioenfondse, groeifondse, deelnemingsverbande, spaarfondse, aandele, ensovoorts. Andersyds word goedere en dienste, wat andersins te duur sou wees vir aankoop en besit deur die individuele verbruiker, binne sy bereik gebring deur middel van bruikbesit soos huur, huurkoop, huurpag, terugverhuring, deur middel van finansieringsbystand en deur middel van gesamentlike besit soos deeltitels, aandele, ensovoorts.

Die kapitalistiese stelsel vertoon dus tans 'n ononderskeibare ineen-gevegtheid van die belange van produsente en verbruikers.

Weinwurm (76 bl. 32) toon aan dat die begrip *bate* ontstaan het uit die besit van tasbare bates, maar ontwikkel het om monetêre bates en uiteindelik ontasbare bates in te sluit. Hierdie laasgenoemde bates, naamlik ontasbare bates, beklee tans, as gevolg van die ontwikkeling hier-

o geskets, 'n belangrike plek onder die totale bates van elke saak.  
patente, handelsmerke, voordelige huurkontrakte en klandisiewaarde is  
enkele voorbeelde hiervan.

andhawing van die orde in die samelewing genoodsaak waardering van  
die bates en rekeningkundige verrekening van elkeen ooreenkomstig sy  
die aard<sup>11</sup>.

## HOOFSTUK 2

### DIE BEGRIP *KLANDISIEWAARDE*

#### 2.1 DIE VROEGSTE SIENINGE

Gedurende 1914 merk Leake<sup>12</sup> (44 bl. 1) op: "In its earliest and simplest form .... goodwill was the good reputation of the individual as an honest and efficient worker."

#### 2.2 DIE BESKOUING DAT KLANDISIEWAARDE 'N GROEP ONTASBARE BATES IS

Leake (44 bl. V) is duidelik bewus van die ontoereikendheid van die bostaande omskrywing reeds ten aansien van die stand van sake gedurende sy tyd wanneer hy verklaar: "In its true economic meaning the term 'commercial goodwill' covers a vast field of rights growing out of all kinds of past effort in seeking profits, increase of value, or other advantage which may be capable of future profitable development." Eiteman (19 bl. 159) stel die begrip breër om nie net regte in te sluit nie, maar alle ontasbare bate wanneer hy klandisiewaarde noem: "a group of intangible resources."

Om tot die ware aard van klandisiewaarde deur te dring, vra Gynther (27 bl. 247) die vraag: "Why does excess earning power on tangible assets exist?" Hy gaan voort: "Goodwill exists because assets are present, even though they are not listed with the tangible assets. For example, special skill and knowledge, high managerial ability, monopolistic situation, social and business connection, good name and reputation, favorable situation, excellent staff, trade names and established clientele are assets in this category. The sum of the value of these assets (commonly referred to as intangible assets) is the value of Goodwill." Hy sluit dus alle ontasbare bates by klandisiewaarde in, selfs die gunstige ligging van die

perseel. Laasgenoemde is, onses insiens, ongetwyfeld 'n deel van die waarde van die perseel. Die waarde daarvan behoort dus òf by die waarde van die perseel ingesluit te word, indien besit, òf by die waarde van die huurkontrak verreken te word.

### 2.3 VERWARRING VAN DIE BEGRIP MET DIE FORMULE

Die begrip *klandisiewaarde* is vir sommige sinoniem met die formule vir die berekening van die waarde daarvan. Lall (43 bl. 730) merk dit op: "Their definition as such confuse the formulae for valuing goodwill with the concept of goodwill itself just as we at times confuse the area with  $\pi r^2$ ." Die wanbegrippe wat noodwendig uit die handelswyse moet voortvloei, is vir Gynther (27 bl. 255) duidelik: "The measurement method has been rationalized into a concept, but a concept that is incorrect and misleading."

Enkele van die skuldiges in hierdie verband is:

1. Seidman (59 bl. 151): "What is purchased goodwill? Essentially, it is the premium payment for a business because of its rate of earnings."
2. Die Nasionale Raad (17 par. 23): "Die waarde van die klandisiewaarde ..... van 'n sakeonderneming ..... is bloot die verskil tussen die waarde ..... as 'n geheel ..... en 'n syfer verteenwoordigende die netto tasbare bates, en - om hierdie punt te beklemtoon - is klandisiewaarde niks meer as 'n woord wat gebruik word om hierdie verskil te beskryf nie."

Uit hierdie omskrywing is dit verder ook duidelik dat die Nasionale Raad alle ontasbare bates by klandisiewaarde insluit.

### 2.4 KLANDISIEWAARDE IS 'N AANDELEWAARDASIE

'n Studiegroep van die AICPA<sup>13</sup> kom in hulle verslag, ARS 10 (3 bl. 107),

tot die gevolgtrekking dat klandisiewaarde die spekulatiewe verwagtinge van die aandelemark verteenwoordig. Hierdie standpunt word ondersteun deur Spacek (61 bl. 156): "It is the stock valuation placed on the prospects of a business as a whole in excess of the fair value of its net separable resources and property rights." Hy gaan voort: "As a stock valuation it embraces the speculations, the depression, the optimism of the composite and individual investor viewpoints, plus the public state of mind, on every conceivable subject."

Hierdie is heeltemal 'n ander groep items as dié deur Gynther in 2.2 genoem. Dit staan dan ook nie te verbaas nie dat beide ARS 10 (3 bl. 115) en Spacek (61 bl. 157) die radikale standpunt inneem dat klandisiewaarde nie 'n bate van die saak is nie, maar wel van die individuele belegger self.

## 2.5 BESKOUING VAN DIE BEGRIP *KLANDISIEWAARDE* DEUR DIE ANDER DISSIPLINES

Lall (43 bl. 728 - 729) toon aan dat nòg die regspleging nòg die belastingowerhede se insigte in die onderwerp *klandisiewaarde* vir die rekeningkunde van besondere betekenis kan wees.

Enige definisie wat deur die howe gegee mag word, is, volgens hom (43 bl. 729), noodwendig "authoritative within its own limitations" en kan uiteraard nie omvattend wees nie, want "the courts of law simply decide the issues 'on the facts and in the circumstances' of each particular case".

Die belastingowerhede maak, volgens Lall (43 bl. 729), dieselfde fout as wat ons hier, in 2.3, bespreek het naamlik dat "this idea wrongly identifies goodwill with the value itself." Afgesien van hierdie begripdwalings, is die definisies van dié owerhede, volgens hom (43 bl. 729), nie ingestel op die berekening van klandisiewaarde nie, maar bloot op die toets van die akkuraatheid van die waarde daarvan "on (a) particular theoretical basis".

Lall bemerk (43 bl. 729) 'n, volgens hom, verdere dwaling deur die belastingsowerhede, naamlik dat "the taxing statutes in England as elsewhere make use of the open market concept as a basis of valuation ...". Die ope markkonsep is, syms insiens, nie alleen hipoteties nie, maar staan daarby bloot aan verskeie verdere punte van kritiek. Dit veronderstel byvoorbeeld deelname deur al die moontlike en gewillige kopers en verkopers, wáár hulle hul ook al mag bevind. Daarby aanvaar dit die ten volle ingeligtheid van elkeen van die betrokkenes omtrent die saak.

Die, onses insiens, belangrikste (indien nie die enigste geregverdigde) punt van kritiek teen die begripsformulering deur die belastingowerhede, deur Lall geopper (43 bl. 729), is dat hulle alle ontasbare bates by klandisiewaarde insluit. Patente en handelsmerke word dus ook ingesluit. Die Engelse owerhede definieer klandisiewaarde soos volg: "... the estimated price obtainable in the open market of a business in excess of the value of its tangible surplus assets". (43 bl. 729). Lall (43 bl. 729) se hoofbeswaar hierteen, anders as ons eie (later volledig bespreek), is dat "The whole idea seems to be founded on a basically wrong assumption that 'the inventory of the tangible assets is a fixed element in the total price .....'"'. Die totale prys waarteen 'n saak oorgeneem word, behels volgens Lall 'n kompromis beide met betrekking tot die tasbare en die ontasbare bates. Hierdie argument van Lall word deur homself weerlê wanneer hy noem dat "the value of a business as a whole is agreed upon without any prior attempts having been made to apportion the total value between the tangibles and the intangibles". Die tasbare bates is, onses insiens, 'n vaste deel van die totale waarde van die saak. Enige aanpassings in die totale waarde het betrekking op die individualiteitstruktuurwaarde. (Hieroor handel ons later breedvoerig.) Wat wel waar is, is dat die beginsels vir die waardering van die tasbare bates tans in die maalstroom verkeer.<sup>14</sup> In dié opsig is

daar dan wel 'n mate van speling in die waarde van die totale vaste bate. Dit is egter nie wat Lall in gedagte het nie. Hy gaan van die standpunt uit dat die onderhandelaars oor elkeen van die onderskeie totale van die tasbare en ontasbare bates individueel 'n kompromis aangaan. Hy het self aangetoon dat die praktyk hierdie stelling van hom weerlê.

Die totale waarde van 'n saak, daardie besondere individualiteitstruktuur, word deur vraag en aanbod bepaal. Die status van die saak sal die belangstelling, dus die mededingende mark, bepaal. Daar is, onses insiens, geen regverdiging om die konsep van markprys as 'n hipotese af te maak nie. Die mark vir sakeondernemings, naamlik die aandelebeurs, is 'n hoogsontwikkelde mark. Wanneer dit nie bewus is van 'n saak wat in die mark is nie, is dit nie te wyte aan 'n inherente "onvolmaaktheid" van die mark nie. Dit is bloot 'n geval dat sekere deelnemers aan die mark "besluit" het dat die saak nie die "moeite werd" is nie. Indien dit wel vir 'n besondere deelnemer die moeite werd sou wees, kán en sál hy, met die huidige kommunikasie-middele tot sy beskikking, op hoogte bly met elke verwikkeling in verband daarmee.

Dit is nietemin duidelik dat daar in hierdie werk op rekeningkundige terrein, nōg met die begrip *klandisiewaarde* soos deur die regspleging ontleed, nōg soos deur die belastingowerhede benader, volstaan kan word.

## 2.6 DIE SAAK AS INDIVIDUALITEITSTRUKTUUR

Klandisiewaarde verteenwoordig, volgens Piaker (52 bl. 841), een of ander belangrike, unieke voordeel of diens. Dit is, syns insiens (52 bl. 839), heeltemal denkbaar dat sekere ontasbare bates identifikasie en waardasie sal trotseer. Hy (52 bl. 841) noem dit die saak se momentum. Volgens hom is dit 'n bate soos alle ander waarvoor rasonale beleggers in 'n vrye ekonomiese gemeenskap bereid is om uitgawes aan te gaan.

Weinwurm (76 bl. 34) is van mening dat al sou dit moontlik wees om al die komponente van klandisiewaarde wat enigsins vasgestel kan word te isoleer, daar steeds 'n oorblywende bedrag sal wees: "... a residual amount which cannot be identified; similar to the random figure which remain when all the identifiable parts of a variance have been determined." Hierdie waarde moet, syns insiens, as *residual asset* aangetoon word om sodoende van die dubbelsinnige term *klandisiewaarde* ontslae te raak.

Dit skyn asof die twee skrywers, bewus of onbewus, erkenning gee aan die siening van die saak as 'n individualiteitstruktuur.<sup>15</sup> Hierdie siening behels, kortliks, dat daar van geen individualiteitstruktuur werklik 'n begrip gevorm kan word nie; daar kan hoogstens 'n idee van gekry word. (63 bl. 251.) Dit bring mee dat dit foutief sou wees om enigsins die standpunt te huldig dat die elemente van die saak bymekaar getel kan word of dat die saak, as totaliteit, hoegenaamd in bepaalde onderdele ontleed kan word. Die begrip *individualiteitstruktuur* ontken albei dié benaderings. Hierdie siening stem ooreen met dié van onder andere Spacek (61 bl. 156) wanneer hy die standpunt huldig dat selfs 'n nuwe saak oor klandisiewaarde beskik. Dit blyk selfs sterker uit sy volgende woorde (61 bl. 157):

"Regardless of how anyone may think goodwill should be valued, the fact is that goodwill is derived by making deductions for other assets from the market valuation of the overall business."

## 2.7 GEVOLGTREKKING IN VERBAND MET DIE BEGRIP *KLANDISIEWAARDE*

Dit is duidelik dat onder die begrip *klandisiewaarde* 'n groot verskeidenheid items van uiteenlopende aard ingesluit is. Paton (51 bl. 145) en Kripke (41 bl.141/2) is enkele van die skrywers wat die noodwendige dwalinge aantoon wat moet spruit uit die saamgroepering en daaropvolgende eenvormige behandeling van dié konglomoraat.

Dié diversiteit van items moet uiteraard eienaardig reageer vir enigiemand wat dit as 'n enkele waarde beskou. So maak Eiteman (19 bl. 159) melding van: " .... a group of intangible resources of the selling company that are of a rather elusive nature." En Spacek (61 bl. 156) verklaar: "Goodwill ..... can grow instantly or cease to exist instantly."

Dit lei tot die slotsom dat die begrip *klandisiewaarde*, in die rekeningkundige praktyk, nie 'n enkele, besondere bate nie, maar wel 'n groot verskeidenheid aandui, naamlik:

- (1) Foutiewe insluiting van waardes wat betrekking het op bepaalde tasbare en monetêre bates wat nie korrek gewaardeer is nie.
- (2) Bekende en minder bekende ontasbare bates wat reeds geïdentifiseer is, soos patente, handelsmerke, voordelige huur- en dienskontrakte en handelsname.
- (3) Daardie toenemend-gesofistikeerde ontasbare bates wat, in die ál meer gekompliseerde ekonomie, soms selfs onbewus, tot die beskikking van verbruikers gestel word. Daar sal altyd 'n aantal van hulle in die "werkskamer" wag op identifikasie.
- (4) Die spekulatiewe verwagtinge in die geld- en aandelemarkte.
- (5) Die individualiteitstruktuurwaarde van die saak. Dit is die verskil tussen die totaal van die tasbare bates plus (1) tot (4) en die totale waarde van die saak.

## HOOFSTUK 3

### DIE WAARDEBEPALING VAN KLANDISIEWAARDE

#### 3.1 INLEIDING

Van der Walt (72 bl. 2) noem dat daar twee alternatiewe moontlikhede vir die waardebeplanning van 'n sakeonderneming is, naamlik die batebenadering en die winsbenadering. Die batebenadering, toegelig deur Wright (78 bl.165), mag, volgens van der Walt (72 bl. 2), in die toekoms blyk die aangewese metode te wees. Carsberg (11 bl. 165 - 182) toon velerlei probleme aan in verband met geleentheidskoste, 'n begrip wat 'n sleutelrol vervul by die batebenadering. Van der Walt (72 bl. 3) is van mening dat, tot tyd en wyl dié probleme uitgestryk is, "... bly enige ander erkende tegniek van waardebeplanning ten aansien van bates self goed".

Die verskeidenheid begrippe wat in die praktyk aan die term *klandisiewaarde* geheg word, dui reeds op die groot aantal waardasie-moontlikhede wat te wagte kan wees.

#### 3.2 KLANDISIEWAARDE BESKOU AS 'N ENKELE BATE

##### 3.2.1 DIE OORWINSMETODE

Leake (44 bl. V) beskou klandisiewaarde, heeltemal korrek, as 'n groep ontasbare bates. Nogtans behandel hy die groep as 'n eenheid.

In 'n poging om die waarde van die saak te bepaal deur die onderskeie bates elkeen afsonderlik te waardeer, het Leake die oorwinsmetode geformuleer. Oorwins is deur Leake (44 bl. 18) soos volg omskryf: "... the term 'super-profit' meaning the amount by which revenue, increase of value, or other advantage received, exceeds any and all economic expenditure incidental to its production". Die term *economic expenditure* sluit in "... any and all current expenses, expired capital outlay on wasting assets

(depreciation) other than goodwill, personal remuneration sufficient to secure continued successful management (which may possibly need ability of a high order), and a rate of interest on capital invested which will attract and retain any necessary capital having regard to the degree of risk incidental to the character of the undertaking". (44 bl. 19 en 20.) Klandisiewaarde word hieruit deur Leake (44 bl. 25) bepaal deur die verwagte oorwins te neem as 'n verminderende annuïteit vir 'n beperkte aantal jare. Die huidige waarde van hierdie annuïteit, gebaseer op 'n redelike opbrengskoers, is die klandisiewaarde van die saak. (44 bl.24.)

Carsberg (10 bl. 13) noem, syns insiens, twee tekortkominge van dié metode, naamlik eerstens, dat Leake volmaakte mededinging aanvaar en nie die invloed van faktore soos handelsmerke, handelsname en grootskaalse optrede na volle waarde skat nie. Oorwinste sal dus, volgens Carsberg, nie tot dieselfde mate beperk word as wat Leake glo nie. Die tweede tekortkoming is die gebrek aan duidelike voorskrifte in verband met die toepaslike verdiskonteringskoers en die spesifieke aantal jare se wins wat gebruik moet word. Carsberg (10 bl. 14) beskou dit as 'n tekortkoming dat elke individuele waardasie bloot gebaseer word op die besondere heersende omstandighede.

Gynther (27 bl. 249) stel dat die voorstanders van die oorwinsmetode dit nie konsekwent toepas nie en dat daar veral geen poging aangewend word om die bekende bates korrek te waardeer nie.

Gilbert (23 bl. 193), daarenteen, baseer sy hele kritiek teen die "foutiewe" behandelings van klandisiewaarde deur as vertrekpunt te stel: "In this article we shall define goodwill as the amount paid for these expected excess earnings, and by this interpretation goodwill is equal to the present value of this stream of future 'super profits'".

Tot so onlangs as 1970 was die *Super Profits Method* vir die rekenmeesters-

professie in Suid-Afrika dié aanvaarde metode vir die berekening van klandisiewaarde. (68 bl.6) Sedertdien word voorkeur gegee aan die verdienstebasis, maar dit geniet nog steeds amptelike erkenning as een van die aanvaarde metodes. (17 bl.9)

### 3.2.2 DIE VERDIENSTEBASIS

Hierdie metode word, soos in die vorige paragraaf aangedui, sedert 1970 deur die rekenmeestersprofessie in Suid-Afrika as die aangewese metode beskou om 'n saak te waardeer.

Daarvolgens word klandisiewaarde soos volg bereken: "Nadat hy sy skatting van toekomstige winste gemaak en 'n mening gevorm het oor die verdienste-opbrengs wat by sy waardering pas, moet die waardeerder hierdie gevolgtrekking bloot omsit in 'n waarde vir die sakeonderneming." (17 par. 21)

"'n Gevolg van die redenasie in die voorafgaande paragraaf is dat die waarde wat vasgestel word deur die kapitalisasie van geskatte toekomstige winste, die waarde van enige 'klandisiewaarde' wat die sakeonderneming mag hê, insluit. Indien die bedrag van die gekapitaliseerde winste die tasbare bates min die laste oorskry, kan die oorskot as klandisiewaarde beskou word." (17 par. 23)

### 3.3 KLANDISIEWAARDE BESKOU AS 'N GROEP BATES

#### 3.3.1 DIE *RESIDUUM CONCEPT*

Gynther (27 bl. 248) verklaar dat indien die mens alwetend sou wees, dit moontlik sou wees om al die ontasbare bates op te noem en om elkeen se netto huidige waarde te bereken. Daar sou dus, en daarin is van der Walt (72 bl. 36) dit met hom eens, geen klandisiewaarde as sulks wees nie. Die mens is egter nie in staat tot 'n waardasie van die subjektiewe bates soos goeie naam en faam, uitstekende personeel en sosiale- en sakeverbintenisse

nie. (27 bl. 248.) Klandisiewaarde is, volgens hom (27 bl. 248), die verskil tussen (a) die totale netto huidige waarde van die saak as geheel en (b) die som van die netto huidige waardes van die afsonderlik waardeerbare bates.

Die onderskeid tussen hierdie *residuum concept* en die *super profits concept* word deur die volgende geïllustreer:

Waar 'n ontasbare bate, soos voortreflike personeel, alleen verantwoordelik mag wees vir 'n 10% opbrengs, word so 'n bate, onder die oorwinsmetode, nie geskep solank as wat die normale opbrengs op die betrokke vaste bates 10% beloop nie.

Gynther (27 bl. 250) gee nietemin toe dat "the holders of the *residuum concept* of Goodwill are forced, in practice, to use a form of the excess profits method to calculate Goodwill". Dit mag selfs gebeur dat "they could arrive at Goodwill figures identical to those calculated by persons with an *excess profits concept* of Goodwill". (27 bl. 250.)

Dit is duidelik dat daar geen verskil tussen die netto waardes, deur elk van die twee metodes onderskeidelik bereken, behoort te wees nie. Die strewe onder die *residuum concept* is om die totale bruto waarde te bereken van al die positiewe ontasbare bates waaroor die saak mag beskik.

Dit kom voor asof Gynther die moontlikheid van negatiewe ontasbare "bates" verontagsaam. Wanneer dit van die bruto positiewe waarde afgetrek word, behoort die saldo, in die teorie, presies gelyk te wees aan die waarde bereken ingevolge die oorwinsmetode.

### 3.3.2 DIE AANDELEWAARDASIE-KONSEP

#### 3.3.2.1 INLEIDING

Klandisiewaarde word in ARS 10 (3 bl. 107) omskryf as: "... the difference between the total value of an enterprise and the aggregate value of its

separable resources and property rights committed to the production of earnings, less liabilities". Hierdie is oënskynlik nie 'n nuwe formulering nie. By nadere ondersoek blyk egter dat aan beide die terme, *totale waarde* en *bates verbind tot die voortbrenging van inkomste*, onderskeidelik, heel besondere inhoud gegee word.

### 3.3.2.2 DIE TOTALE WAARDE VAN DIE SAAK

ARS 10 (3 bl. 75 en 76) beskou die redelike markwaarde van die aandele van die saak, soos vasgestel gedurende normale tye, as die aangewese totale waarde van die saak, aangesien dit spruit uit 'n konsensus tussen beleggers betreffende die toekomstige verdienvermoë van die saak.

Dit is wel so dat die aandelepryse tot 'n mate bepaal word deur die verdienvermoë van die saak, maar aandelepryse word, onses insiens, grootliks oorheers deur die verwagtinge met betrekking tot die aandele self. Laasgenoemde verwagtinge het dikwels geen verband hoegenaamd met die verdienvermoë van die saak nie, maar word, veel eerder, deur die verwagtinge met betrekking tot die nasionale en internasionale ekonomie bepaal.

Dit is in die teorie die markwaarde van die aandele op die dag waarop tot 'n finale ooreenkoms geraak is, wat as die waarde van die oorgeneemde saak gebruik moet word. Hierdie markwaarde mag egter om die een of ander rede abnormaal wees. ARS 10 (3 bl. 76) doen die volgende in so 'n geval aan die hand: "In ..... unusual circumstances, the fair value indicated by the subsequent events may have to be taken".

### 3.3.2.3 BATES VERBIND TOT DIE VOORTBRENGING VAN INKOMSTE

ARS 10 (3 bl. 33 - 34) noem vier bepalings wat, volgens hulle, in die praktyk geld ten aansien van bates in gebruik in die saak, naamlik:

- (1) Uitgawes word slegs vorentoe gedra en as bates getoon indien

daar redelike sekerheid betreffende die verwagte inkomstevoordele en toevallingsperiode bestaan.

- (2) Uitgawes vorentoe gedra op grond van die verwagte inkomstevoordele, is uitgawe aangegaan vir:
  - (a) Die aankoop en produksie van voorraad en dienste vir toekomstige aflewering.
  - (b) Die aankoop en oprigting van masjinerie, toerusting en geboue.
  - (c) "Other identifiable items related to specific property rights or contracts, such as patents, development costs of mines, prepaid insurance premiums, commissions or direct selling expenses applicable to sales orders yet to be fulfilled, and some research and development costs."
- (3) Uitgawes vorentoe gedra as bates is normaalweg ten aansien van besondere items wat, geskei van die saak as geheel, selfstandig oor inherente waarde beskik. Die behandeling van gekoopte klandisiewaarde is 'n belangrike uitsondering op dié reël. Uitgawes tot voordeel van die saak as geheel, naamlik intern-ontwikkelde klandisiewaarde, daarenteen, word, oor die algemeen, nie as bate vorentoe gedra nie.
- (4) Geen poging word normaalweg aangewend om alles wat in die toekoms van waarde vir die saak mag wees of wat inkomstevoordele mag hê, byvoorbeeld die intellektuele vermoëns en die fisiese gesondheid van bestuur en die doeltreffendheid van die organisasie, as bates vorentoe te dra nie. "Accounting cannot and does not measure those attributes." Dit beteken nie dat die rekeningkunde nalaat om belangrike inligting te gee nie. Die inligting word wêl voorsien: "... principally about earnings,

which attests to the existence and quality of the attributes".

Met hierdie gegewens tot sy beskikking kan die belegger die totale waarde van die saak bepaal.

Dit is duidelik dat ARS 10 se vertolking van die begrip *bate* nie suiwer is nie. Modaliteite<sup>1</sup> soos intellektuele vermoë (analitiese) en gesondheid (organiese) kan nie op sigself bates wees nie, die individualiteitsstruktuur<sup>15</sup>, naamlik die individuele mens en die bestuur van die saak waarvan dit bloot aspekte<sup>6</sup> is, kan wel. Die aangewese weg sou dus wees om te probeer vasstel of die bestuur, die individue in hulle totaliteit, vir die saak 'n surplus-waarde het, met ander woorde of daar 'n gunstige of ongunstige verskil bestaan tussen die inkomste en uitgawes wat direk op die betrokke individu betrekking het. Hierdie dwaling van ARS 10 in verband met die begrip *bate* blyk ook uit die volgende, beter, vertolking van Gynther (27 bl. 248): in beginsel is, volgens hom, die monetêre waarde van elke *bate* die netto huidige waarde van sy dienspotensiaal (of regte daartoe) en dit is "the sum of the future market price of all streams of services to be derived, discounted by probability and interest factors to their present worths". Met betrekking tot hierdie laaste aanhaling is dit belangrik om daarop te let dat " 'n saak met 'n winsmotief nie 'n ..... produksiemiddel kan of sal aanskaf teen die pariwaarde van die verdiskonterde voordele nie, maar wel teen 'n laer bedrag". (34 bl. 180) Hierdie verskil verskaf, volgens Joubert (34 bl. 180), die winsgrens. Paton (51 bl. 143) verklaar met betrekking tot bates: "An asset is an economic quantum". Bates is, syns insiens, nie inherent tasbaar of fisies nie. 'n Belangrike groep ontasbare bates staan, volgens hom, direk in verband met verkoopsbevordering. Hy meen dat uitgawes ten aansien daarvan verkeerdelik gedurende die periode waarin dit aangegaan word, afgeskryf word. Aansienlike bedrae daarby ingesluit is baie duidelik te assosieer.

met toekomstige verdienste.

Met betrekking tot (1), naamlik dat uitgawes slegs vorentoe gedra en as bate getoon word indien daar redelike sekerheid betreffende die verwagte inkomstevoordele en toevallingsperiode bestaan, is dit net so belangrik dat blote konserwatisme nie as voldoende regverdiging aanvaar word vir die weglating van 'n bate soos klandisiewaarde nie. (43 bl. 732.) Af-skrywing geskied immers op grond van die beperktheid van waardes en nie op grond van konserwatisme nie. (15 bl. 120.)

ARS 10 (3 bl. 35) lê die volgende riglyne en kriteria neer vir hulle "separable resources and property rights, including those intangible rights and resources which are identifiable and separable":

- (1) 'n Rekeningkundige gebruik het slegs bestaansreg in soverre dit 'n nuttige doel dien.
- (2) Vergelykbaarheid van die inligting in finansiële state is van deurslaggewende belang:

"Differences in reporting should reflect differences in facts ..... and circumstances and not differences resulting from alternative accounting practices".
- (3) Die inligting in finansiële state dien in die eerste plek toekomsbesluite.
- (4) Al die gegewens in die balansstaat behoort in terme van huidige waardes gestel te wees.
- (5) Die bepaling van die totale waarde van 'n saak is die funksie van die belegger en nie van die rekenmeester van die saak nie.
- (6) Die vorentoe dra van uitgawes behoort net gedoen te word ten opsigte van daardie items wat:
  - (a) 'n redelike duidelike voordeelperiode het en
  - (b) inherente waarde het.

Uit hierdie samevatting spruit, na hulle mening (3 bl. 36) dat "a balance sheet does not necessarily include all costs incurred to earn future income".

Hierdie argumente, wat spesiaal opgebou is om klandisiewaarde se verwydering van die balansstaat te regverdig, word deur Joubert (34 bl. 146) soos volg weerlê: "Die feit dat hierdie bates nie afsonderlik realiseerbaar is nie, beteken nie dat hulle nie belangrik is in die afbakening van die finansiële aksies waartoe die onderneming in staat is nie. Juis die omgekeerde is waar - en ... se teorie ignoreer dit deur hierdie bates as bates uit te sluit".

Piaker (52 bl. 838) het die volgende beswaar teen die standpunt van ARS 10: "If, by investors, the authors have in mind only the sophisticated investment analyst and advisor, then there may be some basis for their position that 'investor decisions (volgens ARS 10 verteenwoordig klandisiewaarde dié 'investor decisions') about values should not influence the information which accounting generates ....".

#### 3.3.2.4 SAMEVATTING VAN DIÉ KONSEP

Die bedrag waarmee die prys betaal vir die saak as geheel (sien 3.3.2.2) die totale waarde van die bates verbind tot die voortbrenging van inkomste (sien 3.3.2.3) min laste oorgeneem, oorskry, verteenwoordig, volgens ARS 10 (3 bl. 77), die klandisiewaarde van die saak.

Aangesien dit 'n *aandele-waardasie* is, verteenwoordig klandisiewaarde, soos hierbo gedefinieer, al die spekulasie, pessimisme en optimisme van die beleggers. Elke denkbare aangeleentheid, van bevolkingsontploffings tot terrorisme beïnvloed die individuele belegger en die beleggerskorps as 'n groep. (61 bl. 156.) Sô gesien, is klandisiewaarde nie 'n waarde wat verbruik word in die winsverdieningsproses nie. "It doesn't wear out;

it can grow instantly or cease to exist instantly - sometimes in the opposite direction from present profits." (61 bl. 156) Die waarde daarvan is dus nie die resultaat van uitgawes aangegaan nie. Dit is 'n bedrag deur beleggers bepaal. Dié waarde word verhoog deur 'n styging in die markpryse van aandele en afgedwing deur 'n daling in pryse.

Klandisiewaarde, hiervolgens, is die resultaat van pryse, gevolglik neem die waarde toe indien die vooruitsigte in algemene welvaart, internasionale toestande en produktiwiteit verbeter. Dit daal wanneer oorlogsgerugte, stakings en ontevredenheid die rondte doen. "Goodwill is so much the result of all these values that it is in fact these values." (61 bl. 157.)

Volgens hierdie metode word ook 'n groep ontasbare bates gewaardeer. Dit is egter 'n ander groep ontasbare bates as daardie wat ingevolge die *residuum concept* (in 3.3.1) gewaardeer word.

### 3.3.3 DIE INDEKSKONSEP

#### 3.3.3.1 INLEIDING

Die dringendheid daarvan dat daar 'n oplossing vir die klandisiewaarde-dilemma gevind moet word, is weer so onlangs as September 1975 beklemtoon en wel in die veelbesproke en aktuele Sandilands-verslag in dié woorde: "A company's assets may consist to a considerable extent of 'intangibles', such as patents, technical know-how, professional or business reputation and many other factors. The valuation of such assets is notoriously difficult. In theory, however, a valuation of a company's net assets should take intangibles into account". (56 bl. 27.)

Die absoluut teenoorgestelde standpunte van die twee opeenvolgende publikasies van die AICPA, naamlik ARS 10 (1968) en APB Opinion 17 (1970) wat spesifiek op klandisiewaarde betrekking het, toon dat ook die Verenigde State van Amerika nog geen finale oplossing vir die probleem het nie.

Die huidige stand van die verskillende sienings oor klandisiewaarde is soos volg:

- (1) Volgens ARS 10 (3 bl. 106) is klandisiewaarde nie 'n bate van die saak nie, maar van die individuele beleggers. Dit moet dus onmiddellik by aankoop uit die finansiële state verwyder word.
- (2) Die standpunt in die APB Opinion 17 (2 bl. 9) is dat gekoopte klandisiewaarde as 'n bate getoon moet word. Uitgawes aangegaan om klandisiewaarde, wat nie spesifiek geïdentifiseer kan word nie, te skep, moet as koste van die betrokke periode afgeskryf word. Die koopsom van klandisiewaarde moet stelselmatig afgeskryf word oor die beraamde voordeelperiode met 'n maksimum van 40 jaar.
- (3) Eiteman (19 bl. 161) en andere (sien later) huldig die standpunt dat klandisiewaarde 'n permanente bate is wat voortdurend hernu word.
- (4) In plaas van klandisiewaarde as 'n eenheid te behandel, stel Weinwurm (76 bl. 34) voor dat die verskillende komponente daarvan geïdentifiseer word en ten aansien van elkeen 'n eie besondere afskrywingsbeleid gevolg word.

Hierdie botsende teoretiese standpunte vind ook neerslag in die praktyk. Dit is duidelik dat die verwarring te wyte is aan 'n gebrek aan 'n grondliggende eenstemmigheid betreffende die aard en funksie van finansiële state enersyds en, andersyds, die aard en doel van die saak en die sake-aktiwiteite self. 'n Verskil in lewens- en wêreldbeskouing tussen individue en groepe op alle terreine van die sakewêreld is immers 'n realiteit waarvoor die rekeningkunde voorsiening moet maak.

### 3.3.3.2 VERWARRING IN DIE PRAKTYK

Gilbert (23 bl. 194) verwys na 'n opname wat gedurende 1964 in Kanada gemaak is. Daarvolgens blyk dit dat van die 49 maatskappye wat surplusse spruitende uit konsolidasie op hulle balansstate toon, slegs 8 aandui dat hulle dit delg. Vyf delg dit teen opgehoopte winste en drie teen inkomste. Hieruit lei hy af dat die meeste Kanadese firmas met gekoopte klandisiewaarde die bate eenvoudig ongedelg laat. Gilbert voer vier moontlike verklarings daarvoor aan, naamlik:

- (1) Hulle is eerlik oortuig dat die gekoopte klandisiewaarde nie opgebruik word nie.
- (2) Hulle wil nie graag die gerapporteerde winste met die delging verminder nie, selfs as sou klandisiewaarde mettertyd tot niet gaan.
- (3) Daar is geen CICA (The Canadian Institute of Chartered Accountants)-riglyne nie en alle berekenings is subjektief.
- (4) Daar kan altyd na talle ander firmas verwys word wat presies dieselfde doen en daarmee volstaan dat dit algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk in Kanada is.

Die *Financial Mail* publiseer sedert 1967 jaarliks 'n oorsig van die grootste genoteerde maatskappye in die nywerheidsafdeling van die Johannesburgse Effektebeurs. Die volgende nota deur hulle (21 bl. 21) gegee ter verduideliking van die tabelle wat in die spesiale oorsig verskyn, is sprekend van die klandisiewaarde-dilemma: "The main criterion for ranking is total assets at balance sheet values. And, in order to bring all as far as possible onto a common basis, we have deducted intangibles such as goodwill, trade marks and patents." Indien die uitskakeling nie plaasgevind het nie, sou die orde van die maatskappye ongetwyfeld anders daar uitgesien het. Die totale klandisiewaarde van die bovermelde 100 top-maatskappye beloop vir

daardie jaar ongeveer R72 miljoen, synde 6% van die totale netto bates. Klandisiewaarde in die inkomstestate afgeskryf was ongeveer R9,5 miljoen, synde 0,7% van die totale netto wins ná belasting. Uit die 100 maatskappye is klandisiewaarde, in die een of ander vorm, by 61 geopenbaar. 'n Uiteenlopende verskeidenheid van behandelings is in beide die inkomstestaat en balansstaat aangetref.<sup>16</sup>

Wixley (77 bl. 303) wys daarop dat in die jongste state van beide Barlow Rand Beperk (30 September 1973) en Plate Glass and Shutterprufe Industries Beperk (Maart 1974) klandisiewaarde teen aandelepremie afgeskryf is, nie-teenstaande die feit dat dit in nie een van die gevalle dienooreenkomstig in die onderskeie beheermaatskappye se balansstate gedoen is nie. Afgesien daarvan dat klandisiewaarde teen aandelepremie afgeskryf word, is die optrede ook nie in ooreenstemming met paragraaf 50 van die Vierde Bylae van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet (1973), wat bepaal dat die gekonsolideerde state die inligting in die state van die beheermaatskappy en dié van sy filiale moet kombineer nie. Hy vind dit verder opvallend dat in die bovermelde gevalle klandisiewaarde nie op die gekonsolideerde balansstaat self verskyn nie, maar slegs in die notas. Dieselfde geld ten aansien van die aandelepremie. "Thus goodwill is neither written off nor is it shown as an asset and the reader is left to make his own interpretation." (77 bl. 303.)

Schiff (58 bl. 387) verklaar: " .. one cannot escape the conclusion that annual reports reflect the results of business decisions as well as the results of choice of accounting methods."

### 3.3.3.3 DIE DOEL VAN FINANSIËLE STATE

#### 3.3.3.3.1 INLEIDING

Spacek (61 bl. 155) wys die verwarring in verband met klandisiewaarde wat

daar, soos hierbo aangetoon, in beide teorie en praktyk bestaan, aan:

- (a) "a failure to define clearly the objectives of financial statements and
- (b) an apparent reluctance to examine critically the nature of the values to be accounted for in business enterprises".

Morland (50 bl. 344) vul hierby aan: "We have a great problem in accounting for goodwill, and it is much bound up with other accountancy issues - particularly of the conceptual nature of accounts, accounting for inflation, and fair value accounting".

Die primêre doel van finansiële state is, volgens ARS 10 (3 bl. 23), om inligting te voorsien aan:

- (a) beleggers, vir besluitneming oor die koop, hou en verkoop van sakebelange,
- (b) krediteure, vir besluitneming oor verdere kredietverlening en
- (c) ander, vir toepaslike doeleindes.

Besluitneming behels die maak van keuses. Die inligting in finansiële state het dus slegs waarde in soverre dit as basis dien vir vergelyking.

ARS 10 se opsomming van die doel van finansiële state is in ooreenstemming met die amptelike standpunt van die professie in die Verenigde State van Amerika, naamlik dat dit die hoofdoel is om inligting te voorsien vir ekonomiese besluite (4 bl. 61).

Daar kan, volgens Arthur Andersen and Company (6 bl. 117), onderskei word tussen die aktiwiteite van die saak en dié van die belegger. Die inligting wat finansiële state behoort te voorsien, word daarom beperk tot die ekonomiese hulpbronne van die saak en nie uitgebrei na die huidige waarde van die ondernemersbelang nie. Dit is, na hulle mening, die taak van die belegger om die saak as geheel te waardeer en nie die taak van die rekenmeester van die saak nie. Hierteenoor stel die AICPA (4 bl. 26) juis dat

die finansiële state van die saak al die inligting, beide werklike en potensiele sowel as ten aansien van die verlede, die hede en die toekoms moet voorsien. Dit is duidelik dat Arthur Andersen and Company die meeste van die faktore wat die klandisiewaarde van 'n saak uitmaak nie by die state wil insluit nie, terwyl die AICPA dit juis propageer.

Ook McLean (49 bl. 83) beskou klandisiewaarde as 'n bate van die belegger en nie van die saak nie. Daarom kan hy verklaar (49 bl. 50): "The shareholder's information would not be more useful as a result of valuing the firm as an economic entity".

Volgens ARS 10 (3 bl. 27) verwar rekeningkundiges skynbaar die gegewens wat besluitnemers benodig vir hulle beoordelingsproses met die resultate van die beoordelingsproses. Dit moet noodwendig "affect or influence the tools used for the value decision". ARS 10 huldig klaarblyklik die mening dat rekenmeesters, sodoende, buite die grense van hulle funksie beweeg.

Definiëring van die doel van finansiële state, soos geformuleer deur onder andere ARS 10 en die AICPA, bied dus nog steeds geen klaarheid oor die inligting wat in finansiële state verlang word nie.

#### 3.3.3.3.2 RIGLYNE

'n Poging om hierdie probleem te oorkom, is die daarstelling van rekeningkundige riglyne en standaarde. Definiëring was, volgens ARS 10 (3 bl. 29), ook elders in die rekeningkunde onsuksesvol. Al die pogings om byvoorbeeld verdienste en "values of resources" te definieer, ten spyt, beteken dit steeds verskillende dinge vir verskillende mense.

In die rekeningkunde is die beginsel van "algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk" skering en inslag vir alle riglyne en standaarde.

Wixley (77 bl. 303) wys daarop dat die term *algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk* in Suid-Afrika deur Artikel 286(3) van die Maatskappywet

sedert 1973 met nuwe waarde beklee is. Streng gesproke kwalifiseer, sins insiens, slegs daardie praktyke wat in die standpunte van die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke gepubliseer is, hiervoor. Hy is egter van mening dat dit moontlik ook mag geld vir gebruike waaroor daar, hoewel dit nog nie in 'n Standpunt opgeneem is nie, binne die professie algemene eenstemmigheid bestaan.

Die beginsel van *algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk* word, volgens Morland (50 bl. 342), gerugsteun deur "a veritable jungle of codified law". Nogtans, noem hy (50 bl. 343), is dit vir hom moontlik om ten aansien van klandisiewaarde te verklaar: "the method of accounting for a business transaction is affecting whether or not the transaction will take place".

Hawkins (29 bl. 344) verwys na die toedeling van die verskillende produksiefaktore in die ekonomie via die markmeganisme. Die doeltreffendheid van die markmeganisme berus tot 'n groot mate op die betroubaarheid van die finansiële state van die verskillende sake. Hawkins benadruk dat, indien die speling in algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk so groot is dat dit toelaat vir doelbewuste manipulasie, dit kan lei tot ontwrigting van die toedelingsproses. So dien die poel-van-belange-metode van samesmelting, sins insiens, byvoorbeeld as aansporing tot oornames: bates word teen boekwaarde ingebring, spoedig te gelde gemaak en die hoë winste as inkomste aan die aandeelhouers voorgehou. (29 bl. 349.)

Crowningshield en Gorman (14 bl. 6) is skynbaar ietwat sinies en baie duidelik nie gelukkig met die toedrag van sake met betrekking tot eksterne state nie: "Since they will be used by outsiders, data for external reporting must be made to conform to the so-called 'generally accepted accounting principles' so that they will be acceptable to the auditor who will be asked to certify to their 'fairness'". Hulle is ongetwyfeld oortuig van die groter doeltreffendheid van interne state ten spyte van die feit

dat dit nie aan dieselfde gestrengte reëls onderworpe is nie: "Information for internal consumption may be compiled without outside interference and need not conform to any rigid set of rules". En verder, op dieselfde blad-sy: "The data need not be objective, nor conservative, nor verifiable. They can be facts, estimates, approximations, or projections. In short, data for management accounting need pass only one simple test. Do they serve the purpose for which they were intended?"

Om bloot verdere riglyne te trek, bied klaarblyklik nie 'n voldoende oplossing vir die klandisiewaardevraagstuk nie.

### 3.3.3.3.3 DIE BESLUITNEMER

#### 1. INLEIDING

Die AICPA (4 bl. 18) verklaar dat: "Although economic decisions are made by many kinds of individuals and organizations, each decision is directed toward a goal". Kennis van dié doel is vir die rekeningkunde 'n aktuele saak. Die American Accounting Association (1 bl. 36) se gevolgtrekking hieroor is egter dat: "No one really knows what individuals or any organization wants, or what they should want, and there is a need for some fundamental research on this question". Bevis (7 bl. 117) verklaar oor oornames en samesmeltings, met spesifieke verwysing na klandisiewaarde: "Not enough attention is paid to the fundamental values and reasons underlying the transaction".

Vir Brunns (9 bl. 248) strek die vrae oor die besluitnemer en sy doelwitte tot by die produksieproses: "If a decision-maker can affect the accounting system as well as the activities of the firm, and if he conceives accounting information as a goal, accounting information will affect decisions about either or both the accounting system and operations".

Schiff (58 bl. 384) noem dat die keuse tussen alternatiewe rekeningkundige

metodes (binne die speling wat die riglyne en standarde toelaat) bestuur in 'n gunstige posisie plaas indien daar in 'n saak met verspreide aandeel-houding 'n botsing tussen hulle en die eienaars se verteenwoordigers sou ontstaan. Die taktiese benutting van alternatiewe metodes kan selfs, volgens hom, gebruik word om aandeelhouers onder die waan te hou dat dit met die saak voorspoedig daaraan toegaan, terwyl dit in der waarheid noustrop trek.

Sorter (60 bl. 277) se verklaring het direk op dié toedrag van sake betrekking: "We will attempt to determine the consequences of conflicts between individual personality traits of major executives and the firm's personality".

Die poging wat ons hier aanwend om insig in die klandisiewaarde-fenomeen te kry, behels onteenseglik ook 'n prinsipiële beskouing van die mens. Alvorens 'n aanvang daarmee geneem kan word, is dit nodig om eers na twee botsende konsepte van die sakeonderneming te kyk.

## 2. TWEE BOTSSENDE KONSEPTE VAN DIE SAKEONDERNEMING

### 2.1 INLEIDING

Die radikaal botsende standpunte met betrekking tot die insluiting van klandisiewaarde by die bates van die saak of by die bates van die individuele belegger wat hierbo in 3.3.3.3.1 bespreek is, het blykbaar hulle oorsprong in die twee onversoenbare basiese konsepte van die saak naamlik die eienaarskonsep en die entiteitskonsep.

### 2.2 DIE EIENAARSKONSEP

Die voorstanders van hierdie konsep beskou die bates en die laste, die inkomste en die uitgawe as dié van die eienaars. (26 bl. 354) Die hele saak en sy doel wentel om die eienaars: "to make as much money for the

stockholders as possible" (22 bl. 133). Wanneer onder andere Spacek (61 bl. 155) verklaar dat die finansiële state primêr die belegger en die krediteur dien, dat dit in hulle behoeftes aan inligting is waarin die state moet voorsien, dan klassifiseer hy hom as voorstander van dié konsep van die saak.

### 2.3 DIE ENTITEITSKONSEP

Die bestuur van 'n saak beskou dikwels die aandeelhouers as buitestaanders en die dividende as koste. Onder die entiteitskonsep word alle langtermynverpligtinge, insluitende die gewone- en voorkeur-aandelekapitaal beskou as verpligtinge van die saak. (26 bl. 355.)

Gynther (26 bl. 359) toon aan dat die *Social Responsibilities Concept* net 'n verlengstuk van dié konsep is. Nóg die Fondsteorie van Vatter nóg die Bevelvoerderteorie van Goldberg slaag, volgens Gynther (26 bl. 366 - 370), daarin om die entiteits- en eienaarskonsepte te versoen.

### 2.4 IMPLIKASIES VAN DIE BOTSING

Uit die entiteitsoogpunt verteenwoordig die bates "the rights of the firm to receive specific goods and services or other benefits." (31 bl. 396.) Voorstanders van die konsep sal dus die huidige markwaarde gebruik om vaste bates en voorraad te waardeer "or specific indexes in their absence". (26 bl. 367.) Gynther vervolg: "The person with the entity viewpoint will see the total movement in the current market value of operating assets as being one of a capital nature. That is, it does not result in any increase or decrease in the physical assets (or in operating capacity) which comprises its capital".

Hierteenoor sal die voorstanders van die eienaarskonsep dit as 'n wins of verlies beskou indien die bestaande herwaardasieverskil meer of minder be-

loop as die verskil spruitende uit 'n aansuiwering van die aandeelhoudersbelang met die algemene prysindeks. Daar is selfs sommige voorstanders van hierdie laasgenoemde konsep wat vaste bates en voorraad aan die hand van die algemene prysindeks herwaardeer (26 bl. 368).

Die waardevermindering, koste van verkope en dus die winssyfers bereken ingevolge die eienaarskonsep, moet dus noodwendig verskil van dié bereken ingevolge die entiteitskonsep. Daar is nog meer verskille: "The author has noticed other problem items (e.g. in the areas of goodwill and selecting interest rates for discounting purposes)". (26 bl. 369.)

Hierdie twee konsepte stem ooreen met die substansialistiese (entiteit-) siening en die nominalistiese (eenaar-) siening. Lombard en Stadler (45 bl. 95) beskou die twee konsepte as twee sakemotiewe: "Die patroon van sakemotiewe kan saamgevat word in twee aktiewe strewes, naamlik die winsmotief en magmotief (ook bekend as rentabiliteit en kapasiteit onderskeidelik) ..... Die sake-onderneming sal normaalweg aktief probeer om sy wins en mag uit te brei binne die grense van solvabiliteit en likwiditeit."

## 2.5 KEUSE TUSSEN DIE TWEE KONSEPTE

Gynther (26 bl. 371) noem agt redes waarom hy die entiteitskonsep verkies. Sy beweegredes bied belangrike perspektiewe op die klandisiewaardevraagstuk.

- (1) Die belange van die verskeidenheid betrokkenes by die saak hang ten nouste saam met die resultate van die saak (die entiteit) en sy voortbestaan. Die klem moet dus op die entiteit self val en nie op een van die belanghebbendes nie.
- (2) In die rekeningkunde wentel dit om die waarheid betreffende die besondere sosiale eenheid waarop die state of verslae betrekking

het.

- (3) Die entiteit se aktiwiteite moet, in sy eie rekeningkundige rekords, nie uit die oogpunt van die aandeelhouders beskou word nie, maar wel soos gesien deur diegene wat die nouste gemoeid is met die voortbestaan van die saak.
- (4) Die regte plek vir die aantekening van sý belang is in die aandeelhouer se eie boeke. "He is a separate entity and his records should include his various business investments along with his other assets and liabilities."
- (5) Rekeningkundige data vorm die basis vir die optimale toedeling van die hulpbronne in 'n privaat-inisiatief ekonomie. Die data kan net betroubaar wees indien dit gegee word in die waardes en koste van die entiteit self en nie dié van die aandeelhouders nie.
- (6) Die aandeelhouders sal self baat by state wat die entiteitskonsepwaardes weergee. Dit sal verhoed dat winste en verliese van die aandeelhouders self in die state opgeneem word. Uitkering van sulke winste spruitende uit byvoorbeeld die gebruikmaking van langtermyn buitekapitaal sal 'n nadelige uitwerking hê op die kapasiteit en die voortbestaan van die saak - tot hulle eie nadeel.
- (7) "The entity concept can form the base for a general theory of accounting that applies to all forms of organizations in all kinds of economic and political systems."
- (8) Die eienaarskonsep is 'n oorblyfsel uit die "era of entrepreneurial ideology" toe daar nie streng onderskei is tussen die saak en die persoonlike belange van die entrepreneur nie. Gynther verwag "a gradual change of beliefs and viewpoints within our culture as enterprise becomes more and more institu-

tionalized, and I think that this, in time, will result in even the small sole proprietor's seeing a clear distinction between his private and business interests".

Anton Rupert se keuse van konsep blyk duidelik uit die volgende: "n Baie belangrike element van koste wat meestal nie in aanmerking geneem word nie, is die koste van die aandeelhoudersbelang of risikokapitaal. Indien die koste daarvan in berekening gebring word, net soos dié van enige ander produksiefaktor, sou die verklaarde winste van maatskappye aansienlik laer gewees het en selfs in baie gevalle in verlies verander het." (54 bl. 8.)

In hulle besprekingsverhandeling oor inflasie handhaaf die Nasionale Raad (16 par. 6.1) die beginsels van die entiteitskonsep: "Indien nie-monetêre bates 'gewaardeer' word ..... en die huidige waarde is hoër (as die kosprys aangesuiwer met die verbruikersprysindeks) .... sal dit 'n krediet na 'n nie-verdeelbare herwaardasiereserwe tot gevolg hê."

Gynther (27 bl. 253) gee erkenning daaraan dat daar in die praktyk verskillende konsepte gehandhaaf sal word wanneer hy verklaar: Die Winssyfer in die kapitaliseringsproses gebruik, behoort vasgestel te word in ooreenstemming met die kapitaalinstandhoudingskonsep vooraf aanvaar.

Joubert (34 bl. 398) huldig die volgende vertolking: "Die bestuur het immers 'n dubbele verpligting, naamlik om beide die geld- en fisiese kapitaal in stand te hou."

Uit die bostaande blyk dit hoe belangrik dit is dat die klandisiewaarde van 'n saak substansialisties (teenoor bloot nominalisties) gewaardeer moet word.

### 3. DIE BEVELVOERDER-TEORIE

Goldberg (24 bl. 162), die skepper van die bevelvoerder-teorie, verklaar: "Neither the entity nor the proprietary theory ..... is wholly satisfactory

in explaining the point of view from which accounting procedures .... are carried out. Each is based, fundamentally, on the notion of ownership; ownership, however, is a nebulous concept and is extremely difficult to define and analyze in any way suitable for use as a basic accounting notion."

Dit sentreer, onses insiens, vir Goldberg hier om 'n lewensopvatting. Hy soek na 'n algemeen geldende opvatting waarvolgens hy die mens se optrede kan tipeer. Hy wil, onses insiens, weet of die mens inherent sleg, goed of neutraal gaan optree in daardie talle situasies, op alle vlakke van die ekonomie, waar die keuse aan hom as individu oorgelaat word.

Wanneer Spacek (61 bl. 155) melding maak van "an apparent reluctance to examine critically the nature of the values to be accounted for in business enterprises", en "an area dominated by a dogma that is contrary to reality and forthright communications", dan bedoel hy daarmee nog nie dieselfde as wat hier vir Goldberg aktueel is nie. Hulle verkeer op verskillende vlakke.

Uitsluitel, in die rekeningkunde, oor die onderwerp *lewens- en wêreldbeskouing* sal ongetwyfeld 'n radikale invloed uitoefen op die hele rekeningkundige struktuur. Die wêreld-ekonomie se wankelinge moet inderdaad gewyt word aan 'n gebrekkige en valse mens- en lewensbeskouing.

Die onderwerp van klandisiewaarde hang ten nouste hiermee saam. Klandisiewaarde bestaan, vir die grootste deel, uit subjektiewe waardes. Dit is waardes wat op persoonlike oordeel gebaseer word. Die betrokke individuele lewensbenadering moet dit dus noodwendig beïnvloed. 'n Waarde gebaseer op oordeel is daarby uiteraard uitermate blootgestel aan die wetmatige verloop van die toekoms. Kan die toekomstige verloop van dinge hoegenaamd met enige mate van sekerheid aanvaar word?

#### 4. DIE WYSBEGEERTE

Die vakwetenskap word hier gedwing om hom na die totaliteitswetenskap, wysbegeerte, te wend vir moontlike oplossings. Dooyeweerd (18 bl. 69 en 70) stel dit s6: "The latter (the various special sciences) ever remain dependant on philosophy in their conception of reality, and in their method of forming concepts and problems."

In ooreenstemming met die staatswetenskaplike, Van der Watt (73 bl. 51), word die volgende ten aansien van die rekeningkunde gestel: Die rekeningkunde is van veel meer afhanklik as 'n blote kennis van die saak as menslike lewensvorm. 'n Paar eerste vrae moet vooraf beantwoord word, naamlik: Wat is ons visie van die tydelike werklikheid? Wat is die oorsprong van alle dinge? Wat is die struktuur van die tydelike werklikheid? Wat is die verhouding en samehang tussen die skepseldinge onderling? Wat is die oorsprong van die sake-onderneming? Watter plek het die sake-onderneming in die werklikheidsgeheel? Hoe en waar word die sake-onderneming se gebied afgebaken? Hierdie vrae en veel meer moet eers vooraf gestel word voordat die rekeningkunde kan deurdring tot die eie-aard van die sake-onderneming en wat dit behels.

"Hierdie fundamentele voorvrae lê vervleg in wat bekend staan as religieuse grondmotief en wysgerige grondidee." (73 bl. 51.) Van der Watt vervolg op dieselfde bladsy: "Elke religieuse grondmotief baken die weg vir sy eie wysgerige grondidee af." Hierdie grondidee lei tot en beheers 'n besondere siening van die sake-onderneming. Om die sake-onderneming te begryp, moet ook aan die mens aandag geskenk word.

Spacek (61 bl. 155) is heeltemal korrek wanneer hy verklaar: "Financial statements have a much broader purpose than presenting financial information to managers or proprietors ...". Ook wanneer hy daarop laat volg:

"As a stock valuation it (klandisiewaarde) embraces the speculations, the depression, the optimism .... on every conceivable subject ....". (61 bl. 156.)

## 5. BESKOUINGE VAN DIE MENS

### 5.1 PESSIMISTIESE EN OPTIMISTIESE BESKOUINGE VAN DIE MENS

Knowles en Saxberg (36 bl. 53 - 70) onderskei tussen die pessimistiese en optimistiese beskouinge van die mens.<sup>17</sup> Hulle kom tot die gevolgtrekking dat die beskouinge omtrent die wesenskarakter van die mens wat die gemeenskap, maar in die besonder die leiers daarop nahou, die kwaliteit van die onderlinge verhoudinge bepaal. (36 bl. 69) Die oorheersende onderliggende waardes, volgens hulle bevinding, word aangedui deur (a) die sosiale struktuur, (b) die soort vergoeding en straf, (c) die aard van die kommunikasieproses en (d) die ander sosiale beheerelemente. (36 bl. 70.)

### 5.2 DIE EKSISTENSIALISME

Hierdie "disciplined method of thought" word deur Rice (53 bl. 82) soos volg getipeer: "Existentialism can be used to justify any action ... since the only judge of whether an action contributes to being or nonbeing is the man making the decision."

### 5.3 DIE CHRISTELIKE BESKOUING

Uit sy vertolking van die Christelike leer en roeping kom Johnson (33 bl. 83 - 91)<sup>18</sup> tot die volgende slotsom: Die leer van die Christelike roeping is gebaseer op die opdrag aan die mens om God lief te hê en sy medemens soos homself. Dit plaas God sentraal in die lewe en nie die mens, die sake-onderneming, 'n roeping, 'n nasie, of wat ook al nie.

God roep niemand as dokter, ingenieur of bestuurder nie. Hy roep elke dokter, ingenieur en bestuurder tot koning, priester en profeet. {Dieselfde gedagte word uitgespreek deur Heiberg (30 bl. 185).} Dié leerstuk het besondere betrekking op bestuur. "Service to God and consequently service to the many individuals affected by the enterprise is the Christian main-spring of action, rather than accumulation of status, prestige, dollars, or power." (33 bl. 90.) Johnson vervolg: "And, further, he (bestuur) ought to be actively concerned about upgrading it (arbeid), making it more interesting, providing the maximum opportunities for personal fulfilment."

#### 5.4 GEVOLGTREKKING IN VERBAND MET DIE MENS

Uit die voorgaande kom drie sentrale kenmerke van die individu te voorskyn:

- (1) Die mens is in sy hart vry. Hy is 'n koning<sup>19</sup>. Van der Colf (70 bl. 725) maak ook melding van "die ontwaking van die vryheid van die menslike gees". Spier (62 bl. 92), brei soos volg uit: "Hy kan daar nou 'n eie mening op nahou, eie weë bewandel, eie aanleg ontwikkel en eie kontakte maak."
- (2) Die mens het van nature 'n drang om hom toe te wy aan 'n taak of 'n saak - met volle toewyding, soos 'n priester.
- (3) Elke mens kies 'n iets wat bepalend van sy lewe en vir sy lewenswyse is.<sup>20</sup> Dit staan sentraal en gee die finale deurslag in 'n moeilike beslissing. Dit gee die sin aan sy lewe.

#### 6. GEVOLGTREKKING IN VERBAND MET DIE BESLUITNEMER.

Uit die onmiddellik voorafgaande is dit duidelik dat die besluitnemer van nature alle "oorheersing" sal weerstaan. Omdat hy "vry is" wil elke besluitnemer van nature sý wil<sup>21</sup> laat geskied. Hy wil (verkeerdelik) sy soewereiniteit ook buite sy kring handhaaf.

Ongelukkig is dit in die praktyk so dat wat die één mens wíl, selde ooreenstem met wat ál sy medemense sou wou sien in die besondere situasie behoort te gebeur. Aan die hand van konsensus word 'n geordende samelewing gevestig. Konsensus behels die prysgawe van die wil van diegene wat nie die mag<sup>21</sup> het om hulle wil te handhaaf nie.

In dié komplekse samelewing het die individu ruim geleentheid om sy wil tot sy "eie voordeel" te verwissel.

Die ideale oplossing sou wees om hom gelyktydig met twee of meer botsende situasies te konfronteer.

Sodoende word die gevolge wat 'n wanvoorstelling op die "ander mense" mag hê op homself van toepassing gemaak. Onder dié omstandighede sal die besluitnemer besef dat dit tot sy voordeel is om hom by die waarheid te hou.

#### 3.3.3.3.4 GEVOLGTREKKING IN VERBAND MET DIE DOEL VAN FINANSIËLE STATE

In 2.6 (en meer uitgebreid in voetnota 15) is aangetoon dat die saak 'n eie individualiteitstruktuur het. Die saak verteenwoordig dus nie bloot die ekonomiese "aspek" van sy "eienaars", die gewone aandeelhouders (of selfs ál die fondseverskaffers) nie. In 3.3.3.3.3 onderafdeling 2.5 is die entiteitskonsep van die saak (teenoor die eienaarskonsep) aanvaar. Daar is onder andere tot die slotsom geraak dat dit in belang van die eienaars (fondseverskaffers) self ook is dat die entiteitskonsep gehandhaaf word.

Van der Watt (73 bl. 53) verklaar onder andere met betrekking tot die Staat: "Voordat die staatsfilosoof kan besin oor die staat moet hy vooraf rekening gee van: Eerstens, die innerlike eie aard, onderlinge verhouding en samehang van die verskillende werklikheidsaspekte, dinge en strukture .....

Rekenskap gee van onderlinge verhoudinge is eie aan die lewe self; dit is deel van elke mens se daaglikse doen en dink. Daar word nie net gesoek na die samehang nie, daar word meestal gelet op die onderlinge "verhoudinge", die onderlinge status. "Hierdie status binne die groep word deur die belegger en die Staat gebruik in hulle beleidsformulering." (66 bl. 108) Daar is ook reeds genoem dat die doeltreffende toedeling van die produksiemiddele tot 'n groot mate bepaal word deur die onderlinge prestasie van sakeondernemings.

Uit hierdie drie stellings volg, onses insiens, dat dit die doel van finansiële state is om rekenskap te gee van die status van die entiteit binne die groep.

Status dui hier op die mate van doeltreffendheid wat die saak bereik. Die finansiële state moet aandui hoe doeltreffend die saak was, is en waarskynlik in die toekoms sal wees as afnemer en leweransier van goedere en dienste. Onder goedere en dienste word ingesluit grondstof, arbeid, kapitaal en ondernemerstalent.

In die onmiddellik voorafgaande afdeling is, met betrekking tot die besluitnemer, tot die gevolgtrekking geraak dat dit in belang van sy medemens<sup>22</sup> is om hom, sover moontlik, gelyktydig te konfronteer met daardie situasies waarin hy sou verkies om, tot sy eie voordeel, botsende standpunte te verdedig. Sodoende word hy gedwing om hom, tot sy eie voordeel, by die waarheid te hou. Waar, op ekonomiese gebied, konsensus gewoonlik bereik word aan die hand van finansiële state, is dit belangrik dat dié state die ware toedrag van sake met betrekking tot elke deelnemende entiteit aan die ekonomie, so getrou as moontlik sal weergee.

Om hierdie doelwit te bereik is, in die komplekse samelewing van vandag, meer moontlik as ooit tevore. Grondstofeienaars, arbeid, kapitaaleienaars en ondernemers staan vandag tot 'n groot mate op gelyke voet wanneer daar

binne entiteite en ook tussen entiteite beding word. Elkeen van die vier produksiefaktore word gerugsteun deur kennis en kundigheid. Handhawing van die politieke magsbalans in die wêreld versterk tot 'n groot mate hierdie mededingingsposisie. Dit beklemtoon die voordeel wat samewerking in plaas van konfrontasie bied.

H.P. Langenhoven {43 (i) bl. 13} wys op 'n verdere voordeel van die moderne samelewing in dié verband: "Die verskaffer is natuurlik terselfdertyd ook verbruiker van sekere goedere en dienste en arbeid .....

Die omgekeerde is natuurlik ook waar, naamlik dat elke verbruiker ook verskaffer is van grondstof, arbeid, kapitaal en ondernemerstalent. In 1.3 is aangetoon dat feitlik elke individu betrek is by die kapitaalverskaffing deur middel van pensioenfondse, lêwensassuransie, ensovoorts. Die klerk agter die toonbank of lessenaar mag dus ook aandeelhouer wees van die saak waar hy werk. Wat meer is, hy mag ook aandeelhouer wees van die verskaffers van die grondstowwe aan die saak waar hy werk. Hierdie individu kyk dus na die finansiële state van die firma waar hy werk met die oë van sowel arbeid-, grondstof- en kapitaalverskaffer.<sup>23</sup> Hy sal wel ook oorweging daaraan skenk of daar nie vir hom geleentheid is om as ondernemer 'n geleentheid te benut nie. Hierdie individu, synde beide verskaffer en verbruiker, het, volgens Langenhoven {43 (i) bl. 13}, "'n groot mate van beheer oor wat sy onderneming doen en hoe hy dit doen." Die oningeligte is dikwels geneigd tot ongeregverdigde kritiek en vooroordele. 'n Samelewing wat bewus is van sy mag, maar mank gaan aan kennis en insig, kan homself maklik verwoes. Anders as in die primitiewe gemeenskap word in die gedifferensieerde samelewing aangedring op 'n "volle wete". Heel dikwels word daar egter oppervlakkig geoordeel en tot optrede oorgegaan wat meer skade as goed aanrig.

Dat selfs daardie finansiële state wat slegs aan die hand van die beste

inligting en met die grootste kundigheid opgestel is nog maar steeds 'n baie onvolledige weergawe is van die aktiwiteite en die aksies intern en ekstern met betrekking tot die betrokke saak, is ongetwyfeld waar. Alle aktiwiteite is immers nie meetbaar nie. Om slegs die meetbare te aanvaar as "wetenskaplik betroubaar" (20 bl. 38) sou 'n oorvereenvoudiging van die realiteite van die lewe wees. Om die meetbare nie te meet nie en die inligting wat daaruit verkry kan word, nie te benut nie, sou egter op flagrante minagting van die talente wat aan die mens gegee is, neerkom. Deur die ekonomiese bydrae (vir sover dit meetbaar is) wat 'n entiteit tot die ekonomiese welvaart van die gemeenskap lewer, te meet en hom dienoreenkomstig ekonomies te vergoed (of te stráf, indien die "bydrae" negatief was), kan die algemene ekonomiese welvaart bevorder word en die lewenstandaard verhoog word. Finansiële state lewer dus in dié opsig 'n belangrike bydrae.

In die lig van Langenhoven se voormelde opmerking dat verskaffers terselfdertyd ook verbruikers is en uit ons gevolgtrekking met betrekking tot die individuele gediversifiseerde belange via sy pensioenfonds, lewensassuransie ensovoorts, kan, onses insiens, met reg verklaar word dat finansiële state, in die kapitalistiese stelsel, wel daarin slaag om die besluitnemer gelyktydig met 'n groot aantal, vir hom, botsende situasies, te konfronteer.

Die besluitnemer van vandag kyk na die finansiële state voor hom as eienaar (dividend), bankier (likiditeit), arbeider (rentabiliteit), verskaffer (solvabiliteit), verbruiker (mededinging), belastinggaarder (rentabiliteit), ensovoorts.

Hierdie "spontane evolusie" in die kapitalistiese stelsel kan uiteindelik lei tot groter onderlinge begrip tussen grondstofeienaars, arbeid, kapitaal-eienaars en ondernemers. As voorwaarde hiervoor mag die grondmotief<sup>24</sup> vir samewerking nie geïgnoreer word nie.

'n Verdere doel van finansiële state is dus om die besluitnemer, as mens, gelyktydig te konfronteer met die diversiteit van sý (en sy medemens) se belange sodat hy uit "vrye wil" die nadelige sal verwerp en dit wat bevorderlik is, sal kies. Sodoende kan die Invisible Hand van Adam Smith weer 'n doeltreffende meganisme word en van baie van die, so dikwels verwringende owerheidsmaatreëls, afgesien word. Botsende nasionale, streeks- en groepsbelange sal egter steeds Keynes se aandrang op owerheidsoptrede regverdig. Ook dáár sal finansiële state dieselfde doel dien. Coetzee (13 bl. 158) stel dit, na aanleiding van die ekonomiese basisstudie, sō:

"Dit is 'n instrument in die hand van die owerheid .....

Ons kan dus volmondig met Spacek (61 bl. 155) saamstem wanneer hy verklaar: "Financial statements have a much broader purpose than presenting financial information to managers or proprietors ....." En wanneer hy daarby konstateer dat "The investor and creditor rely heavily on the accounting profession for dependable, useful financial information for their decisions", dan wil ons byvoeg dat álle afnemers van goedere en dienste (naamlik grondstof, arbeid, kapitaal en ondernemerstalent) en álle verskaffers van goedere en dienste (dieselfde vier) die hoogste belang by die inligting in finansiële state het .

Drie kenmerke van finansiële state hang ten nouste saam met die doel daarvan:

(1) Verstaanbaarheid.

Die inligting in finansiële state moet verstaanbaar wees vir die gebruikers daarvan. Dit veronderstel dat die gebruikers oor 'n mate van kundigheid beskik. (4 bl. 60.) Inligting wat deur gesofistikeerde gebruikers benodig word, behoort nie verwater te word deur besonderhede wat die minder-kundige gebruikers nie verstaan nie, weg te laat nie. Hier moet eerder in 'n spektrum beleggers as die gemiddelde belegger se behoefte .

voorsien word. (4 bl.60.)

(2) Konsekwentheid en eenvormigheid.

Konsekwentheid word dikwels veroordeel as sou dit ontwikkeling in die weg staan. (6 bl. 41 en 4 bl. 60.) Dit hoef nie die geval te wees nie. Konsekwentheid is immers allernoodsaakliks vir vergelyking tussen opeenvolgende periodes en tussen verskillende sake. Slegs indien daar eenvormigheid toegepas is in gevalle waar alternatiewe keuses wesentlike verskille tot gevolg kan hê, sal daar van vergelykbaarheid sprake kan wees. Daar moet konsekwent in ooreenstemming met aanvaarde beginsels gehandel word. Indien die beginsels gewysig word, bring dit vanselfsprekend verandering mee. Die gewysigde gebruike moet dan op deurdagte wyse deur almal konsekwent toegepas word. Sodoende sal afwyking geen verwarring skep nie. Onderlinge vergelykbaarheid word dus nie verkrag nie.

(3) Betroubaarheid.

Om finansiële state op te stel wat "absoluut korrek" is, is nie moontlik nie en ook nie ekonomies geregverdig nie. (4 bl. 58.) Deur die beperkinge van die gegewens en die graad van noukeurigheid aan te dui, word gebruikers op hoogte gestel van die betroubaarheid van die state.

3.3.3.4 GEVOLGTREKKING IN VERBAND MET DIE HUIDIGE BELEID EN GEDAGTERIGTINGS MET BETREKKING TOT KLANDISIEWAARDE.

3.3.3.4.1 INLEIDING

Dit is nodig om 'n kort oorsig van die huidige stand van sake ten aansien van die Inkomste- en Balansstaat, onderskeidelik, te gee.

### 3.3.3.4.2 DIE INKOMSTESTAAT

Kripke stel dat daar nog geen eenstemmigheid oor die nuttigste metode vir die meting van inkomste is nie, "one embodying a concept of depreciation which discloses differences in actual costs of companies being compared, or one which submerges such differences by basing depreciation on current costs for equivalent fixed assets, without regard to the reporting companies' actual costs". (41 bl. 126.) Die twyfel binne die teorie oor die korrekte meting van inkomste is, syns insiens, regverdiging vir 'n pragmatiese benadering.

Crowningshield en Gorman (14 bl. 8) verklaar in dieselfde verband:

"In accounting, cost is usually measured by an outlay made in the past; it can likewise be expressed as the outlay required for replacement in the present".

Die besprekingsverhandeling in verband met rekeningkunde vir inflasie van die Nasionale Raad (16) bied moontlik 'n oplossing vir dié vraagstuk.

Die AICPA stel dat: "Economists generally agree that income is the change in well-being or 'better-offness' that occurs in specific time periods."

(4 bl. 22.) Die verskil tussen die kontantbronne aan die begin en aan die einde van 'n saak se bestaan, aangesuiwer vir bydraes deur en uitkerings aan die eienaars, verteenwoordig sy verdienste, aldus die AICPA.

Die ekonome Terreblanche (67) en Samuelson (55 bl. 474/5) onderskei tussen bruto nasionale groeikoers en netto nasionale groeikoers. Die koste van besoedeling, geraas, ensovoorts is, volgens hulle, eksternaliteite wat tot dusver geïgnoreer is, maar wat meebring dat die reële welvaart verteenwoordig word deur die netto en nie deur die bruto nasionale groeikoers nie.

Die vraag ontstaan nou of die AICPA hierdie eksternaliteite, wat beide

positief en negatief kan wees, verreken in hulle bestaande definisie van verdienste. Dit kom nie so voor nie. Alles wentel skynbaar om die welvaart van die saak ten koste van minstens die grondstofbronne, maar moontlik ook die essensiële menslike behoeftes. So 'n beleid is kortsigtig en sal noodwendig vroeër of later in die "klandisiewaarde-rekening" uitwys.

Een van die erkende gebruike in die rekeningkunde is die realisasie-beginsel ten aansien van inkomste. (3 bl. 29.) Dit het tot gevolg dat inkomste, op enkele geregverdigde uitsonderings na, eers getoon word nadat die produksie- of diensproses afgehandel en die verkoopstransaksie aangegaan is. Hierdie beginsel word in die gewone saak, waar daar te alle tye transaksies in verskillende stadia van afhandeling is, met goeie gevolg toegepas. (3 bl. 31.) Die afparing van koste met die verbandhoudende inkomste is, volgens ARS 10, beide 'n balansstaat- en inkomstestaat-probleem. (3 bl. 32.) Die klandisiewaardevraagstuk hang ten nouste saam met albei hierdie inkomstestaat-gebruike, soos later aangedui sal word.

Arthur Andersen and Company meet wins as volg: "If earnings are to be considered a result of the measurement of economic resources, (soos deur hulle gedefinieer) (6 bl. 14) and we believe they should, then the periodic earnings will be determined by the change in the owner's equity shown by comparative balance sheets, after a provision for the maintenance of capital to reflect the effect of significant inflation and after allowances are made for additional investments by owners and distributions to owners." (6 bl. 19.) Dit kom voor of die kapitaal hier slegs nominalistiese in stand gehou word. Dit sal, onses insiens, ook die substansialistiese waarde van klandisiewaarde in gevaar stel.

Vir die bepaling van verdienste oor kort periodes, byvoorbeeld 'n finansiële jaar, stel die AICPA 'n "statement of earnings" ter oorweging voor. (4 bl. 28.) Dié staat word gebaseer op verdienste-siklusse, in verskillende

stadia van voltooidheid (4 bl. 28) en grade van sekerheid. (4 bl. 30.)

Drie stadia van voltooidheid word gebruik te wete voltooid, half-voltooid en te wagte. In die verdienstestaat mag moontlik slegs die resultate van die eerste stadium opgeneem word. (4 bl. 36.) Hierdie is nie die enigste moontlikheid vir die meting van inkomste onder dié nuwe teorie nie:

"Another measure of earnings would be determined by the changes in value of resources and obligations during a period and would be shown as a single amount." (4 bl. 36.) Hulle vervolg: "This single amount would include the results of cycles completed during the period, estimates of recognizable progress toward completion of incomplete cycles, and, in addition, changes in the potential results of incomplete cycles as they are indicated by value changes." Deur dié verdienste in die verskillende grade van voltooidheid op te deel, word die gebruikers van die state in staat gestel om die graad van sekerheid van elke groep self te beoordeel.

Die AICPA beklemtoon dit dat verdienste die belangrikste enkele maatstaf is vir die beoordeling van die saak se doeltreffendheid en verdienvermoë. (4 bl. 31.)

Oppervlakkig beskou hou hierdie aanbevole verdienstestaat die belofte in van beter benutting van waarskynlikheidsbeginsels met die meting van netto verdienste. As dit wel die geval blyk te wees, sal die meting van die klandisiewaardekomponente in die besonder daarby baat. Hierdie ontasbare bates met hulle grootliks subjektiewe waardes leen hulle nie tot eksakte meting van enige orde nie.

Hierdie nuut-voorgestelde staat van die AICPA skyn 'n groot verbetering op die huidige te wees wat betref die meting van waardes. Dit vermy doelbewus die valse beeld van eksaktheid wat so algemeen ten aansien van die huidige state aanvaar word. Sodoende bied dit ruimte vir die opneem van

waarskynlikhede. Ekonomiese optrede word tot 'n groot mate gebaseer op die verwagtinge betreffende die toekoms. Elke besluitnemer word verbind tot die opweeg van waarskynlikhede teen mekaar. In hierdie taak sal die voorgestelde staat vir hom van groter nut wees as die huidige.

#### 3.3.3.4.3 DIE BALANSSTAAT.

Daar is reeds betreklik lank stilgestaan by bates. Geen aandag is egter nog gegee aan die voorgestelde Onvoltooide-siklussestaat van die AICPA nie.

Vir die bepaling van die totale waarde van 'n saak stel die AICPA "a statement of incomplete cycles" voor. (4 bl. 35.) Hierdie staat bevat byna dieselfde inligting as die huidige balansstaat.

Dit behels twee elemente:

- (a) Daardie bates en laste wat die begin- en eindpunte van siklusse verteenwoordig, naamlik kontant, debiteure en krediteure. (Die Nasionale Raad groepeer hierdie bates saam as monetêre bates.) (16 par. 4.) Ten aansien van die laasgenoemde twee items word net dáárdie hier by (a) ingesluit waarvan die ontvangs en betaling hoogs waarskynlik is.
- (b) Die resultate van transaksies en gebeurtenisse wat deel vorm van onvoltooide siklusse.

Die beskikbare inligting in verband met bates (dit is opofferings waarvoor die potensiële voordele nog nie gerealiseer is nie) en laste (dit is voordele waarvoor die opofferings nog nie gemaak is nie) kan gebruik word om die vooruitsigte vir verdienvermoë te enige tyd vas te stel. Die AICPA verklaar: "Statements of financial position that disclose past and prospective sacrifices and benefits would furnish information about both historical costs and current values." (4 bl. 35.) Enige van die

verskillende verdiskonteringsmetodes kan gebruik word om die huidige waarde van die verwagte aflope van die onvoltooide siklusse te bepaal. {Daar word verskillende verdiskonteringskoerse voorgestaan deur die handhawers van onderskeidelik die entiteits- en eienaarskonsepte (26 bl. 369). Die onvoltooide-siklusmetode bring dus nie 'n versoening tussen die twee konsepte nie.} Die AICPA beskou historiese koste as steeds die beste maatstaf van opofferings gemaak (om bates te bekom) en voordele verkry (met die aangaan van verpligtinge).

Hierdie staat verskil, wat waardes betref, tóg aansienlik van die konvensionele balansstaat waarin, met die uitsondering van kontant en debiteure, al die bates teen kosprys getoon word. Belangrike inligting word glad nie in die konvensionele staat getoon nie: "Information about prospective benefits, prospective sacrifices, and prospective results of cycle completion is generally not provided." (4 bl. 35.)

Deur die verskillende grade van onsekerheid aan te dui en deur verdere inligting oor die verwagte voordele en opofferings in te sluit, word die gebruikers van die onvoltooide-siklussestaat in die geleentheid gestel om 'n eie oordeel te vel oor die potensiële voordele daarin aangedui. So doende word daar weggekome van die valse skyn van eksaktheid wat finansiële state tans omgewe.

Verwagte kontantvloei en verdiskonteringskoerse is subjektiewe waardes. Deur dit te voorsien, word die gebruiker in staat gestel om dit te toets aan sy eie oordeel.

Dit dien daarop gelet te word dat die professie altyd uitgesproke was oor die subjektiwiteit van klandisiewaarde: "... all such valuations are only matters of opinion and two valuers, supplied with identical information but acting independently of each other, will more often than not arrive at different opinions as to the value of the particular asset they

have been invited to consider". (68 bl. 1.)

Ook Leake gee ondubbelsinnig te kenne dat sy klandisiewaarde nie 'n eksakte waarde is nie: "In valuing goodwill it is necessary to endeavour to see into the future, and it is never possible to do this with very great success." (44 bl. 18.)

Soos in die geval van die verdienstestaar bied hierdie onvoltooide-siklus-sestaar op die oog af 'n ideale geleentheid vir die opneem van juis die klandisiewaarde-items wat vanweë die veronderstelde eksaktheid van die tradisionele balansstaar nie daarin opgeneem is nie.

#### 3.3.3.4.4 HEERSENDE BESKOUINGE IN VERBAND MET KLANDISIEWAARDE


##### INLEIDING

Enkele van die belangrikste beskouinge wat nie elders in hierdie werk uitdruklike aandag geniet nie, word hier, opsommenderwys, onder verklarende opskrifte bespreek.

#### "KLANDISIEWAARDE SPRUIT HOOFSAAKLIK UIT MENSLIKE FAKTORE"

Volgens Weinwurm (76 bl. 33) is die bydrae wat deur individue (personeel) tot die saak se winste gemaak word, seker die belangrikste komponent van klandisiewaarde. Morland (50 bl. 341) huldig in der waarheid presies dieselfde standpunt wanneer hy verklaar dat "goodwill in the accounting sense may merely be endemic to a particular type of business, where earnings can be achieved without much in the way of assets."

Morland noem advertensie-agentskappe en rekenmeesterspraktyke as voorbeelde. Dit is dus daardie sake wat tot 'n groot mate van die mens as hulpbron gebruik maak. Volgens Weinwurm is die bydrae deur individue 'n faktor wat nooit uitdruklike erkenning gekry het in die rekeningkundige stelsel



nie. Wanneer die aandele van byvoorbeeld sagteware- en advertensieagent- skappe verhandel word teen hoë wins/verdiens- te- verhoudings, verteenwoordig die hele verskil tussen boekwaarde en markwaarde, syns insiens, die klan- disiewaarde wat werklik die waarde van hierdie menslike bydraes is.

Weinwurm verwys na die poging wat deur M.H. Gilbert, in sy artikel *The Asset Value of the Human Organization* aangewend is om dié waarde in finan- siële state te toon. T. Watson (75 bl. 118 - 123) toon die noodsaaklik- heid aan van noue samewerking tussen rekenmeesters en bedryfsielkundiges op hierdie terrein. Uit sy oorsig van wat reeds gedoen is "(to) put people on the balance sheet", blyk dat Sir William Petty reeds so vroeg as 1691 voorgestel het dat 'n mens se monetêre waarde geneem behoort te word as daardie bedrag wat 'n opbrengs sal lewer gelyk aan sy vergoe- ding.

Brummet en andere (8 bl. 426) verklaar in die verband: "Earnings in excess of the average within an industry may be translated into 'goodwill', which may be allocated to human resources in terms of the ratio of human assets to total assets."

#### KLANDISIEWAARDE SPRUIT TOT 'N GROOT MATE UIT DIE FOUTIEWE WAARDASIE VAN ANDER BATE

Vir Gilbert (23 bl. 193 - 199) is dit 'n vraag hoeveel van die klandisie- waarde aan vaste en ander bate toeskryfbaar is. Die waardevermindering- koers daarop is hoogswaarskynlik verskillend van dié wat gebruik word om die werklike klandisiewaarde-deel van die oorskot te delg. Onmiddellike afskrywing van dié oorskot, soos aanbeveel deur ARS 10, verskerp, volgens Gilbert, die erns van die saak. In werklikheid word daar dan 'n deel van die vaste bates verkry, afgeskryf. Die ander uiterste, naamlik geen delging, sou, syns insiens, daarop neerkom dat sommige van die verbruikte bates nie afgeskryf word nie.

## DIE INDIVIDUALITEITSTRUKTUURWAARDES VAN DIE PRODUKSIEMIDDELE

Wanneer Joubert (34 bl. 178) verklaar: "Die oorskot, die 'klandisiewaarde' van die produksiemiddel is die bron waaruit die koper 'n hoër opbrengs as slegs 'n rente vergoeding bekom", ontstaan die vraag of die klandisiewaarde van die saak nie maar net die totaal van al dié *klandisiewaardes* van die produksiemiddele is nie. Ons is van mening dat dit ongetwyfeld 'n deel van die klandisiewaarde van die saak uitmaak. Bo en behalwe hiërdie klandisiewaarde van die produksiemiddele het die saak, as entiteit, as individualiteitstruktuur, egter self ook 'n eie klandisiewaarde.

## INTERN-ONTWIKKELDE KLANDISIEWAARDE

Paton (51 bl. 149) is van mening dat intern-ontwikkelde klandisiewaarde op presies dieselfde wyse verkry word as daardie klandisiewaarde wat by 'n oornameweg of samesmelting ter sprake is naamlik, deur aankoop. Defliese (15 bl. 120) huldig dieselfde standpunt en aanvaar dat interne-ontwikkelde klandisiewaarde ontstaan het "from expenditures that may be written off as incurred or after."

## DIE TOTALE WAARDE VAN DIE SAAK

Rekeningkundiges het, volgens Weinwurm (76 bl. 33) steeds van die standpunt uitgegaan dat die kwalitatiewe data (byvoorbeeld "the qualitative factors of human contributions") in die winssyfers weerspieël word. Dit is, syns insiens, dikwels nie noodwendig so nie. Arthur Andersen and Company (6 bl. 14) huldig presies dié standpunt wanneer hulle die finansiële sterkte van 'n saak wil bepaal uit die totale beeld wat die inkomste- en balansstaat bied. Hulle beperk dan ook die bates op die balansstaat tot "the values of economic resources" wat oor die eienskappe

"utility, scarcity and exchangeability" beskik.

Ontasbare bates soos hoogstaande bestuursvermoë, goeie naam en faam, voortreflike personeel, besondere kundigheid en kennis, gunstige vestiging (sic), ensovoorts kan, daarenteen, volgens Gynther (27 bl. 253), die markprys van die saak verhoog. Dit behoort dus, syns insiens, by die balansstaat ingesluit te word.

ARS 10 (3 bl. 26) huldig 'n derde standpunt, naamlik: "The value of a business enterprise as a whole ordinarily does not constitute financial information which the investor should expect to find in the financial statements of the enterprise." Spacek (61 bl. 155 e.v.) is dit hiermee eens. Die totale waarde van die saak is, syns insiens, die belegger se eie persoonlike waarde wat in sý rekords aangeteken behoort te word.

Hierdie drie standpunte met betrekking tot die totale waarde van die saak, naamlik: (1) dat die finansiële state in totaal (dit wil sê beide die inkomste- en balansstaat) gelees moet word om die totale waarde van die saak te bepaal; (2) dat die balansstaat die totale waarde behoort te gee; en (3) dat die state van die saak nie veronderstel is om dié totale waarde te gee nie, is nie noodwendig in botsing met mekaar nie. Elkeen van die drie standpunte verteenwoordig, op uiteenlopende wyse, pogings om so 'n getroue weergawe as moontlik van die stand van sake op 'n spesifieke moment te gee. Vir die eerste en laaste standpunte is die probleem van voortdurende verandering (die kinematiese aspek)<sup>1</sup> en <sup>15</sup> en subjektiwiteit (die analitiese aspek)<sup>1</sup> en <sup>15</sup> van oorheersende belang.

Wixley (77 bl. 301) wyt die probleem van voortdurende verandering daaraan dat die saak oor bepaalde faktore, naamlik daardie wat toe te skrywe is aan kliënte, mededingers, verskaffers en die owerheid, geen beheer het nie. Volgens hom kan die klandisiewaarde van 'n saak as gevolg van dié faktore talle kere onvoorsiens styg, val, verval en herskep word gedurende die

bestaan van die saak. Objektiewe aanduidings van 'n daling kom, syns insiens, altyd te laat, wanneer daar geen winste meer is om 'n afskrywing te dek nie.

Volgens Gynther (27 bl. 253) is die belangrikste inligting vir buitestaanders, wat moet besluit of hulle 'n besondere saak se aandele moet koop, hou of verkoop, die huidige waarde van die totale verwagte netto kontantvloei. Inligting omtrent die verdienvermoë van 'n saak is, volgens ARS 10 (3 bl. 26) die belangrikste en nuttigste gegewens wat die finansiële state kan bied. Die ooreenstemming tussen die drie standpunte blyk dus duidelik. Gynther verkies egter dat die waardasie van die saak deur die *vaardige* bestuur van die saak gemaak word, terwyl die voorstanders van die eerste en laaste standpunte albei dié taak aan die belegger wil oorlaat. Gynther dring selfs daarop aan dat die ouditeure verslag moet doen oor die waardasie.

∞ ∞ ∞ ∞ ∞ ∞

Dit skyn vir ons die korrekte benadering te wees dat die balansstaat die totale waarde van die saak behoort aan te dui. Dit bied die geleentheid aan elke buitestaander om sý waardasie van die saak, onder andere uit die besonderhede in die inkomstestaat, daarmee te verifieer.

Paton (51 bl. 149) is van mening dat inkomste en belasting verkeerdelik voorrang geniet binne die kader van finansiële state. Daar word, syns insiens, soms vergeet dat die basiese faktore in die ondernemingsaksie geleë is in die beskikbare bates soos aangetoon aan die batekant van die balansstaat. Hy is gevolglik van mening dat daar voldoende rede is om te beklemtoon dat die periodieke vasstelling van die waarde van die bate die belangrikste taak van die rekeningkunde is.

Daar is 'n baie noue verband tussen bate en inkomste. Inkomste is, volgens Paton, inderdaad dikwels 'n weerspieëling van die beleid en metodes

waarvolgens bates benut word. Dit word, volgens hom, toenemend besef dat die batebehoefte deurslaggewend is vir besluitneming.

Doeltreffendheid word daarby slegs gemeet aan die verhouding tussen verdienste en die huidige waarde van die bates in gebruik. Die wyse waarop dié feit verontagsaam word, is, in Paton se woorde, "nothing short of scandalous". Dit is, syns insiens, die rekeningkunde se plig om toe te sien dat alle bates, tasbaar en ontasbaar, getoon word, en wel teen huidige waardes. Negering van sekere uitgesoekte bates as bydraende faktore tot die totale opbrengs moet, volgens hom, noodwendig lei tot 'n "definite overstatement of the amount of periodic earnings, and the earning rate". (51 bl. 147.)

Arthur Andersen and Company (6 bl. 50) se voorgestelde balansstaat sal geen ontasbare bates bevat nie. Dit word alles in 'n aparte staat aangegee: "The general proposition of excluding intangibles from the balance sheet extends to goodwill arising in connection with business combinations."

Seidman (59 bl. 151), daarenteen beskou klandisiewaarde as 'n bate soortgelyk aan elke ander bate van die saak: "That purchased goodwill is an asset is demonstrated by the purchase itself."

#### WAT IS DIE KRITERIA ALVORENS ERKENNING AAN INTERN-ONTWIKKELDE KLANDISIE - WAARDE GEGEE BEHOORT TE WORD?

Lall (43 bl. 731) is nie ten gunste daarvan dat klandisiewaarde in die finansiële state getoon word nie "until such factors have acquired economic significance by yielding profits in excess of the normal rate of return".

Hy verwys na 'n ondersoek waarin vasgestel is dat nie-genoteerde maatskappye se aandele selde 'n prys behaal waarby klandisiewaarde ingesluit is.

Dit gebeur afgesien daarvan dat die betrokke maatskappye, volgens die ondersoekspan, wel oor sulke bates soos "reputation of the product manufactured or sold, monopolistic rights, location of business" beskik het.

Dit kom voor of Lall dié toedrag van sake wyt aan die beperkte oordraagbaarheid van nie-genoteerde aandele. Onses insiens mag dit eerder 'n geval wees dat die negatiewe waardes die positiewe waardes van die betrokke sake oorskry het. Dit is immers bekend dat die klein plaaslike sake in toenemende mate verdring word deur takke van kettinggroepe wat die voordele van spesialisasie en grootskaalse optrede geniet.

Lall voer sy standpunt selfs verder. Hy is van mening dat klandisiewaarde eers erken behoort te word na 'n verandering in eienaarskap van die saak:

"It is not a prudent policy to take cognisance of those elements which have developed within the business and which have no explicit and assignable cost." Dit is duidelik dat hy die moontlikheid om die *koste* van klandisiewaarde deur middel van 'n waardasie van die bates self te bepaal, verwerp. Omdat die uitgawe nie onmiddellik by besteding op presiese wyse aan die verskillende toekomstige voordeelperiodes, waarop dit uiteindelik betrekking gaan hê, toegewys kan word nie, is toedeling as sulks onaanvaardbaar.

Weinwurm (76 bl. 33) se standpunt, dat praktiserende rekenmeesters hulle feitlik allesoorheersende vertrouwe in wat hulle beskou as *objektiewe data* sal moet prysgee en waarskynlikheidsresultate begin aanvaar, is duidelik hier ter sprake. 'n Bevredigende oplossing van die klandisiewaardevraagstuk hang, syns insiens, hiervan af.

Standpunte soos die deur Lall gehuldig, wat eksakte meting as kriterium stel in die rekeningkunde sal, onses insiens, in toenemende mate vervang word deur die aanvaarding van waarskynlikheidsontledings.

Volgens ARS 10 (3 bl. 68) word drie redes aangevoer waarom intern-ontwikkelde klandisiewaarde nie as bate getoon word nie, naamlik konserwatisme, die gebrek aan 'n basis vir die bepaling van die waarde en die uitgawebenadering in die rekeningkunde. Hulle toon aan dat nie een van die redes werklik geldig is nie. Konserwatisme byvoorbeeld word, na hulle mening, te ver gevoer indien dit moet dien om doelbewus waardes te negeer. Hulle het 'n beswaar van 'n heel ander aard teen die aantoning van intern-ontwikkelde klandisiewaarde as 'n bate, naamlik: "If a business enterprise were to determine a value for its nonpurchased goodwill, capitalize that value, and amortize it to income, the income statement of the business enterprise would not show the success of that enterprise in achieving earnings, but rather would tend to show some type of 'normal' earning." (3 bl. 70.)

Dit is werklik nie vir ons duidelik hoe die studiegroep wat ARS 10 opgestel het sō 'n afleiding kan maak nie. Dit is, oor die langtermyn, slegs moontlik om winste tot normaal af te bring as dit werklik net normaal was; onder geen ander omstandighede nie.

Die enigste slotsom waartoe ons hier kan geraak, is dat die huidige kriteria wat geld ten aansien van daardie uitgawes wat aanleiding gee tot die opbou van die bate intern-ontwikkelde klandisiewaarde nōg in belang van verbruikers, nōg in belang van beleggers is.

#### WAT MOET BY AANKOOP MET KLANDISIEWAARDE GEDOEN WORD?

ARS 10 (3 bl. 23) beskou die doel van sakeondernemings as: "The production and distribution of goods and services through the use of capital placed at risk."

Uit hoofde van diē gevolgtrekking beveel ARS 10, gesteun deur Spacek (3 bl. 155 e.v.), aan dat klandisiewaarde onmiddellik by aankoop direk

van die eienaarsbelang afgeskryf word.

Om die enkelbedrag-aankoop van klandisiewaarde by 'n oornamte te behandel as 'n onmiddellike kapitale verlies strook, volgens Paton (51 bl. 149), nie met die behandeling van die uitgawes ten aansien van intern-ontwikkelde klandisiewaarde nie. Dáárdie uitgawes "are regularly charged to revenue as operating costs". Ook nie die feit dat die delging van klandisiewaarde tans nie 'n toelaatbare aftrekking vir inkomstebelastingdoeleindes is nie, regverdig so 'n standpunt nie. Dié toedrag van sake is, syms insiens, te wyte aan 'n dwaling van die howe. Om konsekwent te wees, behoort ARS 10 volgens Paton, aan te beveel dat die enkelbedrag-koopsom van klandisiewaarde "should be spread over expenses for a period of years". Klandisiewaarde is, volgens hom, "an amortizable asset, over a relatively limited period". (51 bl. 150.)

Die gekoopte klandisiewaarde op die balansstaat moet, volgens Gynther (27 bl. 253), onaangetas bly solank as wat die verdienvermoë gehandhaaf word. Dít moet periodiek getoets word: "The valuation and periodic revaluation of Goodwill would have to be carried out via a method involving the capitalization of the entity's profits, the net present values of some assets, approximations of the net present values of the other (most) assets, managements' knowledge of business conditions, advertizing and promotion programs, research and development activities, new patents, etc., and using sophisticated quantitative techniques."

Ook Eiteman (19 bl. 161) huldig die beskouing dat klandisiewaarde basies 'n permanente bate is, indien doeltreffend in stand gehou. Hy bevraagteken daarom die, volgens sy waarneming, tradisionele gebruik om klandisiewaarde teen inkomste af te skryf oor die periode wat die klandisiewaarde gerealiseer staan te word: "I propose that this notion is unrealistic under the modern investment concept of a business acquisition." Gewoonlik

eindig die uitgawes vir oorwinste nie met die betaling van klandisiewaarde nie; dit is maar die eerste stap in die investeringsproses. Ontslaglike somme word na verkryging uitgegee op advertensies, bevordering, navorsing en ontwikkeling (wat alles teen inkomste gedebiteer word) om die waarde van die investering as 'n inkomste-produiserende faktor te handhaaf of te verbeter, om daardie stroom oorwinste te handhaaf en selfs te verhoog.

(19 bl. 161.)

Piaker (52 bl. 841) toon aan tot watter onrealistiese resultate<sup>26</sup> die uitvoering van die aanbevelings van ARS 10 kan lei.

#### DIE DELGING VAN GEKOOPTEN KLANDISIEWAARDE

ARS 10 (3 bl. 92) noem twee wyses waarop die vermindering van die aandeelhoudersbelang, wat hulle aanbeveel, bewerkstellig kan word, naamlik deur onmiddellike direkte afskrywing van klandisiewaarde teen 'n aandeelhoudersrekening soos kapitaalreserwe of opgehoopte winste, en deur klandisiewaarde as 'n aparte aftrekking van aandeelhoudersbelang op die balansstaat te toon. Laasgenoemde metode "would continue to report the goodwill amount in the financial statements". (3 bl. 92.)

Hierdie tweede metode sal gevolg moet word wanneer die totaal van die opgehoopte surplusse minder is as die uitgawe aan die gekoopte klandisiewaarde. Indien die hoogsonwaarskynlike sou gebeur, naamlik dat die koste van klandisiewaarde die totaal van die kapitaal en reserwes sou oorskry, is dit duidelik dat "the stockholders have no equity in the separable resources and property rights of the combined business". (3 bl. 95.)

Defliese (15 bl. 120) is dit eens met ARS 10 dat klandisiewaarde nie op 'n arbitrêre wyse gedelg behoort te word nie, maar is van mening dat juis die onmiddellike afskrywing by aankoop, deur die verslag voorgestel, 'n arbitrêre behandeling is. Die klandisiewaarde is, syns insiens, steeds

waardevol. Dit is die reg van die aandeelhouers om te weet of die maatskappy self nog die bate as van waarde beskou en of 'n latere verkoop daarvan 'n wins of 'n verlies tot gevolg sal hê.

Kripke (41 bl. 142) is van mening dat indien klandisiewaarde wel te boek gestel word (hy verkies dit nie), dit in jaarlikse paaiemente afgeskryf behoort te word, "consistent with the way in which the 'expectations' or 'inchoate receivables' were capitalized". 'n Geskikte maksimum delgingsperiode is, na sy mening, twintig jaar "which is in line with the multiples used in the more conservative capitalizations of income".

Gunther (28 bl. 61) wys daarop dat die vereiste, ingevolge APB Opinion 17, dat klandisiewaarde wat as gevolg van 'n oorname ontstaan het, binne veertig jaar gedelg moet word, sekere oornames feitlik onmoontlik sal maak.

In die Verenigde State van Amerika kan aandeelhouers wat 'n tien persent belang hou enige samesmelting veto. In so 'n situasie kan, syns insiens, as gevolg van die veertig jaar vereiste, 'n aankoop-oorname nouliks ooreweg word, hoe voordelig dit ook andersins vir beide die betrokke maatskappye mag wees.

May (48 bl. 35) is nie ten gunste van 'n verpligte afskrywingsbeleid nie: "I do so on the ground that no such requirement should be imposed so long as no similar requirement is enforced with respect to industry - obsolescence of tangible capital assets."

Aansuiwerings van klandisiewaarde behoort, volgens Gynther (27 bl. 254), teen inkomste gedoen te word, behalwe in soverre dit gedoen word in ooreenstemming met 'n besondere kapitaalinstandhoudingskonsep. Hy verkies dat uitgawes vir die skepping van klandisiewaarde afgeskryf en nie gekapitaliseer word nie.

Met die aankoop van Radiostasie CKPG Beperk deur Q Broadcasting Beperk vir 'n kontantbedrag van R900 000 is R591 142 aan klandisiewaarde toege-

deel. "Current Canadian accounting practice would allow amortization of from 0% to 100% per annum of this goodwill", volgens Gilbert. (23 bl. 193.)

Dit is voor die hand liggend dat die klandisiewaarde-delgingsbeleid deur die bestuur gevolg 'n wesentlike uitwerking op winste sal uitoefen. Die vraag ontstaan by hom hoe daar van die publiek verwag kan word om vertroue in gepubliseerde finansiële state met soveel speelruimte te hê.

Die traagheid van ouditeure om die bestuur se delgingsbeleid te bevraagteken moet, na sy mening, klaarblyklik gewyt word aan die subjektiewe aard van die probleem. Die bevindinge van die Accounting and Research Section van Ernst and Ernst in verband met die 500 grootste nywerheidsmaatskappye in die Verenigde State van Amerika<sup>27</sup> (volgens die 1968 Fortune Directory) skêp by Gilbert bedenkinge betreffende bestuur se motivering in hulle beleidsbepaling met betrekking tot klandisiewaarde. (23 bl. 195.)

Gilbert vermeld ook die besonderhede van 'n ondersoek van 280 gekonsolideerde state vir elk van die jare 1965 tot 1968. Die bevinding daarvan was:

1. In Kanada verkies rekenmeesters skynbaar om die oorskot wat met konsolidasie ontstaan as 'n aparte item op die balansstaat aan te toon eerder as om dit gedurende die jaar van aankoop af te skryf. Ten aansien van 1963 - 1966 is juis die teenoorgestelde bevind. Toe is voorkeur gegee aan afskrywing onmiddellik met aankoop.
2. 98 van die bovermelde maatskappye is verder ontleed. Slegs 14 het aangedui dat die oorskot toegedeel is aan verskillende bates, gewoonlik vaste bates.
3. Die omskrywing wat aan die oorskot gegee is, het in die meeste gevalle daarop gedui dat dit die verskil is tussen die kosprys

van die filiaal en die netto boekwaardes van die bates.

#### DIE POEL-VAN-BELANGE-METODE VAN SAMESMELTING

Deur die poel-van-belange-metode van samesmelting te volg in plaas van die aankoopmetode kan die skepping van 'n bedrag vir klandisiewaarde vermy word.

Die poel-van-belange-metode van samesmelting val, volgens Defliese (15 bl. 118 e.v.), hoofsaaklik in twee kategorieë, naamlik:

1. Twee nagenoeg ewe groot maatskappye, waarvan die aandele verspreid gehou en aktief verhandel word, besluit om saam te smelt. Aandele word geruil op die basis van 'n verhouding wat grootliks gebaseer word op die relatiewe markverhoudings van die aandele. In dié geval het die ruilverhouding weinig in gemeen met die onderliggende tasbare en ontasbare bate-waardes.
2. 'n Groot publieke maatskappy verkry 'n klein maatskappy waarvan al die aandele deur slegs enkele individue gehou word. Aandele word geruil deur eers die totale koopsom te bepaal en dit dan te deel deur die verwagte markwaarde van die aandele waarmee vergoed word. In dié geval, anders as hierbo, word batewaardes, verdienste, belastingoorwegings, ensovoorts wel alles in aanmerking geneem.

Defliese beskou die eerste metode as 'n voorbeeld van 'n suiwer poel-van-belange en kan geen regverdiging vind vir 'n ontmoediging of verbod daarop nie. (15 bl. 118.) Die tweede samesmelting is egter, syns insiens, baie duidelik 'n aankoop en behoort as sulks behandel te word.

Ook Kripke (41 bl. 126) beskou nie die aanbeveling in ARS 10, dat met die poel-van-belange weggedoen word, as voldoende geregverdig en gemotiveerd nie. (41 bl. 126). Hy beskou die nuttigheidsdoel van die rekeningkunde

as van groter belang as die handhawing van konvensies en gebruike. Hy vind talle voorbeelde in die rekeningkunde waar 'n kompromis aangegaan is tussen praktyk en teorie. Die handhawing van die historiese kostebeginsel is, volgens Kripke, onvermydelik in geval van 'n oorname waar die vergoeding in kontant geskied. In geval van 'n aandele-oorname word die waarde van die vergoeding egter bereken met die oog op die handhawing van minstens die voor-oorname wins per aandeel. Dit is dus duidelik dat dit vir aandeelhouders onbegryplik moet wees dat winste "vernietig" word in die verkrygingsproses daarvan. Dit is bloot die gevolg van die handhawing van die historiese kostebeginsel.

In die Verenigde State van Amerika is die belastingaspek 'n verdere aansporing tot die poel-van-belange-metode. Onder sekere omstandighede word slegs die oorspronklike waardeverminderingspaaielemente toegelaat ten spyte van 'n hoër kosprys met 'n oorname. Omruiling van aandele behoort, volgens Kripke (41 bl. 126), 'n herwaardering van albei betrokke maatskappye se bates mee te bring. (41 bl. 126.)

#### NEGATIEWE KLANDISIEWAARDE

ARS 10 stel dat indien dit sou gebeur dat die waarde van die "net resources and property rights" die waarde van die vergoeding gegee sou oorskry, dit negatiewe klandisiewaarde tot gevolg het. Hierdie bedrag behoort, na hulle mening, as 'n aanspreeklikheid getoon te word waarteen spesiale uitgawes, om die winsgewendheid te verbeter, afgeskryf kan word. Indien geen spesiale uitgawes beoog word nie, kan dit, na ondersoek van die wetlike vereistes, òf na kapitale reserwes òf na inkomstereserwes geneem word.

(3 bl. 112.)

Die veelheid van klandisiewaarde-komponente ontlok aan Lall die stelling: "That being the case, the suggestion for the creation and treatment of

'negative goodwill' on 'bad will', so often met with in accounting literature is worse than useless." (43 bl. 731) Hy erken klaarblyklik net die positiewe aspekte en ignoreer die negatiewe.

Vermelding is reeds gemaak van die negatiewe klandisiewaarde wat op dertien state vasgestel is met 'n ondersoek in Kanada.<sup>24</sup>

Hierdie aangeleentheid geniet verdere aandag in ons samevatting en kritiek.

#### DIE VERREKENING VAN KLANDISIEWAARDE TEEN AANDELEPREMIE.

'n Aantal van Suid-Afrika se groot genoteerde maatskappye volg, volgens Wixley, die beleid om klandisiewaarde van die aandelepremierkening af te trek. (55 bl. 300.) Barlow Rand gaan, volgens Wixley (55 bl. 300) selfs verder en maak bekend dat hy by die hof aansoek gaan doen om sy aandelepremierkening met meer as R18 miljoen te verminder deur die koste van aandele in filiale daarteen af te skryf. Dit sal 'n dienooreenkomstige vermindering in die klandisiewaarde op die gekonsolideerde balansstaat tot gevolg hê.

Die bedoeling van artikel 76(4) van die 1973 Suid-Afrikaanse Maatskappywet is, volgens Wixley, baie duidelik, naamlik dat aandelepremie as deel van die kapitaal eerder as deel van die reserwes beskou word. Dit bly 'n kardinale beginsel van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet dat aandelekapitaal en aandelepremie slegs in sekere beperkte gevalle, onderhewig aan streng voorskrifte, verminder mag word. Ook in die Verenigde State van Amerika en Brittanje is die offisiële standpunt teen so 'n afskrywing van klandisiewaarde teen aandelepremie.

Wixley is egter van mening dat die bewoording van Artikel 76(2) van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet ruimte vir 'n ander standpunt laat. Die bewoording van die artikel is as volg: "Wanneer 'n bate teen die uit-

reiking van aandele van 'n maatskappy verkry word en geen teenprestasie aangeteken word nie, moet die bate aldus verkry, gewaardeer word en as die waarde van die bate meer is as die pari-waarde van die aandele moet die verskil tussen die pari-waarde van die aandele en die waarde van die bate aldus verkry, oorgedra word op die aandelepremierekening." Dit beteken dus dat klandisiewaarde in die toekoms normaalweg rekeningkundige erkenning sal moet kry waar die vergoeding in kontant is of waar klandisiewaarde uitdruklik as een van die bate genoem word.

Waar daar dus aandele in 'n maatskappy verkry word en dit uit 'n waardasie daarvan - ingevolge Artikel 76(2) - blyk dat die waarde daarvan groter is as die waarde van die netto tasbare bate van die maatskappy, ontstaan 'n rekeningkundige syfer vir klandisiewaarde. Hierdie voorsiening is, volgens Wixley, in stryd met die rekeningkundige praktyk in die Verenigde State van Amerika waar kombinasies (anders as poel-van-belange) te boek gestel word teen die markwaarde van die aandele uitgereik deur die kopermaatskappy. Dit verskil ook, volgens hom, van die Britse praktyk.

Wixley (77 bl. 302) kom gevolglik tot die slotsom dat Artikel 76(2) die taak om klandisiewaarde te verreken vereenvoudig het. Dit is egter, syns insiens, gedoen ten koste van eenvormigheid met internasionale rekeningkundige praktyk.

'n Moontlike rede waarom klandisiewaarde in Suid-Afrika teen aandelepremie afgeskryf word, is, volgens Wixley, om 'n besparing in die jaarlikse heffing op aandelekapitaal en -premie te weeg te bring.

#### DIE OPTIMALE WAARDE VAN 'N SAAK

Daar moet met van der Walt (72 bl. 49) saamgestem word wanneer hy verklaar dat die optimale waarde van die saak noodsaaklike inligting is waaroor die partye moet beskik gedurende die oorname of samesmeltingsonderhandelings.

Dit is die toestand van optimale samestelling van produksiefaktore en waar teoreties absolute maksimum wins gemaak word.

Hy wys ook daarop dat dié waarde van die saak op twee verskillende wyses bepaal kan word, naamlik òf die wins- òf die batemetode. Syns insiens mag die batemetode in die toekoms die aangewese een blyk te wees. Geleentheidskoste sal dan hoogswaarskynlik die sleutelrol speel om toekomstige kontantvloei te meet. Velerlei probleme word egter juis nog met geleentheidskoste ondervind. (72 bl. 53.)

Van der Walt staan daarby uiters skepties met betrekking tot die gebruikmaking van verdiskonteringstegnieke waar die verlede na die toekoms geprojekteer word. Hy verkies die verskillende simulasietegnieke.

#### DIE TOTALE WAARDE VAN DIE SAAK

Arthur Andersen and Company (5 bl. 163) wys daarop dat daar 'n groot aantal metodes in die praktyk erken word waarvolgens 'n saak waardeer kan word:

"The overall value of an enterprise may be determined by a number of different methods: Market value of the company's stock in the marketplace (possibly adjusted for artificial or unusual market conditions), a discounting at an appropriate rate of interest of expected future earnings, or some alternative approach directed at a measure of the earning power of the business." Hulleself verwerp die markwaarde-van-die-aandele-metode aangesien dit sou neerkom op 'n waardasie van die saak as geheel, wat hulle beskou die belegger se funksie vir sý rekords is.

(6 bl. 47.)

Ook Gynther (27 bl. 253) verwerp kapitalisering van die genoteerde markwaarde. Dit word, syns insiens, te drasties deur eksterne faktore beïnvloed, met 'n gevolglike nimmereindigende wedersydse inwerking van die waardes op mekaar.

Kripke (42 bl. 1039) stel voor dat die nuut-uitgereikte aandele in geval van 'n oorname, te boek gestel word teen die waarde van die gekoopte tasbare bates plus patente en soortgelyke ontasbare bates of teen die boekwaarde van die aandele voor oorname, welke die grootste, maar nie teen die markwaarde van die aandele nie. Dit is in ooreenstemming met sy siening dat klandisiewaarde spekulatiewe verwagtinge verteenwoordig.

Beürspryse is, volgens Weinwurm (76 bl. 31 en 32), nie 'n geskikte basis vir langtermyn-waardes nie. Dit is dikwels die resultaat van emosionele besluite en het weinig of niks te make met òf die waarde van die bate òf die verdienvermoë van 'n besondere maatskappy nie.

Die presiese waarde van die markwaarde van die aandele is omstrede.

ARS 10 (3 bl. 64) huldig die standpunt dat die aandele wat uitgereik word om 'n kombinasie te bewerkstellig op dieselfde wyse verreken moet word as aandele uitgereik vir kontant of vir enige ander eiendom, naamlik teen die redelike waarde van die vergoeding gegee of die redelike waarde van die bate ontvang, "whichever is more clearly indicated". Hulle is dan ook van mening dat dit geen verskil behoort te maak of die oorname deur middel van aandele of deur middel van kontant afghandel word nie.

Kripke (41 bl. 140) is dit nie met ARS 10 eens dat die aandele maar net 'n plaasvervanger vir kontant is nie. Die aandele gegee as vergoeding sal nie, indien onmiddellik op die mark geplaas, die ekwivalent in kontant oplewer nie. Kripke verwerp die standpunt dat die waarde van die aandele wat as vergoeding gegee word "is more clearly evident" as die waarde van die bates verkry. Hy stel voor dat die "specific assets acquired to be valued on a current value basis (where pooling is not appropriate) creating no goodwill".

Volgens Arthur Andersen and Company (5 bl. 82) is die amptelike beleid in die Verenigde State van Amerika dat: "The shares issued in a business combination effected by stock should be accounted for in essentially the same manner as shares issued for cash, plant, or any other property - at the fair value of the consideration given or the fair value of the assets received, whichever is more clearly indicated. In most cases, the fair value of the consideration given is more evident."

'n Belangrike feit word deur May (48 bl. 92) aangestip, naamlik dat wanneer aandele uitgereik word vir die oorname van of die kombinasie met 'n ander maatskappy, aanvaar moet word dat die waarde van daardie aandele dieselfde is as dié van die reeds uitgereikte aandele.

Volgens Gilbert (23 bl. 197) voorsien die kapitaalmark 'n kontrole oor die waarde van 'n maatskappy se klandisiewaarde in die vorm van die prys/verdiensverhouding van die maatskappy se aandele, mits daar 'n aktiewe verhandeling van die aandele plaasvind. Gilbert is egter van mening dat die emosionele beïnvloeding van die aandelemark verhoed dat dit as primêre maatstaf gebruik kan word. Dit kan, syns insiens, hoogstens as 'n addisionele middel dien.

Dit is duidelik dat die markwaarde van die aandele vir nie een van die skrywers as die uiteindelijke totale waarde van die saak aanvaarbaar is nie. Tog is die waarde van die aandele, volgens Arthur Andersen and Company (5 bl. 82) in die meeste van die gevalle die duidelikste waarde. Al dié skrywers verkies die waarde van die bates. Bates word ook eenparig beperk tot die identifiseerbare bates.

#### 3.3.3.5 'N NUWE KONSEP

Vir ons is die gelyktydige konfrontering van die besluitnemer met soveel as moontlik van die verskillende situasies waarin hy kan verkeer ten aan-

sien van 'n besondere sakeonderneming, van deurslaggewende betekenis.

Hy moet verplig wees om, aan die hand van die ware toedrag van sake, self daardie keuse te maak wat in die beste belang van sy medemens sal wees.

Hy moet daartoe *verplig* voel, omdat die feite daarop dui dat dit in sy beste belang is.

Met betrekking tot 'n saak is die werklike en praktiese totale waarde, onses insiens, daardie waarde wat deur die aandelemark daarop geplaas word. Hierdie waarde behels, soos in 2.7 reeds gedeeltelik aangedui, die huidige waardes van die volgende:


- (1) Die tasbare bates
- (2) Die monetêre bates
- (3) Die geïdentifiseerde, gewaardeerde ontasbare bates en
- (4) die onbekende, ongewaardeerde ontasbare bates waarvan
- (5) die individualiteitstruktuurwaarde en
- (6) die spekulatiewe verwagtinge in die geld- en aandelemarkte twee onderafdelings is.

Aan die hand van die bovermelde indeling van die totale aandelemark-waarde is daar, onses insiens, die volgende praktiese oplossing vir die klandisie-waarde-dilemma:


1. Die totale waarde van die nuwe saak, ná oornam of kombinasie, word verkry uit die gestabiliseerde prys van sy aandele in die mark. 'n Mate van speling hier sal geen probleme gee nie, soos later sal blyk.
2. 'n Totale waarde van die saak word ook bereken volgens die verdienstebasis. Ook hier is speling toelaatbaar, soos later aangedui. Dit verteenwoordig die reële waarde van die saak.
3. Dertens word die totale waarde van die bekende bates naamlik (1) en (2) en (3) bepaal.

4. Deur die waarde in 2 bepaal, van die waarde in 1 bepaal, af te trek, word die aandelemarkverwagtinge se waarde bepaal. Hierdie waarde mag negatief blyk te wees en dan word dit aldus aangeteken.
5. Die individualiteitstruktuurwaarde (5) en die waarde van die onbekende ontasbare bates (4) word saamgegroepeer en kan voortaan die naam *klandiseiewaarde* dra. Dié waarde word bepaal deur die waarde in 3 bepaal, af te trek van die waarde in 2 bepaal.
6. Vervolgens word die indeks van daardie klas aandele waarin die maatskappy se aandele geklassifiseer is, soos op die datum waarop die waarde van 1 bepaal is, aangeteken.

Die bostaande kan as volg grafies voorgestel word:



Voorstelling 1 : Op datum van oornome



Indeks van handelsaandele: 90

Voorstelling 2 : Aan die einde van die eerste finansiële jaar

Toepassing van voormelde in die finansiële state sal soos volg wees:

Staat 1

Waardes op datum van oornome naamlik 1 Maart 1974

1.	Totale waarde, volgens aandelepryse (Dit is ook die waarde waarteen die oornome plaasvind) 10 000 teen R1,08	R10 800
2.	Totale waarde volgens verdienstebasis (Dit verteenwoordig die reële waarde van die saak)	9 000
3.	Totale waarde van die bekende bates (Aanvaar alles is vate bates byvoorbeeld meublement en dat die oorspronklike kosprys daarvan, gedurende 1970, R6 000 was. $\frac{128,4^{\dagger}}{100,0} \times 6\ 000$ )	7 704
4.	Aandelemarkverwagtinge 1 - 2 dit wil sê R10 800 - R9 000	1 800
5.	"Klandisiewaarde" 2 - 3 dit wil sê R9 000 - 7 704	1 296
6.	Indeks van handelsaandele (By oornome word die aantal aandele bepaal deur die totale waarde naamlik 1 hierbo te deel deur die ver- wagte markprys van die aandele. Om te verhoed dat die beginsels wat betrekking het op die bepaling van indekssyfers hier betrek word, word die indekssyfer gebruik vir die prys waarteen die aandele uitgereik word.)	108

---

<sup>†</sup>Verbruikersindeks vir meublement, Suid-Afrikaanse Reserwebank, Kwartaalblad,  
September 1975, bl. S-88.

Staat 2

Waardes aan die einde van die eerste finansiële jaar naamlik

28 Februarie 1975

- |    |   |         |
|----|---|---------|
| 1. | Totale waarde, volgens aandelepryse<br>10 000 teen R0,98  | R 9 800 |
| 2. | Totale waarde, volgens "verdiensbasis"<br>(Dit verteenwoordig die reële waarde van die saak en is, vir die jare wat volg op die eerste jaar, die totaal van 3 en 5 hieronder: 10 520 + 800)   | 11 320  |
| 3. | Totale waarde van die bekende bates<br>(Aansuiwering vir kapitaalinstandhouding volgens prysindeks vir meubels $\frac{142,0}{128,4} \times 7\ 704 = 8\ 520$<br>Vermeerdering in monetêre bates <u>2 000</u> )   | 10 520  |
| 4. | Aandelemarkverwagtinge<br>1 - 2 dit wil sê R9 800 - 11 320  | - 1 520 |
| 5. | "Klandisiewaarde" $\frac{0,98^\dagger - 0,90}{0,98} \times 9\ 800$  | 800     |
| 6. | Indeks van handelsaandele<br>'n Konsep soortgelyk aan differensiële koste (47 bl. 725 e.v.) word gebruik vir die bepaling van 5, naamlik "klandisiewaarde". Die standpunt hier is dat al sou daar in werklikheid 'n groter "klandisiewaarde" bestaan, dit net daardie deel daarvan is wat meer is as wat in die handelsake, oor die algemeen, opgebou is, wat van belang is. Die maatskappy, in hierdie voorbeeld, het relatief beter gevaar as die groep waarin hy deur die aandelebeurs geplaas word. | 90      |

<sup>†</sup>Sien bladsy 75.

Die indeks van handelsaandele het gedurende die jaar geval van 108 na 90, terwyl hierdie maatskappy se aandele gesak het van R1,08 na R0,98. Dat die maatskappy se aandele relatief meer werd is as dié van die groep, naamlik met R0,08 is, onses insiens, te danke aan die "differensiële" klandisiewaarde waaroor die saak beskik. Die res van die "klandisie-waarde" waaroor die saak beskik, wat relatief dieselfde is as dié waaroor ál die ander maatskappye in die groep (volgens die aandelebeurs-klassifikasie) ook beskik kan nie as "klandisiewaarde" beskou word nie. Dit het deel van die lewenstandaard geword. Dit is daardie voordele en dienste wat, omdat dit so algemeen aangebied word, deur verbruikers as vanselfsprekend aanvaar word. Op sigself sal dit nie meer 'n kliënt na 'n besondere saak trek nie. Indien dié dienste, nietemin, nie gelewer word nie, ontstaan daar onmiddellik negatiewe klandisiewaarde. Die Staat mag wel ingryp of ander omstandighede mag daartoe aanleiding gee dat ál die maatskappye dié dienste, of sommige daarvan, staak. Dan vind daar 'n daling in lewenstandaard plaas en sal 'n firma wat nie meer die dienste aanbied nie, nie negatiewe klandisiewaarde toon nie.

Hierdie toedrag van sake is moontlik verantwoordelik vir die aandrang daarop dat alle uitgawes wat aangegaan word om klandisiewaarde op te bou, afgeskryf word en nie gekapitaliseer word nie. Daar kan nouliks onderskei word tussen uitgawes wat aangegaan word om die "lewenstandaard" te handhaaf en uitgawes wat aangegaan word om 'n heel besondere beeld op te bou. Dit is slegs die laasgenoemde uitgawes wat kliënte as 't ware van mededingers gaan afrokkel en dus positiewe klandisiewaarde het. Om 'n heel besondere beeld te bou het so 'n algemene verskynsel onder sakeondernemings geword dat dit slegs die finansiële resultate is wat die sukses daarvan, al dan nie, kan aandui. Ons is van mening dat die prosedure hierbo voorgestel tot 'n mate daarin slaag om die bate *klandisiewaarde* aan te toon

en te waardeer.

8  
8  
8  
8

State 1 en 2, hiervoor, kan as volg in die balansstaat en inkomtestaat opgeneem wrod.

<u>Staat 3</u>	<u>1.3.74</u>	<u>28.2.75</u>	<u>Balansstaat op</u>	<u>1.3.74</u>	<u>28.2.75</u>
Kapitaal en nie-verdeelbare reserwes	10 800	8 296	Bekende bates	7 704	10 520
Verdeelbare reserwes	<u>          </u>	1 504	Klandisiewaarde	<u>1 296</u>	<u>800</u>
Markwaarde	10 800	9 800	Verdienstewaarde	9 000	11 320
	<u>10 800</u>	<u>9 800</u>	Aandelemarkverwagtinge	<u>1 800</u>	<u>- 1 520</u>
	<u><u>10 800</u></u>	<u><u>9 800</u></u>		<u><u>10 800</u></u>	<u><u>9 800</u></u>
			<u>Kapitaalaansuiwering</u>		
Daling in aandelemarkverwagtinge		3 320	Saldo 1.3.74		10 800
1 800 + 1 520			Kapitaalinstandhoudingsaansuiwering		
Saldo 28.2.75		8 296	ten aansien van bekende bates	8 520 - 7 704	<u>816</u>
		<u>11 616</u>			<u><u>11 616</u></u>
			<u>Inkomtestaat vir die jaar</u>		
Daling in klandisiewaarde	1 296 - 800	496	Bedryfswins vir die jaar		2 000
Netto wins vir die jaar		<u>1 504</u>			<u>          </u>
		<u><u>2 000</u></u>			<u><u>2 000</u></u>

Die onderliggende aanvaarding is dat óór- of ónderprestasie van 'n maatskappy, soos uitgewys deur die beweging van sy aandele teenoor die beweging van die klas as geheel, spruit uit die opbou of verwaarlosing van die maatskappy se klandisiewaarde. Óorprestasie dui daarop dat daar opbou van klandisiewaarde plaasgevind het, terwyl onderprestasie aandui dat klandisiewaarde verwaarloos is, dat dit toegelaat is om in waarde te daal.

Besparing op klandisiewaarde-uitgawes, dus verwaarlosing, mág wel soms aanleiding gee tot 'n foutiewe opwaartse beweging in die waarde van die aandele. Die aandelemark sal sy foutiewe vertolking egter, normaalweg, binne 'n baie kort termyn regstel.

## HOOFSTUK 4

### SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die huidige vervlegtheid van die ekonomie bied geleentheid vir die gelyktydige konfrontasie van die besluitnemer met 'n groot aantal van die beslissings wat hy moet maak. Deur die doeltreffende benutting van die finansiële state kan die besluitnemer daartoe verplig word om uit eie wil daardie beslissing te maak wat tot voordeel van homself en sy medemens is. Dit is moontlik wat Hawkins (29 bl. 352) in gedagte het wanneer hy aandring op "control systems with behavioral attributes which allow and encourage responsible management by self-control, rather than command through inflexible rules".

Geen stelsel kan egter ooit in sigself doeltreffend fungeer nie, daarom is die woorde van F.A. Kock (37 bl. 167), op 'n ander terrein, hier besonder aktueel: "Wat hier dus eintlik gebiedend geëis word, is die ..... daarstelling van 'n hele kulturele infrastruktuur".

Arthur Andersen and Company (5 bl. 164) het duidelik die korrekte begrip van die ware toedrag van sake wanneer hulle verklaar dat klandisiewaarde spruit uit faktore wat die verdienvermoë of beleggersopinie beïnvloed. Daardie faktore ontstaan egter nie uit die niet nie. Dit word ten duurste deur die firmas individueel en die sakegemeenskap in die geheel geskep. Die sakeklimaat lê ten grondslag van die nasionale en internasionale ekonomie en dus aan die lewenstandaard van elke individu. Die huidige hoë lewenstandaard wat op so 'n breë front geniet word, spruit tot 'n groot mate uit die inisiatief wat ondernemers neem om in die mens se behoefte aan natuur- en kultuurgoedere en dienste te voorsien. Uitvoering van die inisiatief vind plaas deur die gemeenskap bewus te maak van die beskikbare produkte en dienste.

Die gemeenskap moet eers die produk en diens aanvaar en 'n vraag daarvoor ontwikkel. Ontwikkeling van die gemeenskapsbewussyn is 'n duur proses. Die privaat-inisiatief van sakemanne het in die verlede baie daartoe bygedra dat die gemeenskap assosiale gebruike en gewoontes gestaak en vervang het met 'n meer gesofistikeerde lewenswyse, in die goeie sin van die woord.

Die uitgawes daarop het bygedra tot die skepping van die ontasbare bate *klandisiewaarde* vir baie ondernemings. Uit hierdie faktore spruit kliënte, verskaffers, regeringsamptenare, werknemers, politici en die algemene publiek se gunstige houding tot sekere firmas. (23 bl. 193.) Hierdie "qualitative factors of human contributions" (76 bl. 33) wat deur entrepreneurs aan die gemeenskap gelewer is, is aan hulle vergoed in die vorm van "a layer of fat in the earnings over the next few years." (51 bl. 146.)

Dat ondernemersinisiatief soms ontaard het in die onverantwoordelike skepping van onwenslike behoeftes, verwagtinge en lewenswyses, word vandag allerweë aanvaar. Daarby het die inisiatief vir die ontwikkeling van die gemeenskap nou oorgegaan uit die hande van die individu na die staat as instrument van die hele gemeenskap. Die gemeenskap betaal nou via die belastingstelsel vir die handhawing en daarstelling van 'n hoë lewenstandaard en sekuriteit. Die gemeenskap is nie meer eksklusief op die plaaslike winkelier aangewese vir krediet, afset van sy produkte en dienste, bydraes tot gemeenskapsaksies, ensovoorts nie. Daar ontwaak 'n onvergenoegdheid ten aansien van daardie ondernemings "yielding profits in excess of the normal rate of return". (43 bl. 731.)

ARS 10 (3 bl. 70) werp twyfel oor die reële aard, al dan nie, van die oorwinste: "Any superior earning power of the enterprise would be eliminated by amortization of the goodwill recognized, and the resultant earnings

would tend to indicate a 'normal' return". Wat hulle egter as klandisie-  
waarde-koste in berekening wil bring, is nie die uitgawes van die sáák  
nie, maar van die geméénskap, naamlik die eksternaliteite waarvan Terre-  
blanche (67) melding maak. Dit is wel waar dat die eksternaliteite in  
die produksieproses ontstaan, maar die sáák maak geen opofferings daarvoor  
nie; dit is die gemeenskap self wat die nadelige gevolge dra. Wat die  
saak aanbetref is dit steeds waar: " ... it uses cash to generate more  
cash". (4 bl. 21.) Die saak betaal kontant vir alle grondstowwe en  
dienste wat hy in die vorm van verwerkte goedere en dienste vir kontant  
verkoop.

Die saak het nie die reg om voordele vir homself van die publiek te vor-  
der waarvoor hy nie opofferings gemaak het nie.

'n Opvallende verskynsel is egter dat sekere sakeondernemings kulturele  
en filantropiese werk van besondere gehalte en omvangryk van aard doen.  
Die gemeenskap baat in der waarheid dubbeld uit die inkomste van hier-  
die sake, want dit is dikwels hulle wat, uit die aard van hulle produk,  
deur die staat uitgesonder word vir spesiale heffings. Hierdie inisiatief  
wat dié sake neem om die vraag na hulle produkte tot voordeel van die  
breë gemeenskap aan te wend, moet as 'n ideale toedrag van sake erken  
word. Daar sou nouliks nog hoër staatsheffings opgelê kon word sonder  
om die gebruikers van die produkte in die harnas te jaag teen die indivi-  
duele staatsfunksionarisse. Die persone in beheer van dié sake volg dus  
'n beleid wat ooreenstem met die optrede van die staat. Die hele aksie  
geskied egter in 'n gees van vrywilligheid wat aanvaarding doeltreffend  
verseker.

Winsgrense mag dus nie op ondiskriminerende wyse beoordeel word nie. Dit  
word sekerlik ook nie gedoen nie al sou só 'n afleiding moontlik gereg-  
verdig uit die bewoording van die inflasiemanifes<sup>28</sup> gemaak kon  
word.

Hierdie is maar een faset van die veelkantigheid van wins. Van Aswegen (69 bl. 14) beklemtoon byvoorbeeld: "En daar is net een bron waaruit die eintlike risiko van die entrepreneur betaal kan word: uit die wins". Die inflasiemanifes, alhoewel net vir ses maande bedoel, gaan, onses insiens, tot gevolg hê dat besluitnemers hulle riglyne van die verlede in heroorweging neem.

Aan die klandisiewaarde-vraagstuk kan dit 'n radikale wending gee. Die manifes (46 bl. 27) stel 'n rendement van vyftien persent, voor belasting en rente, op die totale aangewende kapitaal as teiken.<sup>28</sup>

Tot dusver het dit ondernemings gebaat om uitgawes op klandisiewaarde as koste af te skryf. Dit het belastingbesparings tot gevolg gehad en 'n welkome hoë koste gebiëd waarop die winsopslagkoers toegepas is. Verder het die afskrywing van klandisiewaarde as koste nie noodwendig meebring dat dit as bate verlore was wanneer dit te geleger tyd van die hand gesit staan te word nie. Die ondernemer het dit inderdaad "gerieflik" gehad!

Die gees van die manifes kan dalk meebring dat ondernemers mag besluit dat dit tot hulle voordeel is om dié gees, *klandisiewaarde*, uit die geheime reserwes<sup>29</sup> uit te haal en op die balansstaat te toon. So 'n stap impliseer nie noodwendig laer pryse vir verbruikers nie. Dit sal ook net gebeur as dit 'n hoër wins ná belasting tot gevolg sou hê.

Die steeds strawwer mededinging om fondse, die toenemende gespesialiseerdheid van sakebedrywighede, die neiging in al meer lande om kapitale-winste te belas en die toename in die omvang van sakeondernemings<sup>30</sup> gaan ongetwyfeld meehelp om die denke in verband met klandisiewaarde te wysig. Die poel-van-belange is baie duidelik 'n poging van sakeondernemings om beleggingskapitaal te trek. Dit geskied selfs ten koste van die voordele van belastingbesparings wat 'n herwaardasie van die oorgeneemde bate sou meebring. Dit beklemtoon die belangrikheid wat hoë-winste-op-die-korttermyn.

vir die langtermynvoortbestaan van die saak inhou. Sakeondernemings word nie meer gestig met die oog sydelings op die hoë kapitaalwins wat uiteindelik gerealiseer gaan word wanneer dit, met geboue en al, verkoop gaan word nie. Die bedryfswins is nou die primêre doel<sup>31</sup> : "In this era net income figures are the lifeblood of the capital markets."

(42 bl. 1038.) Daarom word geboue in toenemende mate gehuur van ondernemings soos assuransiemaatskappye wat daarin spesialiseer vir die sekuriteit wat dit bied. 'n Groot deel van die klandisiewaarde van vroeër was ongetwyfeld toeskryfbaar aan die perseel.<sup>32</sup> As daar dan geen uiteindelige verhaling van klandisiewaarde met die verkoop van die saak in sig is nie, of die gevaar bestaan dat die kapitale wins in alle geval belas gaan word, dan sal dit sakeondernemings baat om klandisiewaarde-uitgawes liever te kapitaliseer as om dit af te skryf. Sodoende laat dit hulle met winste waarmee kapitaal gewerf kan word. Verbruikerspryse mag selfs daal!

Feit bly, ondernemers gaan, in die lig van die bovermelde vereiste van die manifes alles in die werk stel om hulle "totale aangewende kapitaal" so realisties as moontlik op die balansstaat te toon. Klandisiewaarde is die één bate wat in die proses onder die soeklig gaan kom. In dié proses sal daar weer na die logika daarvan om die aandeelhoudersfondse teen markprys op die balansstaat te toon, gekyk word.

Aan Piaker se stelling dat dit die plig van rekenmeesters is om toe te sien dat finansiële state die waarheid moet bevat<sup>33</sup> kan nie beter uitvoering gegee word nie as om die aandeelhoudersfondse op die state teen markprys te toon nie. Daar is nie 'n beter waardering van die totale waarde van 'n saak as die markprys van sy aandele nie. (61 bl. 156.)

Die klandisiewaarde van 'n saak kan, volgens Spacek (61 bl. 157), net via sy totale markwaarde bepaal word: "Regardless of how anyone may think

goodwill should be valued, the fact is that goodwill is derived by making deductions for other assets from the market valuation of the overall business." Op dieselfde bladsy verklaar hy: "the investor - the market-place - determines the value of goodwill for a business."

Delging van enige bate volgens 'n formule is slegs die laaste uitweg. Dit kan, in die geval van klandisiewaarde, selfs 'n gevaarlike metode wees: "A ten-year understatement of net income by unjustified amortization charges is a serious, almost a disastrous, thing." (42 bl. 1038.)

'n Jaarlikse herwaardasie van klandisiewaarde<sup>34</sup> word ook deur Weinwurm ondersteun (76 bl. 34). Die probleem van manipulasie van aandelemarkpryse vir 'n doelbewuste beïnvloeding van die klandisiewaarde van die saak behoort nie 'n onhanteerbare probleem te wees nie. Die aandelebeurs verskerp voortdurend sy maatreëls teen enige vorm van bedrog.

Ten slotte is ons dit eens met Piaker (52 bl. 841) dat een van die probleme in verband met klandisiewaarde steeds sal wees: "to think out ways of separating the layers of assets - bundles of services, deferred future earnings, cost of obtaining momentum in an industry, favorable location, favorable contracts, oligopoly, avoidance of start-up costs, etc., which are commingled in the present loose concept of goodwill." En met Defliese (15 bl. 120): "The many faceted nature of goodwill as we find it today must be carefully studied in order to determine its accounting." Sowel as met Weinwurm (76 bl. 32) wanneer hy daarop aandring dat die "resterende bedrag" so klein as moontlik gehou moet word.

Met die twee items, klandisiewaarde<sup>35</sup> en geldmarkverwagtinge, soos hulle hier omskryf is, op die balansstaat, sal beleggers - beide groot en klein - beter in staat wees om die moontlike uitwerking wat 'n verandering in bepaalde faktore op die sakeklimaat in die algemeen en op hulle beleggings in die besonder kan hê, te beoordeel. Dit sal doeltreffender besluitneming en vervolgens groter stabiliteit in die ekonomie tot gevolg hê.

Ons is dit nie eens met Spacek (61 bl. 156) wanneer hy verklaar dat "the value of goodwill increases with improvements in general prosperity ..."  
nie. Hy verwar klandisiewaarde hier met die lewenstandaard. In tye van algemene voorspoed vind 'n besondere saak dit in der waarheid besonder moeilik om 'n eie, individuele klandisiewaarde op te bou.


Wanneer die uitdagings min is en die standaarde laag, slaag immers selfs die middelmatiges om te presteer. Om onder sulke omstandighede uitsonderlik te wees, is des te moeiliker. Onder welke omstandighede ook al, sal state, opgestel in ooreenstemming met die prosedure hier uiteengesit, aantoon of 'n saak oor positiewe klandisiewaarde beskik en indien wel, wat die waarde daarvan is.

'n Besluitnemer wat met dié state gekonfronteer word sal, as belegger, die aandelemarkverwagtinge, as werker, die deel van die opbrengs wat arbeid opeis, as verbruiker, die prys van die produk, ensovoorts, verantwoord. Met één stel state wat al die deelnemers aan die ekonomie dien is ten minste eenstemmigheid op daárdie terrein bereik.

## VOETNOTAS

1. Wat waar is van die rekenkunde geld tot 'n groot mate ook van die rekeningkunde. Van die rekenkunde verklaar H.J. Strauss (64 bl. 62): "Die vraag of ook Christelike rekenkunde moontlik is, kom nie net van die kant van ongelowige wetenskaplikes nie, maar selfs ook van die kant van Christene wat nie glo aan die bestaan van die Christelike wetenskap nie." Hy vervolg op dieselfde bladsy: "Vir die ongelowige kan géén wetenskap Christelik wees nie ....." En besluit dan: "Radikaal anders is dit egter gesteld met die Christen wat die bestaan van die Christelike rekenkunde ontken. Hy doen dit nie omdat hy God Drie-enig en Christus loën nie. Nee, hy doen dit omdat hy ten opsigte van sy eie religie in onkunde verkeer en dus in ongelowige dwaling verstrik sit."

2. Volgens Spier (62 bl. 43) onderskei Dooyeweerd vyftien modaliteite. Spier (62 bl. 43) gee die volgende skema van die modale aspekte volgens die siening van Dooyeweerd:



3. Om te kan vertaal moet die rekeningkundige oor kennis en insig omtrent verskeie terreine buite die rekeningkunde beskik. Crowningshield en Gorman (14 bl. 6) stel byvoorbeeld dat "the work of the cost accountant is closely related to that of the engineer, the production manager, the sales manager, the industrial economist, the mathematician, the statistician, and the personnel manager. If he is to meet the challenge facing him, the cost accountant must possess some knowledge in each of these areas." Die kennis en insig van die rekenmeester word dikwels op sigself die spil in 'n besondere situasie. Ons standpunt is nietemin dat "vertaalwerk" die hooffunksie van die rekeningkundige is.


4. Die aritmetiese antesipeer hier na die linguale. (Vir die begrip *antesipasie* sien voetnota 6.)

5. Die noodsaaklikheid van 'n totaliteitsvisie vir elke vakwetenskaplike word deur D.F.M. Strauss (63 bl. 12) as volg aangetoon: "Elke vakwetenskap stuit voortdurend op gegewens wat bloot vanuit sy vakwetenskaplike gesigshoek nié verantwoord kan word nie, aangesien daarvoor 'n wysgerige struktuurteorie benodig is wat 'n enkele vakwetenskaplike gesigspunt te bowe gaan."

6. Die totaliteitsvisie in hierdie werk word geskoei op die wysgerige insigte van Dooyeweerd. Dit word gedoen met die volle wete dat dit, soos deur Dooyeweerd self gestempel, volgens Spier (62 bl. 7), "voorlopig is en dit altyd sal bly". Dooyeweerd se grondinsigte word nietemin deur onder andere P. d. B. Kock (38 bl. 6) beskou as "'n reusewins en as onvervangbare en onweerlegbare waarheidsiening".

Dooyeweerd sien, volgens Spier (62 bl. 31 en 32), "die totaal-struktuur van die kosmos as 'n wêreldorde, deur die soewereine Skepper daargestel, en hierdie wêreldorde ontvou hom voor ons as 'n tydsorde, 'n individuele

orde en 'n orde van modaliteite". Spier (62 bl. 32) stel dit skematies as volg voor:



**Toeligting:**

1. Die dubbele horisontale lyn bo, sou ons die 'wetlyn' kon noem, wat skematies die grens tussen God en die kosmos voorstel.
2. Die groep horisontale lyne onder die 'wetlyn' dui die modaliteite of bestaanswyses van die geskapene, wat in 'n modale orde saamhoort, skematies aan.
3. Die vier vertikale lyne van verskillende grootte stel die individuele figure van ding, plant, dier en mens voor.
4. Die dik vertikale lyn is 'n aanduiding van die tydsorde, die fundamentele struktuur van die kosmos.
5. Die lang vertikale lyn, wat skematies die mens voorstel, dui nie op die mens in sy volle menslikheid nie, maar is slegs 'n voorstelling van die mens na sy volle *liggaamlikheid*. Trouens, in hierdie skema is die *wesentlike* van mens-wees, nl. sy religieuse verhouding tot God onder die dubbel-gebod van die liefde, nie verreken nie.

Spier (62 bl. 32) vestig die aandag daarop dat in hierdie skema die wesentlike van mens-wees, naamlik sy religieuse verhouding tot God onder die dubbel-gebod van die liefde, nie verreken is nie.

Die konsep van die modale aspekte, ook "wetskringe" genoem, was, volgens Spier (62 bl. 33) 'n geniale greep waardeur vir die wysbegeerte en vir die vakwetenskappe talle nuwe perspektiewe oopgegaan het. Die modale aspekte of modaliteite is, volgens Spier (62 bl. 33), nie blote "gesigshoeke" waaruit die dinge bekyk word nie. 'n Modale aspek is "'n bepaalde wyse waarop die individuele skepsele bestaan". (62 bl. 33.)

D.F.M. Strauss (63 bl. 83) noem dat die teoretiese denke voortdurend op hierdie "grense van alle wetenskaplike begripsvorming, soos wat dit navore kom in die onherleibare aard van die verskillende werklikheidsaspekte, stuit". Hy vervolg: "Elke aspek is in die onherleibaarheid daarvan ook tegelyk ondefinieerbaar". En verder dat: "Sodra daar gepoog word om die sin-kern van 'n bepaalde aspek nader te definieer (rasioneel deursigtig te maak), beland die denke of in 'n *petitio principii*, of die sin-kern van die betrokke aspek word gladnie opgeneem in die definisie nie!"

(63 bl. 84.) Die onherleibare eie-aard van die vyftien werklikheidsaspekte word aangedui deur die begrip *soewereiniteit in eie kring* (s.i.e.k).


(63 bl. 42.)

Uit bostaande volg dit dat die sin-kern van die ekonomiese aspek of bestaanswyse van alle skepsele ondefinieerbaar is. Die skynbare dilemma word egter oorbrug aangesien, soos D.F.M. Strauss (63 bl. 84) dit stel: "Die vraag wat die aard van die sin-kern is, wel beantwoord kan word wanneer die samehang met alle ander aspekte (retrosipasies en antesipasies) in aanmerking geneem word". Die ekonomiese aspek, die gebiedsveld van hierdie skripsie, word deur Spier (62 bl. 39) omskryf as "die menslike bestaanswyse wat dit by ons tuisbring dat alles wat nie vir elkeen in oorvloed beskikbaar is nie, (ekonomiese) waarde het". Hy noem (62 bl. 39) dat geld as waardemeter gebruik word, "en daarom moet vir waardevolle dinge baie geld betaal word". Spier (62 bl. 39) gaan voort: "Op grond van hierdie bestaanswyse is dit

sinvol om te werk, geld te verdien, en dan ekonomies-spaarsaam met jou geld en ander aardse besittings om te gaan." En verder: "Dat die ekonomiese aspek die sosiale tot naaste fondamentstuk het, is duidelik wanneer ons daaraan dink dat die waarde van ons aardse besittings juis in ons onderlinge omgang en verkeer die beste tot hul reg kom." (62 bl. 39.)

Dit is hierbo genoem dat die aard van die sin-kern van 'n modaliteit toegelig kan word aan die hand van die samehang daarvan met alle ander aspekte. Hierdie samehang, of, in woorde van Spier (62 bl. 52) "die onderlinge verweefdheid van alle modaliteite, waardeur hulle gesamentlik 'n magtige ar- gitektoniese geheel vorm, waarin die wysheid van die groot Boumeester en Kunstenaar van die kosmos heerlik tot uitdrukking kom voor die oog van elkeen wat gelowig na Gods werke kyk," word filosofies uitgedruk in die terme *antesipasie* en *retrosipasie*.

Spier (62 bl. 53) verduidelik dit as volg: "Saam dui hierdie terme op die feit dat elke wetskring in sy eie interne opbou 'n afspieëling van die hele kosmiese wetsorde is, egter telkens op 'n ander manier. Dit berus dāārop dat elke bestaanswyse in elke aspek op een of ander manier verteenwoordig is. Ons kan hierdie stand van sake, naamlik dat elke modaliteit op sy eie manier die kosmiese geheel verteenwoordig, ook uitdruk in wat Dooyeweerd universaliteit in eie kring (u.i.e.k.) noem. "Antesipasie beteken vooruitgryping en retrosipasie teruggryping (62 bl. 53). Spier (62 bl. 56) gee die volgende voorstelling van die psigiese wetskring met primêre retro- en antesipasies:



Die belangrikheid van die begrip u.i.e.k. vir hierdie werk, op die terrein van die ekonomiese, word onder andere geïllustreer deur die volgende voorbeeld van Spier (62 bl. 55): "Die ekonomiese gryp vooruit na die juridiese, byvoorbeeld in bedryfsreëlings." 'n Nog dieper inhoud van hierdie begrip word deur D.F.M. Strauss (63 bl. 62) as volg aangetoon: "Kragtens die skeppingsbeginsel van u.i.e.k. appelleer elke werklikheidsaspek derhalwe in sy ante- en retrosipasies op die volle kosmiese sin-samehang. Daardeur kom die inter-modale kosmiese sin-samehang tot uitdrukking - 'n sin-samehang wat steeds bō die sin-verskeidenheid uitwys na die radikale eenheid en Goddelike oorsprong daarvan."

7. In die oop gesprek van die wetenskapsbeoefening verleen onmiddellike identifisering van die eie religieuse standpunt perspektief aan elke woord

en konsep wat gebruik word. Om dit te beklemtoon haal Gynther (26 bl. 353) Holmes (32) as volg aan: "No men can have satisfactory relations with each other until they have agreed on certain ultima of belief."

8. In die lig van die uitgesproke standpunt in die teks van hierdie werk is die afstaan van ruimte aan 'n verduideliking van die eie religieuse beskouinge sekerlik nie nodig nie.

9. Die standpunt dat die hulpbronne onbeperk is en dat die tegniek maar net ontwikkel moet word om dit te ontgin is, onses insiens, net so loërend van die werklikheid as die standpunt dat beide bronne en sofistikasie van die tegniek beperk is. Eersgenoemde ontken die beperkinge van die mens en laasgenoemde misken die alvermoë van God.

10. In verband met die kultuurtaak van die mens haal Viljoen (74 bl. 146) Stoker as volg aan: "God het die mens, die kultuurvormer, as heer geplaas oor Sy Skepping. Die mens heers kultuurvormend oor alles wat God aan sy sorg toevertrou. Hierdie heer-wees, hierdie heerskappy, hierdie heersing en beheersing, druk die menslike heerlikheid op die aarde uit."

11. Met die ekonomiese tydsorde (verwys 63 bl. 96 e.v.) as kriterium doen H.J. Strauss (65 bl. 116), gedurende 1939, die volgende interessante indeling van die ekonomiese goedere aan die hand: (i) Die ekonomiese goedere en dienste waarvan die ekonomiese leeftyd anorganies gefundeer is, byvoorbeeld die metale. (ii) Daardie waarvan die leeftyd organies gefundeer is, byvoorbeeld plante, diere, ensovoorts. (iii) Die ekonomiese goedere en dienste waarvan die ekonomiese leeftyd histories gefundeer is, waarby dan die tegniek in die sin van ekonomiese beheersende-vormingswyse op die voorgrond tree. "Hierdie groep het dan ook potensieel die grootste ekonomiese leeftyd omdat geslag na geslag die verouderde ekonomiese goedere

weer kan omwerk en verwerk in hul beheersende vormingsarbeid." (65 bl. 116.)

12. Leake word beskou as een van die belangrikste bydraers tot die literatuur oor klandisiewaarde. Carsberg (10 bl. 15) betwyfel tot 'n mate die oorspronklikheid van Leake se denke oor die onderwerp, maar stel nietemin dat sy werke "a collection, a refinement, and above all, a dissemination of the ideas which had been expressed by others" is.

13. American Institute of Certified Public Accountants.

14. S6 vermeld die Sandilands-verslag (56 bl. 26) die volgende nege alternatiewe waarderings vir nie-monetêre bate wat in die praktyk aangeref word.

88. At least nine possible measures of value of non-monetary assets have been put forward in evidence to us, and it has been implied in this evidence that they are alternative bases of valuation. These nine measures are:

- (i) The price that would have to be paid at today's date to purchase an asset of the same type as the existing asset (the 'current replacement cost').
- (ii) The price that would have to be paid at today's date to purchase an asset of the same type as the existing asset *less* depreciation to the extent that the existing asset has been depreciated (the 'written down replacement cost').
- (iii) The current open market sales value of the asset.
- (iv) The 'forced sale' value of the asset, ie the amount likely to be obtained for the asset if the asset were put on the market in circumstances unfavourable to the seller.
- (v) The 'net realisable value' of the asset, ie the amount likely to be realised for the asset *less* the costs likely to be incurred in bringing the asset to the point of sale.
- (vi) The present value of all expected future earnings from the asset in discounted terms (sometimes called the 'economic value' or 'discounted present value' of the asset).
- (vii) The 'existing use' value, ie the value of the asset to its owner for its existing purpose.
- (viii) The 'alternative use' value, ie the value of the asset for a prospective purpose other than the purpose for which it is at present used.
- (ix) The 'going concern' value, ie the value of the asset to a company on the assumption that the company will continue to trade as a going concern.

Dié verslag (56 bl. 26) reduseer die nege alternatiewe tot drie, naamlik:

1. The current purchase price
2. The net realisable value
3. The 'economic' value

en volstaan dan met die volgende formule (56 bl. 169):

"The value of an asset to a company is its written down current replacement cost (current purchase price), except in situations where the written down current replacement cost is higher than both the 'economic value' and the net realisable value in which case the value of the asset to the company is the 'economic value' or the net realisable value, whichever is the higher".

Gynther (27 bl. 253) huldig die volgende gedagtes oor die onderwerp:


"When a decision has been made by internal decision makers to continue to operate an asset, the relevant figure for external financial position statements is the present value of the future expected net cash flows from operating the asset." Gynther (27 bl. 253) verkies hierdie waarde bo die "current market selling prices" en "current market buying prices" deur andere voorgestaan.

Hierteenoor bepaal die Nasionale Raad (16 par. 6.3) die huidige waarde van 'n bate deur 'n raming te maak van die bedrag wat op die datum van oornome benodig sal word om die betrokke bate te substitueer.

15. Onder individualiteitstruktuur word, volgens Spier (62 bl. 76) verstaan die wetmatige opbou van die individuele ding.

Met betrekking tot individualiteitstrukture verklaar D.F.M. Strauss (63 bl. 246): "dat elke vakwetenskap voortdurend op sulke individualiteitstrukture stuit, maar dat die totaliteitskarakter daarvan nooit vasgelê kan word vanuit een of ander vakwetenskaplike gesigshoek nie." Beide Strauss (63 bl. 246) en Spier (62 bl. 76) noem dat die modaliteite (sien

voetnotas 1 en 6) tot 'n ander horison van die kosmos behoort as die individualiteitstrukture. Volgens Spier (62 bl.76) moet daar in die kosmiese geheel van die skepping vier horisonne onderskei word, deur hom as volg voorgestel:



Die nuwe werklikheid word aangedui deur die plastiese horison. Die modale horison is ietwat verder verwyder aangesien die modale onderskeidings in die kosmos slegs deur wysgerige analise helder en duidelik waargeneem kan word. Die tydshorison, nog verder, dui daarop dat alle skepsele in die tyd begrepe is. Dit beteken "dat die verskillende modale funksies van elke benede-menslike skepsel saam gebind is tot 'n ding-eenheid in die dieptelaag van die kosmiese tyd." (62 bl. 77) "Elke ding is dus nie", in die woorde van Spier (62 bl. 77), "'n groepie los funksies nie, maar 'n integrale eenheid, gewortel in die 'bodem' van die tyd."

Teenoor hierdie integrale eenheid staan die begrip van die individualisme wat, volgens D.F.M. Strauss (63 bl. 64), elke struktuurindividualiteit sien as 'n blote samevoeging van los entiteite, as 'n optelsom van individue of individuele dinge. "Volgens die individualisme", vervolg Strauss, "gaan

die sg. dele daarom steeds aan die geheel vooraf."

Vir die universalisme weer is, volgens D.F.M. Strauss (63 bl. 64), die geheel daarenteen altyd anders of méér as die dele, "want die biotiese organisme, waarin die geheel die dele integraal omvat, word verhef tot algemene vergelykingsmodel." Strauss gaan voort: "In 'n gepresiseerde modaal-biotiese sin is dit wel verantwoord om te praat van 'n geheel met sy dele, maar in alle latere aspekte funksioneer die sin-kern van die biotiese aspek slegs analogies, sodat daar telkens in sulke aspekte 'n modale kriterium nodig is om die sin van hierdie funksionering te verantwoord."

En verder: "Die universalisme negeer egter hierdie sin-verband vanuit die immanensie-standpunt en beland gevolglik dikwels in antinomieë, omdat die sin-grense van Gods skeppingsorde sodoende genivelleer word." Volgens Strauss (63 bl. 65) "trag beide die individualisme en die universalisme om die orige werklikheidsaspekte as 't ware teoreties te 'beset', waarna daar dan geen nadere rekenskap van die sin van individualistiese of universalistiese uitsprake gegee word nie".

Dit is, onses insiens, hierdie dwaling waarna Strauss verwys wat Lall (43 bl. 732) intuïtief aangevoel het met sy volgende standpunt:

"I view with disfavour the suggestion of the Incorporated Accountants' Research Committee that in the valuation of goodwill various factors should be assigned weightage and the value of goodwill be arrived at by summation of such factor values."

Om terug te keer na die verskillende horisonne: Die mens - na Gods beeld geskape - het 'n religieuse horison; die wydste horison wat maar enigsins moontlik is (62 bl. 77).

In die individualiteitstruktuur van die kulturele aktiwiteit is daar, volgens Spier (62 bl. 81) 'n onlosmaaklike samehang en samespel tussen die funderings- en bestemmingsfunksie; twee funksies wat slegs in hulle onder-

linge betrokkenheid die individuele bestemming van die kultuurprestasie kan bereik. {Ter verduideliking van die voormelde twee funksies kortliks die volgende aanhaling uit Spier (62 bl. 80): "(Die) kwalifiserende bestemmingsfunksie (gee) leiding aan 'n interne ontsluitingsproses; 'n proses wat gerig is op 'n spesifiek individuele bestemming. Sonder historiese bewerking, sonder die op oorleg gebaseerde mag tot vorming ..... is kultuur nie moontlik nie. Hierdie vormingsfunksie is die funderende funksie."}

Die meeste samelewingstrukture waaraan die mens deel kan hê, is, volgens P. d. B. Kock (39 bl. 137), histories gefundeerd (hulle kom tot stand deur stigting en organisasie) en staan verder onder leiding van (is gekwalifiseer deur of afgestem op) een of ander normatiewe gesigspunt.

In hierdie verband haal Spier (62 bl. 84) die volgende aan: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie." Hy gaan voort: "Hierdie woord van God by die begin van die mensegeslag ..... het ongetwyfeld ook dié verdere strekking naamlik dat dit die wil van die Skepper is dat sy mensekinders nie los langs mekaar in die wêreld sal staan nie, maar in allerlei lewensverhoudinge moet saamleef, om in alle samelewingsverbande persoonlik en gemeenskaplik die Here te dien."

"De menselijke samenleving vertoont", volgens Kalsbeek (35 bl. 198), "niet de aanblik van een chaos al kan het er hier en daar onder bepaalde omstandigheden soms wel wat op lijken." Hy meld verder (35 bl. 199) dat in 'n gedifferensieerde samelewing verskillende samelewingsvorme soos onder andere sakeondernemings onderskei kan word. Dooyeweerd het, volgens Kalsbeek (35 bl. 199), daarin geslaag om "invariable structuurtypen of tipische structuurprincipes, die als normatiewe structuurwetten aan de menselijke samenleving zijn gesteld," aan te toon. Hiervolgens word sakeondernemings by die verbande (35 bl. 201, 62 bl. 84 en 39 bl. 137) gegroepeer.

Die verbande (waaronder dan sakeondernemings) vertoon 'n hegte samelewing-  
struktuur, 'n inherente gesagstruktuur en 'n relatiewe duursaamheid, on-  
afhanklik van die kom en gaan van individuele lede (39 bl. 137).

Die Wysbegeerte van die Wetsideë se suksesvolle ontleding van die same-  
lewing is, volgens Kalsbeek (35 bl. 205), hoofsaaklik te danke aan die  
erkenning van soewereiniteit in eie kring van die onderskeie individuali-  
teitstrukture. Hiervolgens is die verhouding, genoem vervlegting, tussen  
Staat, Kerk, sakeonderneming, ensovoorts van so 'n aard dat elkeen sy eie  
selfstandigheid behou (62 bl. 106).

Uit die bostaande is dit duidelik dat die sakeonderneming histories ge-  
fundeerd is en afgestem is op die ekonomiese aspek. As 'n verband het  
die saak 'n subjekfunksie in alle modaliteite (62 bl. 85.) Omdat die  
ekonomiese 'n normatiewe (62 bl. 46) wetskring is (62 bl. 87), is ewe-  
wigtige besparing in die sakeonderneming nie 'n natuurverskynsel nie,  
maar 'n roeping om ewewigtige besparing te handhaaf, te beoefen en te  
verwerklik - teenoor alles wat afbreuk daaraan kan doen. (In analogie  
van 62 bl. 87.) Die sakeonderneming is histories gefundeerd aangesien  
dit deur stigting en organisasie tot stand gekom het. (39 bl. 137.) Die  
individualiteit van die sakeonderneming (62 bl. 86) is daarin geleë dat  
die ekonomiese modaliteit of norm al sy funksies of modaliteite rig op  
die individuele bestemming van ewewigtige besparing:

- (1) Die getalsaspek in die saak sal sō gerig wees op ewewigtige  
besparing: die minimum hulpbronne wat die maksimum opbrengs  
kan lewer.
- (2) Die saak sal poog om sy produksie-aktiwiteite in die kleinste  
ruimte te bedryf, maar om daarby so 'n groot kliënte-area as  
moontlik te betrek.
- (3 en 4) Tyd- en bewegingstudies dui op die ekonomiese benutting van

beweging en energie.

- (5) Die terme ontstaan, groei, kwyn, voortbestaan, ontbind, ensovoorts dui op die biotiese (organiese lewe) aspek van die saak.
- (6) Die suksesvolle saak het 'n doeltreffende aanvoeling vir die sakeklimaat en die betrokkenes (kliënte, personeel, verskaffers, owerhede) se voorkeure.
- (7) Die aanvoeling so pas vermeld lei tot kundige ontleding en verifiëring van die intuïsie aan die hand van die beskikbare metodes en gegewens.
- (8) 'n Sakeonderneming word deur stigting en organisasie tot stand gebring en in stand gehou. Dit is dus histories gefundeerd met al die ontsluitende antesiperende momente wat dit behels. Watter soort mag die basis van 'n histories-gewortelde verband vorm, word, volgens Spier (62 bl. 93), deur die bestemmingsfunksie van die betrokke verband bepaal. Daarom, die mag wat die uitoefening van ewewigtige besparing moontlik maak, is die winsmotief. {Indien Spier (62 bl. 102) bedryf beskou as sinoniem met sakeonderneming, verskil ons van hom wat betref die funderingsfunksie. Hy beskou die bedryf as gefundeer in die mag van die kapitaal. Sō verklaar hy (62 bl. 103): "Wanneer dit egter skeefloop met die bedryfskapitaal - funderingsfunksie - sodat daar nie meer genoegsame wins gemaak word nie, of sodat daar nie voldoende geld beskikbaar is om gaandeweg moderne doeltreffende apparaat aan te skaf nie, sal die bedryf noodwendig bankrot speel." Daar is egter talle sakeondernemings wat sonder enige kapitaal hoegenaamd met groot sukses voortgesit kan word, byvoorbeeld rekenmeester, haarkapper, sanger, stoeier, ensovoorts.

Dit kan genoem word die dienste-bedrywe. Dit is selfs te betwyfel of Spier se standpunt altyd sou geld indien bedryf beperk word tot vervaardigingsake.} Die winsstrewe dwing elke deelnemer aan die ekonomie - en dit sluit elke mens in - om by die ekonomiese "wette" te hou.

Onder winsstrewe word hier mēer bedoel as die bedrag waarmee die verkoopprys die kosprys oorskry, soos wat Spier (62 bl.101) dit wil hê. Ook wanneer arbeid sy dienste aanbied, moet die winsstrewe erkenning ontvang. 'n Loon aan arbeid wat te gering is om in die arbeider se lewensbehoefte te voorsien, verontagsaam die winsmotief. 'n Vergoeding vir grondstowwe wat onvoldoende is vir die grondstofeienaar om die uitputting van sy bronne te vervang, misken op soortgelyke wyse die winsmotief. Kapitaal en ondernemerstalent moet op dieselfde wyse in stand gehou word. Dit wil sê die winsmotief moet in berekening gebring word, daar moet pariteit tussen produktiwiteit en vergoeding wees. 'n Arbeider wat nie sy volle vermoë gee nie, is nie op 'n volle loon geregtig nie. Die vasstelling van sy loon geskied nie onder dwang van die winsstrewe nie. Indien sy onderprestasie spruit uit een of ander gebrek aan sy kant waarvoor hy nie doelbewus verantwoordelik is nie, sal, met die vasstelling van sy loon, nie die winsmotief nie, maar die etiese die leiding gee. Indien die minderwaardigheid van sy arbeid wel sy eie toedoen is, moet die vergoeding ooreenstemmend minderwaardig wees.

Die onlosmaaklike samehang tussen funderings- en bestemmingsfunksie (62 bl. 81) is hier duidelik op die voorgrond.

Verontagsaming van die winsmotief {net maar 'n ander term vir

waardeafwegende spaarsaamheid - die term wat deur P. d. B. Kock (39 bl. 103) gebruik word om die kwalifiserende sin-kern van die ekonomiese modaliteit aan te dui} in welke transaksie ook al moet noodwendig afbreuk doen aan die welvaart van die samelewing. In die Christelike gemeenskap staan die welvaart egter nie sentraal nie. Die Christen sal met vreugde gelowig-gehoorsaam anti-ekonomies optree in bepaalde situasies waar die estetiese, die juridiese of die etiese vir hom swaarder weeg. Dat dít so is, is geen regverdiging om die s.i.e.k. van die ekonomiese aspek te ontken nie. Intendeel, dit gee slegs heerlike erkenning aan die s.i.e.k. van die pistiese en die sekerheid wat elke mens in God mag geniet.

Wanneer die Christen die ekonomiese wette oortree, appelleer hy in die geloof op die soewereiniteit van die God in Wie se hand elke wet is. Elkeen van Sy wette dra by tot die grootse orde in die skepping waarin die mens Hom mag verheerlik en vryheid geniet juis op grond van gehoorsaamheid aan dié wette, riglyne uit Sy hand.

- (9) Geld word as waardemeter gebruik. Die getal word gebruik om die simboliese betekening te verwerklik. Dit bied die grootste gemeenskaplike betekenis vir die kennis wat hier oorgedra moet word.
- (10) Elke mens het binne en buite sy amp en beroep 'n sosiale subjekfunksie, omdat elke mens geroepe is tot omgang met sy medemens (62 bl. 38). Maatreëls wat met die oog op menslike omgang getref word, soos byvoorbeeld die bou van huise, die aanlê van verkeersweë, die fabrikasie van voertuie, ensovoorts is almal volgens Spier (62 bl. 38), egte sosiale maatreëls {"Die kultuur-

voorwerpe wat omgang moontlik maak en bevorder, is dus sosiale objekte."(62 bl. 39)} Dat die ekonomiese aspek die sosiale tot naaste fondamentstuk het, is, volgens Spier (62 bl. 39), "duidelik wanneer ons daaraan dink dat die waarde van ons aardse besittings juis in ons onderlinge omgang en verkeer die beste tot hul reg kom".

Dit is duidelik dat die sakeonderneming die brandpunt van die ekonomiese sosiale verkeer is. Die saak neem die inisiatief om die gemeenskap bewus te maak van sy sosiale behoeftes. Dit dien as werkplaas waar die ekonomiese sosiale objekte geskep word.

- (11) Die funderings- en bestemmingsfunksie is twee funksies wat, volgens Spier (62 bl. 81), slegs in hulle onderlinge betrokkenheid die individuele doel van die kultuurprestasie kan bereik.

Die kwalifiserende funksie wat die aard van die betrokke ding aandui, speel, volgens Spier (62 bl. 78), in die struktuur van die betrokke ding 'n leidende rol deur al die subjekfunksies van die ding tot 'n eenheid saam te bind, en deur al hierdie funksies op 'n individuele wyse te rig op 'n bepaalde individuele bestemming. Dooyeweerd noem dit, volgens Spier (62 bl. 78), die interne ontsluitingsproses van die ding. Naas die interne ontsluiting, wat betrek is op die subjekfunksies van die dinge, is daar ook die eksterne ontsluiting van hulle objekfunksies (62 bl. 79). Hierdie laaste ontsluiting moet van buite kom.

Spier (62 bl. 83) vra: "Op watter manier kom die ontsluitingsproses van die antesipasie-momente in die menslike lewensont-

plooiing op dreef? Is dit toevallig, of geskied dit struktureel, wetmatig?" Hy gaan voort: "Die laaste is die geval, want in die menslike lewe geld hierdie wet, naamlik dat 'n antesiperende moment - binne 'n individueel-subjektiewe funksie van 'n persoon - ontsluit word wanneer die ander funksie, waarheen hierdie antesiperende uit 'n laere kring vooruitwys, 'n leidende rol in die persoon se lewe begin speel." Spier (62 bl. 84) stel: "Die ontsluiting van die mens se lewe geskied in same-lewing." Hierdie woorde kry dieper betekenis uit die volgende: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie."

Onses insiens bied hierdie perspektiewe 'n nuwe uitsig op die bestemming van die sakeonderneming:

Die sakeonderneming bied die ontmoetingspunt waar die individue in die same-lewing ekonomies {dit wil sê "spaarzame wijze van beheer van schaars goedere" (35 bl. 98)} ontsluit word.

Ontsluiting is nie gelyk aan opvoeding nie. Dit is eerder ont-plooiing tot volle mense, kundig en ervare, volgroeid maar ook gebreek; gelouter in die volle sin van die woord.

Van der Merwe (71 bl. 138) wys daarop "dat die mens subjektief binne al die modaliteite kan fungeer". En verklaar verder, op dieselfde bladsy: "Die ten volle ontwikkelde mens sou dus daardie persoon wees wat met sy volledig-gestruktureerde bestaan binne al die modaliteite in ooreenstemming met die kosmiese wetsorde sou kan optree." Vir die opvoeding bly, volgens Van der Merwe, "die doel steeds die ten volle ontslote .... mens." (71 bl. 138.) Hy gee egter toe dat, "Onder gereformeerde pedagogiekers ..... geen eenstemmigheid (is) oor wat dan wesentlik

die doel van die opvoeding is nie (71 bl. 136), aangesien "volwassenheid geen afgeslote of voltooibare toestand is nie". Sy volgende woorde bevestig, onses insiens, ons standpunt met betrekking tot die doel van die sakeonderneming, naamlik: "As egter die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur Christus in gedagte gehou word, moet dit onmiddellik duidelik wees dat die volkome ontslote en beskawingsmondige mens, wat in 'n gedifferensieerde samelewing op elke terrein sy taak met verantwoordelikheid kan vervul, in hierdie bedeling onbereikbaar is."

- (12) Dooyeweerd gebruik, volgens Spier (62 bl. 39), as sin-kern vir die estetiese "skone harmonie of eweredigheid". Met betrekking tot die sakeonderneming dui dit vir ons op die strewe, so inherent aan die saak, om sy produksiefaktore optimaal te kombineer. Dit is inderdaad so dat die saak in sy hele beleid gebalanseerd en gekoördineerd moet optree alvorens daar in der waarheid van sukses sprake kan wees.
- (13) Spier (62 bl. 89) stel dat in alle verbande van die samelewing 'n gesagsfaktor is wat tot die wetmatige struktuur van elke verband behoort. Verder, dat al hierdie onderskeie gesagsoorte gekwalifiseer word deur die bestemmingsfunksie van die verband waartoe elk van hulle behoort. Elke soort gesag kom binne die sfeer waartoe dit behoort, tot uitdrukking in alle modale funksies van die betrokke verband (62 bl. 89). Dit is volgens Spier (62 bl. 90) slegs die interne regsverhouding en nie ook die eksterne regsverhouding wat tot die individualiteitsstruktuur van die betrokke verband behoort nie.
- In die sakeonderneming is die draers van die oppergesag De Iure

die eienaars van die permanente kapitaal. Of dit De Facto ook die geval is, is sterk te betwyfel. Aan hierdie saak word elders volledig aandag gegee. Hier kan net aangestip word dat die gewone aandeelhouders heel dikwels, indien nie in die meerderheid van gevalle nie, genoeë neem met 'n bepaalde opbrengs op beleggings en dat dit in der waarheid die bestuur is wat die grootste inisiatief neem om die interne gesag en beleid te bepaal. Dit is dus bestuur, op elke vlak, wat die regsnorme handhaaf of verkrag. Dit is dus skynbaar bestuur wat die sinkern van die bestemmingsfunksie van die saak, naamlik ewewigtige besparing, verwerklik.

Die stand van die sosiale struktuur waarin die besondere sakeonderneming hom bevind, sal tot 'n groot mate bepalend wees van die interne gesagsbeleid wat gevolg word. Wanneer die volgende, reeds aangehaalde woorde van Spier (62 bl. 39), naamlik " .. die waarde van ons aardse besittings (kom) juis in ons onderlinge omgang en verkeer die beste tot hul reg ...." hier in verband gebring word, dan staan die aktualiteit van die interne beleid wat gevolg word, skerp uit. Die vraag of dit in die saak om die eienaars gaan, om die samelewing, of iemand anders, verg dan 'n indringende antwoord.

- (14) Die etiese aspek van die individualiteitstruktuur van die saak is, onses insiens, daarin geleë dat die betrokke partye by die saak {verskaffers (van grond, arbeid, kapitaal en ondernemers-talent) en verbruikers (van goedere en dienste - insluitende die staat as verbruiker namens die gemeenskap)} onderling eties {"liefde" - in modale sin - volgens D.F.M. Strauss (63 bl. 80)} moet verkeer. Die ruil moet "gelykop" wees. Dat

dit in die praktyk nie altyd so daaraan toegaan nie, moet nie net aan die "sterkere party" gewyt word nie. Die "swakkere party" het 'n vyftig persent aandeel aan sy posisie. Van der Colf (70 bl. 725) stel dit só: "Ons sal van voor af moet leer om ons geestesvermoëns te gebruik - en dit effektiewer te gebruik ..... Doen ons dit nie, is die komende ramp ons verdiende loon ....." Die sterkere party sal betaal vir sy uitbuiting; die swakkere party betaal nou vir sy ongeloof en ongehoorsaamheid. Vir elkeen is daar immers "oorvloed". Van der Colf praat van " ...ons wat so voortreflik begenadig is op geestelike, kulturele en materiële gebied". In die volheid van die lewe is geld natuurlik nie die waardemeter nie.

- (15) Die sakeonderneming kan nie in die ware Geloof Lewe nie. Dit kan hoogstens (beide analogies) in die geloof lewe. Die "geloof" wat aan die saak sy "sekerheid" bied, is juis geleë in die wetmatigheid van die skepping. Goedere word vandag gekoop en dienste vandag verrig in die "geloof" dat dit môre afgehaal sal word. Waar daar geen geloof is nie, is daar trouens geen bestaansmoontlikheid vir die individualiteitstruktuur van die sakeonderneming nie. Sonder geloof sou daar geen bereidwilligheid tot prestasie wees nie, uit vrees dat die teenprestasie nie gelewer sal word nie. Hierdie vertrouensaspek vind weerklank in elke faset van die saak: die saak word gestig in die vertrouwe dat dit winste sal afwerp, arbeiders aanvaar en dienste gelewer in die vertrouwe dat hulle te gelegener tyd vergoed sal word, ensovoorts.

Dit is duidelik dat die staat nie 'n sakeonderneming is nie, ook nie die kerk, skool, vereniging of enige ander samelewingsvorm nie. By almal ont-

breek die winsstrewe (waardeafwegende spaarsaamheid), die bestemmings- funksie, eie slegs aan die individualiteitstruktuur van die saak.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat, in die woorde van Kalsbeek (35 bl. 187): "Het ding blijkt meer te zijn dan die som zijnen modale functies." Kalsbeek gaan voort: "Hier hebben we nu het punt bereik waar de theorie der modale aspecten ons in de steek laat." En verder: "We maken hier een sprong van de modale naar de individualiteitsstruktuur, die een bovenmodaal karakter heeft, maar intussen niet zonder de modaliteiten kan bestaan." Ons sluit die onderwerp, die individualiteitstruktuur, hier af met die woorde van Kalsbeek (35 bl. 188): "Deze blijvende eenheid van een individueel ding is echter niet tot 'Gegenstand' van het theoretisch denken te maken. We kunnen er ons dus geen begrip van vormen. We hebben er echter wel, zoals uit het voorgaande blijkt, enig idee van."

16. In die Inkomstestaat is klandisiewaarde op 'n groot verskeidenheid plekke getoon:

Ná gekonsolideerde wins ná belasting

Ná wins ná belasting, voor buitengewone items

As heel laaste aftrekking

In notas ten aansien van wins vóór belasting

Net na bedryfswins

Vóór wins ná belasting

Ingesluit by die aanwendings

Ingesluit by die waardevermindering van vaste bates

Ná wins ná belasting by buitengewone items

By nota ten aansien van onverdeelde wins van vorige jaar

Ingesluit by buitengewone items vóór wins vóór belasting

Net ná wins ná belasting en onverdeelde wins van vorige jaar

By inset ten aansien van "wins vóór die volgende ....."

Die bewoordings wat op die Inkomstestaat gebruik word om die afskrywing aan te dui, is onder andere die volgende:

Klandisiewaarde spruitende uit die aankoop van 'n filiaal vir kontant.

Afskrywing van klandisiewaarde met verkryging van filiale.

Klandisiewaarde in filiale afgeskryf.

Oorskot van koste van belegging in filiale bo netto boekwaarde van onderliggende verkrygte bates, afgeskryf.

Dieselfde geld ten aansien van die balansstaat, waar dit op verskeie plekke en onder verskillende bewoordings getoon word, byvoorbeeld:

Patente, Handelsmerke, Dranklisensies en Klandisiewaarde

Klandisiewaarde verteenwoordig die netto oorskot van koste oor die betrokke boekwaarde van netto bates van filiale op datum van verkryging, min bedrae deur filiale afgeskryf

Klandisiewaarde (as laaste item van die vaste bates)

Belegging in dranklisensies teen kosprys min afskrywings. (Dit is seker nie ongeregverdig om te vermoed dat klandisiewaarde hierby ingesluit is nie.)

Premie met verkryging van aandele in beheerde filiaalmaatskappye

Klandisiewaarde teen kosprys min bedrae afgeskryf

Oorskot van koste van aandele in filiaal oor netto bates op datum van verkryging

Oorskot bo nominale waarde van aandele in filiaalmaatskappye

Klandisiewaarde (as eerste item van die vaste bates)

Klandisiewaarde (as laaste aftrekking van die aandeelhoudersfondse)

Klandisiewaarde by aankoop van filiaalmaatskappye. Die Netto Bate-  
waarde van x-maatskappy oorskry die gemiddelde kosprys vir y-maat-  
skappy (hier die betrokke beheermaatskappy) van aandele in x-maat-  
skappy met Rx. (Skynbaar is die boekwaardes nie aangesuiwer nie  
en word die nota as voldoende beskou om aan aandeelhouders die wete  
te gee dat die tasbare (?) bates verkry die koste in der waarheid  
oorskry.)

Onder die 100 finansiële state was daar enkeles waarop negatiewe klandisiewaarde aangedui is. In die balansstaat is dit onder andere onder die kapitale reserwes aangedui as:

Oorskot van netto bate waarde van filiaal verkry oor die koste van die aandele

Netto oorskot van boekwaarde van netto bates van nuut-verkrygde filiale oor die koste van die aandele

Dit is ook as 'n aparte (lääste) item, klandisiewaarde, ingesluit by die aandeelhoudersfondse.

In die Inkomstestaats verskyn dit onder andere net ná bedryfswins as:

Klandisiewaarde gerealiseer met verkoop van 'n gedeelte van 'n filiaalse aktiwiteite. Dit verskyn ook vóór wins na belasting as: Wins by verkope van klandisiewaarde ..... Rx.

Verskeie maatskappye skryf klandisiewaarde teen kapitaalreserwes af, byvoorbeeld as: Oorskot van koste van aandele in filiaalmaatskappye oor die boekwaarde van die netto bates op datum van verkryging.

Op een balansstaat verskyn die volgende bate:

Belang in Filiale: Min gedeelte daarvan verteenwoordigende die oorskot van kosprys van aandele bo die netto batewaardes op datum van verkryging .....Rx

In die geval van 'n groot aantal maatskappye is daar slegs 'n vermeerdering in klandisiewaarde, klaarblyklik as gevolg van nuwe oornames. Geen aanduiding van enige afskrywings van dié bedrae kon vasgestel word nie.

Enkele gevalle van sporadiese afskrywings is vasgestel. Waar daar teenoor 'n balansstaat-item, Klandisiewaarde na afskrywings, dieselfde bedrag as dié van die vorige jaar verskyn, is dit seker geregverdig om af te lei dat ook dáár enkelbedrae van tyd tot tyd afgeskryf word.

Een maatskappy toon 'n vermindering van R647 965 na R45 199 in klandisiewaarde. Geen aanduiding word gegee hoe met die verskil gehandel is nie.

Die netto bates het toegeneem van R16 046 862 na R19 312 213.

Die beleid om 'n vaste bedrag jaarliks af te skryf word ook gevolg. S6 delg een maatskappy sy totale klandisiewaarde, wat op 28 Februarie 1973 op R25 000 gestaan het, jaarliks met R10 000.

'n Maatskappy wat gedurende 'n besondere jaar R1 513 272 aan klandisie-waarde teen kapitale reserwe afgeskryf het, het gedurende die betrokke jaar 'n netto wins ná belasting van slegs R1 202 228 getoon. Op daardie stadium was die kapitale reserwe R5 miljoen sterk.

'n Afskrywing van klandisiewaarde ten bedrae van R2 792 605 op die Inkomstestaat van 'n maatskappy wat gedurende daardie jaar 'n wins vóór belasting van R4 426 470 gerealiseer het, is getoon net na die winssaldo oorbring vanaf die vorige jaar. In die verklarende nota staan: Die oorskot van die kosprys van die aandele oor die netto tasbare bates in filiale op die datum van verkryging. Gedurende die voorafgaande jaar het dié maatskappy R1 miljoen aan klandisiewaarde afgeskryf en die jaar tevore R500 000.

17. Slegs die belangrikste uitsprake en hulle outeurs, soos deur dié twee skrywers aangehaal, word hier gegee, sonder verdere bespreking.

### 1. Die pessimistiese beskouinge

#### 1.1 Vrees teenoor liefde

"It is much safer to be feared than loved . . . . For it may be said of men in general that they are ungrateful, voluble, dissemblers, anxious to avoid dangers, and covetous of gain." Machiavelli: 1515.

"And therefore if any two men desire the same thing, which nevertheless they cannot both enjoy, they become enemies." Hobbes: 1651.

#### 1.2 Oorlewing van die beste

H. Spencer, na aanleiding van Darwin se teorie oor die dier, gaan sover as om te verklaar dat net die beste rég het op oorlewing. Darwin

self het geglo dat die mens se swakheid juis aanleiding gee tot sy krag. Dit dwing hom naamlik tot samewerking.

### 1.3 Die onsigbare hand

Deur sy eie belang na te streef, bevorder die individu dié van die gemeenskap. Adam Smith: 1759.

### 1.4 Die drang na oorlewing

Volgens Freud word die mens gemotiveer deur ingebore instinkte en dryfvere, wat hy voortdurend probeer kalmeer op wyses wat in botsing is met die norme van die samelewing.

### 1.5 Vegter

"Man is a predator with an instinct to kill and a genetic cultural affinity for the weapon." R. Ardrey na aanleiding van opgrawings wat daarop dui dat wapens van die belangrikste besittings van die vroegste mense was.

### 1.6 Bestuurder en Onderhoriges

F.W. Taylor en sy skool het die volgende basiese aannames met betrekking tot die menslike natuur geformuleer:

- (1) Die werknemer is 'n konstante in die produksieproses. "Man has a fixed nature."
- (2) Die mens is 'n trae toebehore tot die masjien, onbevoeg en 'n morsjors tensy onder behoorlike bestuur.
- (3) Die werknemer is van nature lui. Net die bestuurders laat reg geskied aan harde werk.
- (4) Eiebelang, uitgedruk in ekonomiese waardes, is tipies van die werknemer.
- (5) Hierdie waarde-beskouing, reg benut, kan as aansporing dien tot sterk mededinging.
- (6) Die werknemer moet dus òf onder strenge toesig wees òf die

materiële wins moet die moeite werd wees.

## 2. Die optimistiese beskouinge

### 2.1 Sosiale instinkte en Rede

"Men by nature believe in goodness and welldoing, and abhor savagery and baseness." Cicero: 51 v.C.

"The state of nature has a law of nature to govern it, which obliges everyone; and reason, which is that law, teaches all mankind who will but consult it that, being all equal and independent, no one ought to harm another in his life, health, liberty, or possessions."  
Locke.

### 2.2 Samewerking en oorlewing

"All of man's natural inclinations are toward the development of goodness, toward the continuance of states of goodness and the discontinuance of unpleasant states." Montagu.

### 2.3 Die skoonblad-konsep

"The most beautiful as well as the most ugly inclinations of man are not a part of a fixed and biologically given human nature but result from the social process." Fromm.

### 2.4 Kulturele Bepaling

Hiervolgens hang die menslike potensiaaliteite in 'n groot mate af van die wil tot produktiwiteit wat die gemeenskap slaag om aan die mens tuis te bring.

### 2.5 Stuurman of Robot

Die mens is 'n stuurman en nie 'n robot nie. In plaas van behéermatreëls oor sy ingebore selfsug of selfs roofsug moet daar liewer metodes aangewend word wat die mens se potensiaal tot produktiewe samewerking ontgin.

## 2.6 Individu of omgewing

Mayo het betoog dat te veel klem op die individu as bron vir nie-same-werking en wanverhoudings tussen bestuur en werkers gelê is. Dit is die werkers as 'n groep wat reageer op die organisatoriese omgewing as geheel. Die mens is eerder slagoffer as vyand van sy omgewing.

## 2.7 Die gedragswetenskappe

In die jongste tyd is dit die gedragwetenskappe wat op die voorgrond tree in die studie van die mens, naamlik sosiologie, sielkunde, sosiale sielkunde en kulturele antropologie! (Hier plaaslik aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is dit veral die bedryfsielkundiges wat daarop aandring dat die personeel se waarde op die finansiële state aangetoon moet word. Hulle veronderstel dus klaarblyklik dat die personeel se waarde monetêr uitgedruk kan word.) So is daar Maslow se teorie van die behoefte-hiërargie as eienskap van die menslike natuur. "Given the assumption that a satisfied need does not motivate, man is seen as satisfying in ascending order the needs of hunger in an extended sense, safety, social affections, esteem and finally self-actualization or self-fulfilment." (36 bl. 68.) Hiervolgens word die uitdaging aan bestuur gestel om aan die werker die geleentheid te bied om in 'n gunstige werksklimaat te ontwikkel tot 'n mens wat sy eie doelwitte die beste bereik deur vir die sukses van die organisasie, waarvan hy 'n lid is, te werk. Hierdie doelwitte is op die oog af eerder goed of neutraal as sleg. "Mutual understanding, trust, self-esteem, openness, internal commitment, fully functioning human beings who aspire to excellence ..... these values can not only be protected, but indeed increased, in an industrial setting."

C. Argyris : 1962.

18. Johnson vertolk die Christelike leer en roeping as volg (33 bl. 83 - 91): Die mens, geskape na Gods beeld, het in sonde geval en bevat dus beide goed en sleg.

(1) Die goeie mens

Die heersersopdrag aan die mens gegee toon aan dat hy tot dié taak in staat is. Vertroue in sy medemens en 'n positiewe ingesteldheid op sy besondere talente en vermoëns bied 'n gesonde basis vir die besluitnemer. Vertroue in sy medemens spoor ook die mens aan tot groter begrip van die ander se standpunt, nietemin, sonder verkragting van die eie gewete.

(2) Die slegte mens

Die Christen weet egter ook dat sy medemens, soos hyself, geneig is tot sonde. In die suiwerste daad lê daar dikwels 'n diepliggende ewel ten grondslag.

(3) 'n Donker toekoms

Hierdie tweeslagtigheid van die mens het tot gevolg dat, ten spyte van die geweldige vordering op kennisgebied van die tegniek en die sosiale struktuur daar altyd konflikte, probleme en dwaasheid sal wees.

(4) Vergifnis

Die mens kan homself nie van sonde verlos nie. "The human dilemma .... calls not for a resolve but for a rescue." (Miller aangehaal deur Johnson, 33 bl. 87.) Die Christen glo dat Christus hom verlos het. Dit gee 'n nuwe dimensie aan die lewe: "... those who know that they are not good, who feel themselves in need of divine mercy, who live in a dimension deeper and higher than that of moral idealism, feel themselves as well as their fellow man convicted of sin by a holy God and know that the differences between the good man and bad man are insignificant in His sight." (Niebuhr aangehaal deur Johnson, 33 bl. 87.)

Johnson stel dat geloof en hoop op vergifnis aan die mens meerdere insig

bied byvoorbeeld wanneer hy voor twee ewe onaanvaarbare morele keuses te staan kom soos òf die afdanking van 'n deel van die personeel òf andersins die insolvensie van die saak en die daarmee gepaardgaande gevolge vir ál die betrokkenes.

19. In hierdie verband is die volgende woorde van P. d. B. Kock (39 bl. 89) van besondere betekenis: "Die plasing van die vermeende outonome, volstrek vrye mens in die sentrum van alle dinge, kom vir ons besef eintlik neer op 'n kultivering van die Paradyssonde."

20. So sou, volgens D.F.M. Strauss (63 bl. 58), die historiese materialisme van Marx die sosiaal-ekonomiese omstandighede as verklaringsbeginsel vir die res van die menslike samelewing gebruik.

21. Bemerck ons hier iets van die oer-botsing tussen eiewilligheid en gehoorsaamheid? Die eiewillige strewe na wins (winsmotief, rentabiliteit, eienaarskonsep, nominalistiese siening, vryheid) word gekortwiek deur die medemense (magsmotief, kapasiteit, entiteitskonsep, subtansialistiese siening, gehoorsaamheid). Lombard en Stadler (45 bl. 95) noem dit heeltemal tereg twee strewes. In die strewe na wins is die besit van mag 'n voorwaarde. Die aandag sal dus op albei gerig wees, want die een impliseer die ander.

22. Vir wie hy moet liefhê soos homself, maar, geoordeel aan sy optrede, eerder haat as liefhet. Deur sy optrede teenoor ander mense op homself terug te kaats, word die besluitnemer doeltreffend bewus gemaak van die gevolge wat dit waarskynlik sal hê.

23. Hiermee word nie 'n materialistiese ingesteldheid in die samelewing gepropageer nie. Daar word bloot aangetoon dat die ekonomiese aspek weerklank vind op elke terrein van die lewe. Hierdie feit word nog nie na

waarde erkenning gegee nie. Daardie waardes wat in terme van geld gemeet kan word, mag nooit deur 'n samelewing as die hoogste waardes gestel word nie. Die meetbaarheid van bepaalde bydraes wat deur individue gemaak word en die voordele wat hulle geniet mag egter nie geïgnoreer word nie. Dit kán as instrument gebruik word om die lewenstandaard te verhoog.

24. "Die sentraal-religieuse sin van skepping, sondeval en verlossing word verstaan deur diegene wat in die greep van die Heilige Gees en die Woord van God verkeer." (39 bl. 242.) "As positiewe reaksie hierop ontstaan die sekerheid van die geloof." (39 bl. 252.)

25 (a) Volgens Watson het William Farr (1853) die huidige waarde van die netto toekomstige verdienste aanbeveel. Watson meld dat die Elliot-Jaques-teorie van verdienste-progressie vandag van groot nut sal wees in so 'n berekening.

Dié Harvard Business Review het drie moontlikhede ondersoek, naamlik die historiese koste (koste van indiensneming, opleiding en ervaring), vervangingswaarde en geleentheidskoste van personeel (75 bl. 119.) D.F. Robinson bied 'n "human asset multiplier" aan (75 bl. 119). Die vergoeding betaal aan die verskillende grade werkers word vermenigvuldig met 'n faktor vir dié groep en die resultate bymekaar getel om die totale "human asset value" te kry. Hy kom dan met die interessante voorstel dat dié syfer met die klandisiewaarde van die saak vergelyk moet word, aangesien dit 'n deel daarvan uitmaak.

Watson kwoteer Flamholtz: "Accountants should report changes in such variables as employee satisfaction and motivation to management", en kom dan tot die gevolgtrekking: "The usual training of accountants does not fit them to do this". (75 bl. 120.)

Hierdie enkele voorbeelde toon dat dit nie onmoontlik is om 'n waarde vir

personeel te bereken nie. Verskeie meer gesofistikeerde tegnieke word deur Watson bespreek, onder andere dié van Flamholtz self wat besluitneming wil baseer op "trade-offs between human and other resources".

(75 bl. 119.)

Onses insiens behoort daar van drie verskillende waardes kennis geneem te word indien daar oorgegaan wil word tot die inbring van die waarde van personeel op die balansstaat, naamlik die poswaardering, die waarde van die posbekteër en die vergoeding wat aan en ten behoeve van die posbekteër bestee word.

Weinwurm is van mening dat die gekapitaliseerde salarisse van daardie persone wat direk bydra tot 'n saak se wins, soos bestuurders, op die state getoon behoort te word (76 bl. 32).

#### 25 (b) Pogings tot die waardasie van huurkontrakte

Scheepers kom in sy studie in verband met hierdie onderwerp tot die gevolgtrekking: "Onder bestaande rekeningkundige beginsels word verpligtings aangeteken wanneer dit aangegaan word. Die belangrikste vraag by verhuur is of 'n reg verkry word en of 'n verpligting binne die raamwerk van bestaande definisies aangegaan word. Die gevolgtrekking waartoe hierdie studie lei, is dat aan beide konsepte voldoen word en dat kapitalisasie die enigste wyse is waarop finansiële huur in die finansiële state opgeneem behoort te word." (57 bl. 165.) Hy het aangetoon dat geen wesenlike probleme ondervind behoort te word om hierdie gegewens in die state op te neem nie. Sy slotsom is dat die gebruikers van finansiële state by so 'n openbaarmaking behoort te baat en dat dit nou by die koördinerende liggame van rekenmeesters en ouditeure berus om die kapitalisasiegedagte in duidelike riglyne uit te spel.

Die nuwe benadering ten aansien van huurkontrakte is, volgens Weinwurm, 'n stap in die rigting om nuwe konsepte te ontwikkel. (76 bl. 33.) Diens-

kontrakte het 'n bepaalde ooreenkoms met huurkontrakte. Gesteun deur die APB het dit in onlangse jare redelik algemene gebruik geword om huurkontrakte te kapitaliseer en in die finansiële state te toon as 'n bate.

26. Gestel Maatskappy A, met 'n verdienste van R2 miljoen per jaar, verkry Maatskappy B. Laasgenoemde verdien tans R1 miljoen per jaar en daar is geen aanduidings van 'n besondere verbetering nie. A betaal R100 miljoen in kontant en in rentevrye skuldbriewe. So 'n transaksie sal normaalweg as 'n katastrofe vir A beskou word. Die daaropvolgende jaar se inkomste staat sal, in ooreenstemming met die aanbevelings van ARS 10, verhoogde winste van R3 miljoen toon. Die verdienste per aandeel, wat, volgens ARS 10, die modern-aanvaarde maatstaf is, toon 'n verbetering van vyftig persent. Die aandele van maatskappy A sal onmiddellik die hoogte in skiet. Die balansstaat sal wel 'n kapitaaltekort toon as gevolg van die afskrywing van klandisiewaarde teen kapitaal, maar "these days balance sheets are only 'post-closing trial balances' as far as investors are concerned." (52 bl. 841.)

27. Hulle bevindinge is as volg saamgevat:

Maatskappye met positiewe klandisiewaarde

Wat nie gedelg word nie	80
Wat gedelg word	31
Onmoontlik om vas te stel	<u>5</u>
Totale aantal maatskappye met positiewe klandisiewaarde	<u><u>116</u></u>

Maatskappye met negatiewe klandisiewaarde

Wat gedelg word	11
Onmoontlik om vas te stel	<u>2</u>
Totale aantal maatskappye met negatiewe klandisiewaarde	<u><u>13</u></u>

Gilbert vind dit interessant dat oor die algemeen die bestuur gewillig was om negatiewe klandisiewaarde te delg en sodoende winste groter te maak, maar nie bereid was om positiewe klandisiewaarde te delg, en sodoende

winste, reserves en bate kleiner te maak nie. Daarby gaan die delging van negatiewe klandisiewaarde sonder uitsondering deur die inkomsterekening terwyl die delging van positiewe klandisiewaarde selde op dié wyse geskied.

28. Manifes van vaste verbintnisse deur die regering en die belanghebbende private sektor organisasies van die Republiek van Suid-Afrika aangegaan ten einde 'n gesamentlike veldtog teen inflasie van stapel te stuur.

7.10.1975: bl. 27: "Geen prysverhoging moet deur enige firma wat nie aan prysbeheer onderhewig is nie, in werking gestel word slegs met die doel om sy peil van winsgewendheid te verhoog nie, tensy die betrokke firma op grond van geouditeerde state kan aantoon dat die rendement op sy totale aangewende kapitaal, voor betaling van belasting en rente op lenings, gedurende sy jongste boekjaar minder as 15 persent was."

Verderaan: " .. dat firmas wat nie aan prysbeheer onderhewig is nie .... toegelaat sal word om hulle pryse aan die begin van hulle volgende boekjaar te verhoog met die bedrag wat nodig is om hulle in staat te stel om 'n maksimum peil van winsgewendheid van 15 persent voor belasting en die betaling van rente gedurende daardie boekjaar te realiseer."

29. Lall verklaar: "In other cases, such write-off would mean creation of secret reserve, implying replacement of goodwill by tangible assets, by increasing liquid or current assets or purchasing fixed assets out of profits." (43 bl. 732.)

30. Die toename in die omvang van sakeondernemings het tot gevolg dat sakeondernemings al meer beskou word as instellings met 'n eie beeld. Die skepping en handhawing van 'n besondere beeld is sekerlik soms 'n groot deel van die saak se klandisiewaarde.

31. In die aandelemark is, volgens Kripke, netto waarde in der waarheid ingeboet en vervang met die waarde van gekapitaliseerde verdienste.

(40 bl. 714.)

32. Selfs Piaker sluit steeds "favorable location" in by klandisiewaarde. (52 bl. 841.) Onses insiens is dit darem uit-en-uit deel van die waarde van die perseel self.

33. Hy stel dit sō: "Accountants exist as a profession because society needs a group who are committed to 'telling it like it is' ".

34. "The best procedure to deal with the situation will probably be to review this residual balance from time to time, say once a year."

(76 bl. 34.)

"(Bowendien)", verklaar Spacek, "Goodwill lacks any continuity ..... it is based on an 'opinion value' continually redetermined by investors."

(61 bl. 158.)

35. Dat selfs 'n nuwe saak oor klandisiewaarde kan beskik; word deur Spacek uitdruklik in soveel woorde gesê wanneer hy verklaar: " .. goodwill is an amount established by investors in evaluating a present going business ..... or ..... a new business undertaking ..... before development costs are incurred". (61 bl. 156.) Hiermee word ons stelling in verband met die individualiteitstruktuurwaarde van die saak bevestig.

## AANGEHAALDE LITERATUUR

1. American Accounting Association, "Extension of Accounting Theory"; W.J. Bruns en D.T. de Coster (red.), *Accounting and its Behavioral Implications*, McGraw-Hill, New York, 1969.
2. American Institute of Certified Public Accountants, *Opinions of the Accounting Principles Board: 17*, New York, August 1970.
3. American Institute of Certified Public Accountants; G.R. Catlett en N.O. Olson (projekleiers), *Accounting Research Study 10 : Accounting for Goodwill*, New York, 1968.
4. American Institute of Certified Public Accountants, *Objectives of Financial Statements*, New York, October 1973.
5. Arthur Andersen and Company, *Accounting and Reporting Problems of the Accounting Profession*, 4th edition, August 1973.
6. Arthur Andersen and Company, *Objectives of Financial Statements for Business Enterprises*, 1972.
7. Bevis, D.J., "Comments of Donald J. Bevis", *Accounting Research Study 10 : Accounting for Goodwill*, American Institute of Certified Public Accountants, Inc., New York, 1968.
8. Brummet, R.L., Flamholtz, E.G. en Pyle, W.C., "Human Resource Measurement - A Challenge for Accountants"; W.J. Bruns en D.T. de Coster (red.), *Accounting and its Behavioral Implications*, McGraw-Hill, N.Y., 1969.
9. Bruns, W.J., "Accounting Information and Decision-making: Some Behavioral Hypotheses"; M. Schiff en A.Y. Lewin (red.), *Behavioral Aspects of Accounting*, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1974.
10. Carsberg, B.V., "The Contribution of P.D. Leake to the Theory of Goodwill Valuation", *Journal of Accounting Research*, Spring, 1966.
11. Carsberg, B.V., "On the Linear Programming Approach", *Journal of Accounting Research*, Autumn 1969.
12. Chambers, R.J., *Accounting Evaluation and Economic Behavior*, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1966.
13. Coetzee, M., *Die teorie en toepassings van die ekonomiese basismodel; 'n Literatuurstudie*, M.Com.-verhandeling, U.O.V.S., 1975.
14. Crowningshield, G.R. en Gorman, K.A., *Cost Accounting - Principles and Managerial Applications*, 3rd edition, Houghton Mifflin Co., Boston, 1974.
15. Defliese, P.L., "Comments of P.L. Defliese", *Accounting Research Studies 10: Accounting for Goodwill*, American Institute of Certified Public Accountants, New York, 1968.
16. Die Nasionale Raad van Geoktrooieerde Rekenmeesters, *Besprekingsverhandeling: Rekeningkunde vir Inflasie en ander Pryspeilveranderinge*, Byvoegsel tot *Die Suid-Afrikaanse Geoktrooieerde Rekenmeester*, Junie 1972.
17. Die Nasionale Raad van Geoktrooieerde Rekenmeesters, *Die waardering van Maatskappy aandele en ander Sakebelange*, Maart 1970.

18. Dooyeweerd, H., *A New Critique of Theoretical Thought*, Vol. 1, vertaal deur D.H. Freeman en W.S. Young; H.J. Paris, Amsterdam en The Presbyterian and Reformed Publishing Company, Philadelphia, 1953.
19. Eiteman, D.S., "Critical Problems in Accounting for Goodwill", *The Journal of Accountancy*, March 1971; herdruk in *The South African Chartered Accountant*, May 1972.
20. Eksteen, M.C., "Staatswetenskap in die Branding", *Op Al Sy Akkers* (red.: F. Wessels), Sacum Beperk, 1975.
21. Financial Mail Special Survey, "Top Companies", Byvoegsel tot *Financial Mail*, 27 April 1973.
22. Friedman, M., *Capitalism and Freedom*, The University of Chicago Press, Chicago, 1962 .
23. Gilbert, G. T., "Accounting for Goodwill - Anything Goes", *Canadian Chartered Accountant*; herdruk in *Die Suid-Afrikaanse Geoktrooieerde Rekenmeester*, Junie 1972.
24. Goldberg, L., *An Outline of Accounting*, 5th ed., The Law Book Co. Ltd., Melbourne, 1966.
25. Goudzwaard, B., *A Christian Political Option*, vertaal deur H. Praasma, Wedge Publishing Foundation, Toronto, 1972.
26. Gynther, R.S., "Accounting Concepts and Behavioral Hypotheses", *Behavioral Aspects of Accounting* (red.: M. Schiff en A.Y. Lewin), Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1974.
27. Gynther, R.S., "Some 'Conceptualizing' on Goodwill", *The Accounting Review*, April 1969.
28. Gunther, S.P., "Poolings -- Purchases -- Goodwill - A review of APB Opinions 16 and 17", *The New York Certified Public Accountant*, Jan. 1971.
29. Hawkins, D., "Behavioral Implications of generally accepted Accounting Principles", *California Management Review*, Winter 1969; herdruk in *Behavioral Aspects of Accounting* (red.: M. Schiff en A.Y. Lewin), Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1974.
30. Heiberg, P.J., "Perspektiewe van die Wysbegeerte van die Wetsidee vir 'n Christelike Filosofie van die Opvoeding", *Op Al Sy Akkers*, Sacum Beperk, 1975.
31. Hendriksen, E.S., *Accounting Theory*, Revised edition, Richard D. Irwin, Inc., Homewood, Illinois, 1970.
32. Holmes, O.W., *Studies in Accounting* (red.: W.T. Baxter), Law Book Co. Ltd., Sydney, 1950; aangehaal deur R.S. Gynther, "Accounting Concepts and Behavioral Hypotheses", *Behavioral Aspects of Accounting* (red.: M. Schiff en A.Y. Lewin), Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1974.
33. Johnson, H.L., "Can the Businessman apply Christianity?" *Harvard Business Review*, Sept./Oct. 1957; herdruk in *Accounting and its Behavioral Implications* (red.: W.J. Burns, D.T. de Coster), McGraw-Hill, New York, 1969.

34. Joubert, W.A., *Die Waarde en Waardevermindering van die duursame Produksiemiddel: 'n Kritiese Literatuurstudie*, Doktorale Proefskrif, Stellenbosch, 1971.
35. Kalsbeek, L., *De Wijsbegeerte der Wetsidee*, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1970.
36. Knowles, H.P. en Saxberg, B.O., "Human Relations and the Nature of Man", *Harvard Business Review*, March/April 1967; herdruk in *Accounting and its Behavioral Implications* (red.: W.J. Bruns, D.T. de Coster), McGraw-Hill, New York, 1969.
37. Kock, F.A., "Eiesoortigheid en Christelike Sending", *Op Al Sy Akkers*, Sacum Beperk, 1975.
38. Kock, P. de B., "Christelike Wysbegeerte, Antitese en Kommunikasie", *Op Al Sy Akkers*, Sacum Beperk, 1975.
39. Kock, P. de B., *Christelike Wysbegeerte - Inleiding*, Sacum Beperk, 1975.
40. Kripke, H., *A Case Study in the Relationship of Law and Accounting: Uniform Accounts, 1944*; aangehaal deur H. Kripke in *The Banking Law Journal*, Dec. 1961.
41. Kripke, H., "Comments of Homer Kripke"; *Accounting Research Study 10: Accounting for Goodwill*, AICPA, New York, 1968.
42. Kripke, H., "A Good Look at Goodwill in Corporate Acquisitions", *Banking Law Journal*, Dec. 1961.
43. Lall, R.M., "Conceptual Veracity of Goodwill", *Accountancy Ireland*, Aug. 1971.
- 43 (i). Langenhoven, H.P., "Verbruikers ly meeste onder inflasie", artikel in *Die Volksblad*, 28 November 1975.
44. Leake, P. D., *Commercial Goodwill*, 2nd edition, Sir Isaac Pitman and Sons, Ltd., London, 1930.
45. Lombard, J.A. en Stadler, J.J., *Die Ekonomiese Stelsel van Suid - Afrika*, H.A.U.M., Kaapstad.
46. *Manifes van Vaste Verbintenisse deur die Regering en die belanghebbende private sektor organisasies van die Republiek van Suid-Afrika aangegaan ten einde 'n gesamentlike veldtog teen inflasie van stapel te stuur*, 7 Oktober 1975.
47. Matz, A. en Curry, O.J., *Cost Accounting - Planning and Control*, 5th ed. (red.: M.F. Usry), South-Western Publishing Co., Cincinnati, Ohio, 1972.
48. May, G.O., "Business Combinations: an alternate view", *The Journal of Accountancy*, April 1957.
49. McLean, A.T., *Accounting for Business-Combinations and Goodwill*, Institute of Chartered Accountants of Scotland, 1972.
50. Morland, D.P., "Accounting for Goodwill", *The Accountant*, 13 March 1975.
51. Paton, W.A., "Comments of William A. Paton", *Accounting Research Study 10: Accounting for Goodwill*, AICPA, New York, 1968.

52. Piaker, P.M., "'Non-Accounting' for Goodwill - a Critical Analysis of Accounting Research Study No. 10", *The New York Certified Public Accountant*, Nov. 1969.
53. Rice, J.H., "Existentialism for the Businessman", *Accounting and its behavioral implications* (red.: W.J. Bruns, D.T. de Coster), McGraw-Hill, New York, 1969.
54. Rupert, A., Voorsittersrede, Rembrandt Groep Beperk, *Tegniek*, September 1975, bl. 8.
55. Samuelson, P.A., *Economics - An Introductory Analysis*, 6th ed., McGraw-Hill, New York, 1964.
56. Sandilands, F.E.P. (Chairman), *Report of the Inflation Accounting Committee*, Her Majesty's Stationery Office, London, Sept. 1975.
57. Scheepers, A.L., *Die Finansiële Implikasies van die Huur van Toerusting in vergelyking met die Aankoop daarvan*, M.Com.-verhandeling, U.O.V.S., 1974.
58. Schiff, M, "Accounting Tactics and the Theory of the Firm", *Journal of Accounting Research*, Spring 1966; herdruk in *Behavioral Aspects of Accounting* (red.: M.Schiff en A.Y. Lewin), Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1974.
59. Seidman, J.S., "Comments of J.S. Seidman", *Accounting Research Study 10: Accounting for Goodwill*, AICPA, New York, 1968.
60. Sorter, G.H. en Becker, S.W., "Corporate Personality as reflected in Accounting Decisions: Some Preliminary Findings", *Journal of Accounting Research*, Autumn 1964.
61. Spacek, L., "Comments of Leonard Spacek", *Accounting Research Study 10: Accounting for Goodwill*, AICPA, New York, 1968.
62. Spier, J.M., *Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte*, vertaal deur H.J. en D.F.M. Strauss, Sacum Beperk, 1972.
63. Strauss, D.F. M., *Wysbegeerte en Vakwetenskap*, Sacum Beperk, 1969.
64. Strauss, H.J., *Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys*, 2de druk, Sacum Beperk, 1969.
65. Strauss, H.J., "Die Ekonomiebegrip by Othmar Spann", *Phil.Ref.*, 2de kwartaal, 1939; aangehaal deur D.F.M. Strauss in *Wysbegeerte en Vakwetenskap*, bl. 112, Sacum Beperk, 1969.
66. Strauss, J.M., "Die Rekenmeester en Inflasie", *Volkshandel*, Nov. 1975.
67. Terreblanche, S.J., Radiorubriek: Ons en die Omgewing, 17 Nov. 1975.
68. The Joint Council of Chartered Accountants of South Africa, *The Valuation of Businesses, Shares and other Proprietary Interests*, 1959.
69. Van Aswegen, C.H.J., "'n Gesprek oor 'n Toring van Babel", rede aan die U.O.V.S. voorgedra op 23 September 1975. Publikasie van die U.O.V.S.
70. Van der Colf, A.P., "Die Skadukant van Détente", *Die Kerkbode*, 3 Des. 1975.

71. Van der Merwe, B. de V., "Volwassenheid as Opvoedingsdoel", *Op Al Sy Akkers*, Sacum Beperk, 1975.
72. Van der Walt, I.N.A., Ongepubliseerde skripsie getiteld: 'n *Onderzoek na die Waardering van Sakebelange en die Samestelling van Venootskappe aan die hand van enkele Operasionele Tegnieke*.
73. Van der Watt, L., "Die onlosmaaklike samehang tussen religieuse grondmotiewe, wysgerige grondidee en staatsleer", *Op Al Sy Akkers*, Sacum Beperk, 1975.
74. Viljoen, D.J., "Grondslag van Georganiseerde Afrikaanse Kultuur: 'n Branderkyk", *Op Al Sy Akkers*, Sacum Beperk, 1975.
75. Watson, T., "The Accountant's role in industrial relations - 11", *The Accountant's Magazine*, April 1974.
76. Weinwurm, E.H., "Modernizing the goodwill concept", *Management Accounting*, Dec. 1971.
77. Wixley, T., "Can Goodwill be set off against Share Premium?" *The South African Chartered Accountant*, Sept. 1974.
78. Wright, F.K., "Measuring Asset Services; a Linear Programming Approach", *Journal of Accountancy Research*, Autumn 1968.